# DIE SEKSUELE IN DIE AFRIKAANSE TIENERBOEK- 'N LESERKUNDIGE ONDERSOEK

Ulrica Eiselen, B.Bibl., H.O.D.(Skoolmediasentrumkunde)

Skripsie voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Bibliotecologiae in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof C.A. Lohann

Potchefstroom
1993

Let's talk about sex, Baby.
Let's talk about you and me
Let's talk about all the good things
    and the bad things that may be.
Let's talk about sex ...

---

Salt 'n' Pepa. Let's talk about sex. *The greatest hits,* Star CD 5865. FFRR Records. Teal.

Met dank aan God wat my die vermoë en die uithouvermoë gegee het om die werk te voltooi en genade om familie en vriende te behou.

Uca

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.

# INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: NAVORSINGSBEPLANNING
1 NAVORSINGSBEPLANNING
1.1 .Inleiding . . . . 1
1.2 .Probleemstelling . . . . 2
1.3 .Hipoteses . . . . 2
1.4 .Begripsbepaling . . . . 2
1.5 .Terreinafbakening . . . . 5
1.6 .Metodes van ondersoek . . . . 5
1.7 .Navorsingsplan . . . . 6
AFDELING B: TEORETIESE AGTERGRONDSTUDIE
2 INLEIDING
2.1 .Die tienerjare . . . . 8
2.2 .Seksualiteit . . . . 8
2.3 .Tienerlektuur . . . . 9
3 DIE TIENER
3.1 .Inleiding . . . . 11
3.2 .Ontwikkelingseienskappe en ontwikkelingstake . . . . 12
3.2.1 Fisieke ontwikkeling . . . . 12
3.2.1.1 Fisieke ontwikkelingseienskappe . . . . 12
3.2.1.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die fisieke . . . . 14
3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling . . . . 15
3.2.2.1 Kognitiewe ontwikkelingseienskappe . . . . 15
3.2.2.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die kognitiewe . . . . 16
3.2.3 Morele ontwikkeling . . . . 17
3.2.3.1 Morele ontwikkelingseienskappe . . . . 17
3.2.3.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die morele . . . . 18
3.2.4 Emosionele ontwikkeling . . . . 18
3.2.4.1 Emosionele ontwikkelingseienskappe . . . . 18
3.2.4.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die emosionele . . . . 19
3.2.5 Sosiale ontwikkeling . . . . 20
3.2.5.1 Sosiale ontwikkelingseienskappe . . . . 20
3.2.5.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die sosiale . . . . 22
3.3 .Tienerseksualiteit . . . . 23
3.3.1 Inleiding . . . . 23
3.3.2 Fisiologiese aspekte van tienerseksualiteit . . . . 25
3.3.3 Psigologiese aspekte van seksualiteit . . . . 25
3.3.3.1 Behoefte aan intimiteit . . . . 25
3.3.3.2 Die behoefte om te behoort . . . . 26

3.3.3.3 Behoefte aan dominering en onderskikking . . . . . . . . . . . . . . . . 26
3.3.3.4 Behoefte om nuuskierigheid te bevredig . . . . . . . . . . . . . . . . . . 26
3.3.3.5 Behoefte aan passie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 27
3.3.3.6 Behoefte aan identifikasie en nabootsing . . . . . . . . . . . . . . . . . .27
3.3.4 Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings . . . . . . . . . . . . . .27
3.3.5 Die nuwe houding teenoor seksuele gedrag . . . . . . . . . . . . . . . . .29
3.3.5.1 Morele kodes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .29
3.3.5.2 Intieme liefkosing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29
3.3.5.3 Buite-egtelike swangerskappe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .30
3.3.5.4 Masturbasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .30
3.3.5.5 Geslagsidentifikasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30
3.3.5.6 Homoseksualiteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31
3.4 .Inligtingsbehoeftes ten opsigte van die seksuele . . . . . . . . . . . . . . . . .31
3.4.1 Inligtingsbronne . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .31
3.4.2 Geslagsopvoeding en kennis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33
3.4.3 Watter inligting wil tieners hê? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .34
3.4.4 Voorstelle vir beter seksuele inligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35
3.5 .Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36
4 TIENERFIKSIE
4.1 .Eienskappe van tienerfiksie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37
4.1.1 Kompleksiteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .37
4.1.2 Uitgangspunt . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .37
4.1.3 Probleemoplossing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .38
4.1.4 Didaktiese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .38
4.1.5 Ruimte en tyd . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 38
4.1.6 Storielyn en gebeure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .38
4.1.7 Karakters en perspektief . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
4.1.8 Taalgebruik en skryfstyl . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .39
4.1.9 Temas . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .40
4.1.10 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
4.2 .Die uitwerking wat tienerfiksie mag hê . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41
4.2.1 Die invloed van lees . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41
4.2.2 Skrywers se standpunte oor die didaktiese aard van tienerfiksie . . . .42
4.2.3 Redes waarom tieners lees . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44
4.2.4 Wyses waarop tienerfiksie aan die ontspannings- en inligtings-
behoeftes kan voldoen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .45
4.2.4.1 Ontvlugting en ontspanning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .45
4.2.4.2 Inligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .46
4.2.5 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47

4.3 .Wat behoort in tienerfiksie voor te kom ten opsigte van die seksuele . . . . .47
4.3.1 Korrekte feite . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .48
4.3.2 Beskrywing van gevoel en emosies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48
4.3.3 Beskrywing van seksuele gedrag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .48
4.3.4 Onbevooroordeeldheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48
4.3.5 'n Wye leesspyskaart . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49
4.3.6 Realisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49
4.3.7 Samevatting van seksuele aspekte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50
AFDELING C: PRAKTIESE ONDERSOEK
5 ONDERSOEK NA DIE INHOUD VAN AFRIKAANSE TIENERBOEKE
5.1 .Opname van Afrikaanse tienerboeke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52
5.2 .Analise van Afrikaanse tienerfiksie om die behandeling van die seksuele te bepaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .53
5.3 .Resultate van die ondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 53
5.3.1 Voorkoms van seksuele aspekte in gelese tienerfiksie . . . . . . . . . . .53
5.3.2 Algemene indrukke oor die aspekte van die seksuele soos dit in Afrikaanse tienerfiksie voorkom . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 58
5.3.2.1 Voorkoms . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .59
5.3.2.2 Liggaamlike verandering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59
5.3.2.3 Geslagsrolidentifikasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .60
5.3.2.4 Hofmaakprosedure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .60
5.3.2.5 Liefkosings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 61
5.3.2.6 Ander seksuele aktiwiteite . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62
5.3.2.7 Afwykende seksuele gedrag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .62
5.3.2.8 Voorbehoedmiddels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62
5.3.2.9 Swangerskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .62
5.3.2.10 Seksueel oordraagbare siektes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63
5.3.2.11 Benamings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63
5.3.2.12 Morele kwessies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .63
5.3.2.13 Feitelike inligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .63
5.3.2.14 Emosionele aspekte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63
5.3.2.15 Onbevooroordeeldheid van skrywer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
5.3.2.16 Realisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .64
5.3.2.17 Erotiese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 65
5.3.2.18 Algemeen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 65
5.3.3 Aspekte wat geensins behandel word nie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 65
5.3.4 Verspreiding van die aspekte in die gelese tienerverhale . . . . . . . . . 66
5.3.5 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .68

6 BESPREKING VAN GESELEKTEERDE AFRIKAANSE TIENERBOEKE
6.1 .Keuse van die boeke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
6.2 .Aspekte van die seksuele as hooftema . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
6.2.1 *'n Pot vol winter.* Maretha Maartens. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
6.2.2 *Die keerpunt.* Maretha Maartens. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74
6.3 .Aspekte van die seksuele as newetema . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
6.3.1 *Daar is spore op die maan.* Eleanor Baker . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
6.3.2 *'n Uil op die voëlhok.* Marlene le Roux . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
6.4 .Eenmalige voorkoms van aspekte van die seksuele . . . . . . . . . . . . . . . . 82
6.4.1 *disse flippen stukkende wêreld dié, my ou.* Hans du Plessis . . . . . . 82
6.4.2 *'n Oog vir 'n pop.* Anita C. du Plessis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
6.4.3 *Die brose dans.* Junita Joubert. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
AFDELING D: SLOT
7 BEVINDINGS EN AANBEVELINGS
7.1 .Bevindings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84
7.2 .Aanbevelings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 87
7.3 .Slotopmerkings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 89
Summary . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 90
Aanhangsel 1: Kontrolelys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 92
Aanhangsel 2: Titellys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 93
Bibliografie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

## AFDELING A

# 1 NAVORSINGSBEPLANNING

## 1.1 Inleiding

In algemene tydskrifartikels en televisieprogramme word daar van tyd tot tyd bespiegel oor tieners (veral Afrikaanse tieners) se kennis/onkunde oor seks. Uit hierdie artikels blyk dit telkens dat hedendaagse tieners nie veel meer weet as hul voorgangers van 'n paar dekades gelede nie (Van der Merwe, 1990: 33) en dat min Afrikaanse ouers kans sien om met hul kinders oor seks te praat (Swanepoel, 1991: 80). Die standpunte wat tieners oor seks huldig en hul kennis daaroor (soos in die artikels weergegee) sou lagwekkend gewees het as dit nie, in die lig van die probleme wat dit kan veroorsaak, so tragies was nie.

Die gemeenskap se beskeidenheid oor seks in Afrikaanse tienerboeke het na vore getree met die publikasie van Maretha Maartens se *'n Pot Vol Winter* in 1989. Die sogenaamde "eksplisiete sekstoneel" het ouers, onderwysers, koerante en tydskrifte aan die gons gehad. Die groot verkope en die herdruk van die boek bevestig egter ook die belangstelling in en behoefte aan sulke werke.

Naas tieners se onkunde, word hulle in verskeie ontspanningsmedia soos tydskrifartikels, fiksie, rolprente en televisie met volwasse seksualiteit gekonfronteer. Die groot verskeidenheid en hoë frekwensie van laasgenoemde kan die onkundige tieners verwar. Hulle word in 'n posisie geplaas waar die media aan die een kant seksuele promiskuïteit en aktiwiteit aanmoedig (soms met wanvoorstellings en beperkte inligting), terwyl ouers, kerk en skool aan die ander kant waarskuwend (dikwels veroordelend) seksuele aktiwiteite ontmoedig.

Die onkunde en ontmoediging beperk egter nie seksuele aktiwiteit onder tieners nie. Selfs onder Afrikaanse tieners is seksuele aktiwiteit besig om toe te neem. Waar seksuele onkunde egter in die verlede gelei het tot onbeplande swangerskappe en verhoudingsprobleme, word dit vandag 'n saak van lewe en dood met die teenwoordigheid van VIGS. Die morele kwessie het nou ook 'n kwessie van oorlewing geword.

Dit wil voorkom of die seksuele in die Afrikaanse tienerlektuur, behalwe in 'n paar uitsonderingsgevalle, grotendeels geïgnoreer word of in 'n baie naïwe of didaktiese en moraliserende vorm voorkom. Afrikaanse tienerlektuur verskil ooglopend baie van oorsese Engelstalige tienerlektuur wat ook hier beskikbaar is. Vir tieners wat graag Engelse boeke lees en wat Engels magtig is, kan boeke uit albei taalgroepe in hul

leesbehoeftes voldoen. Die vraag ontstaan egter of daar in die behoefte van die tiener wat verkieslik in Afrikaans lees, voldoen word.

Die tema van hierdie navorsingstuk is gekies om die probleme wat kortliks hierbo uitgelig is, te ondersoek. 'n Leserkundige ondersoek word gedoen na die behoeftes van Afrikaanse tienerlesers ten opsigte van inligting oor die seksuele, die wyse waarop dit in Afrikaanse tienerboeke voorkom, asook die standpunte daaroor wat deur die boeke oorgedra word.

## 1.2 Probleemstelling

Vraagstukke wat rondom hierdie tema ondersoek word is die volgende:

- Eerstens, is daar Afrikaanse tienerboeke wat die seksuele aanraak en indien wel, watter plek neem dit in die Afrikaanse tienerfiksie in?
- Tweedens, op watter wyse en watter fasette van die seksuele word in daardie boeke bespreek of beskryf?
- Derdens, wat bied dit die tienerlesers en in watter mate voldoen dit aan hul behoeftes?

## 1.3 Hipoteses

Die doelstellings wat in hierdie navorsing nagestreef word kan in die volgende hipoteses saamgevat word:

- Die Afrikaanse tiener het 'n behoefte aan 'n wye verskeidenheid inligting oor alle aspekte van die seksuele.
- Tienerfiksie kan 'n goeie bron wees vir die verkryging van inligting oor die seksuele.
- In die bestaande Afrikaanse tienerfiksie is daar 'n leemte ten opsigte van die seksuele onderwerpe wat aangeraak word en die wyse waarop dit behandel word. Dit hou gevolglik nie tred met die behoeftes van die hedendaagse tieners nie.

## 1.4 Begripsbepaling

Die begrippe wat volg word verduidelik om die spesifieke betekenis wat in hierdie navorsingstuk daaraan geheg word, te stel.

1.4.1 Die seksuele

Alhoewel seks en die seksuele in die omgangstaal meestal slegs die seksdaad en verwante handelings soos soen en liefkosings insluit, sluit die begrip in hierdie navorsing al die aspekte van menslike seksualiteit en seksuele gedrag in soos wat dit uit die onderstaande definisies afgelei kan word..

Plug en andere (1986: 317) sluit onder "seksueel" en "seksuele gedrag" die volgende in: alle gedrag, gevoelens en emosies wat verband hou met die seksdrang, geslagsorgane en ander erogene sones; voortplanting; masturbasie; hetero- en homoseksuele verhoudings en koïtus.

Gerard (1984: 163) sê dat die seksuele meer is as die seksdaad en seksuele stimulering: dit behels dit wat die mens doen en dit wat die mens is. Hy beskryf "human sexuality" as die volle spektrum vanaf basiese fisiologiese verskille tussen manlik en vroulik, geslagsgedifferensieerde persoonlikheids- en gedragseienskappe en geslagsrolidentifikasie, tot openlike en verskuilde seksuele gedrag.

Hierdie twee definisies dui duidelik aan dat alle aspekte van seksualiteit, alle gedrag (bewustelik en onbewustelik), alle handelings (aanvaarde en afwykende) en die emosies wat verband hou met menslike seksualiteit, by hierdie begrip ingesluit moet word.

1.4.2 Die tiener

Uit die literatuur is dit duidelik dat hierdie fase in die ontwikkeling van die mens moeilik vasstelbare grense het. Skrywers gebruik onderskeidelik chronologiese ouderdom, skooljaar of ontwikkelingsvlak om te poog om die groep af te baken. Dit is egter moeilik om presiese grense vas te stel aangesien elke individu teen 'n unieke tempo ontwikkel.

Skrywers op die gebied van tienerlektuur poog om naastenby, binne bepaalde grense, 'n ouderdom aan tienerlesers te koppel: Carlsen (1967: 25-29) beskou 11-18 jariges as tienerlesers; Snyman (1987: iv) beskou 12-18 jariges as tieners en Smit (1986: 2) noem 13-18 jariges sogenaamde "jeugdiges".

Sielkundiges soos Boshoff (1976: 18) beskou adolessensie as 'n tydperk van ontwikkeling tussen kindwees en volwassenheid. Donelson & Nilsen (1989: 13) sê selfs dat dit die tydperk is wanneer tieners self dink dat hulle volwassenes is en volwassenes dink dat hulle nog kinders is!

Adolessensie begin beslis vir die individu met die aanvang van puberteit. Volgens Monteith (1988a: 16-17) is dit ongeveer op 11-13 jarige ouderdom vir dogters en 13-

15 jarige ouderdom vir seuns. Hierdie ouderdomsgrense verskuif egter met verloop van tyd na 'n vroeër ouderdom.

Die einde van adolessensie is nog moeiliker bepaalbaar as die aanvang omdat dit aan die bemeestering van ontwikkelingstake gekoppel word en omdat dit by elke individu verskil en nie gekoppel is aan uiterlik waarneembare kenmerke nie.

Die tieners wat in hierdie navorsingstuk ondersoek is, sluit jeugdiges in vanaf die aanvang van puberteit (ongeveer 11 jaar) tot ongeveer 16 jaar en ook tieners vanaf die stadium dat hulle 'n persoonlike belangstelling in die seksuele vertoon. Ouer tieners of jong volwassenes word uitgesluit omdat hulle reeds van volwassene lektuur gebruik kan maak om in hulle behoeftes te voorsien.

Die begrip "tiener" word in hierdie navorsing verkies om die verwarring wat ander begrippe kan meebring uit te skakel. Die term "adolessent" word ook gebruik, maar slegs in die gedeelte waar die sielkundige ontwikkelingseienskappe behandel word.

Die onderstaande begrippe word almal in die literatuur aangetref, maar met wyduiteenlopende betekenisse en daarom word "tiener" verkies. Smit (1986: 2), Snyman (1988: iv) en Ghesquiere (1982: 10-11) gebruik die begrip "jeugdige", maar vir verskillende ouderdomsgroepe. Die term is ook te vaag omlyn en kan enigeen tussen die ouderdomme van 8 tot 22 jaar insluit. "Adolessent" word meestal net in die sielkunde gebruik en die Amerikaanse skrywers is van mening dat dié begrip, asook "teenager" vir tieners negatiewe konnotasies inhou en daarom gebruik hulle die begrip "jong volwassene" (Donelson & Nilsen, 1989: 12-13). In die Suid-Afrikaanse konteks word die jong volwassene egter eerder gesien as 'n ouer adolessent of jongmens wat reeds die skool verlaat het. Gevolglik sal hierdie begrip vir hierdie studie ook nie deug nie.

Die begrip "tiener" kan ook met gemak gebruik word in terminologie soos "tienereienskappe", "tienerroman", "tienerboek" en "tienerfiksie".

1.4.3 Tienerboeke

Tienerlektuur is volgens Holland (1975: 407) dit wat tieners op 'n gegewe oomblik lees. Volgens Donelson en Nilsen (1989: 13) is dit boeke wat tieners uit eie keuse lees. Hierdie stellings is egter baie wyd en kan feitlik enigiets insluit, ook volwassene lektuur. Ghesquiere (1982: 10) beperk tienerlektuur tot tekste geskryf deur tieners of vir tieners of tekste wat veral deur tieners gelees word.

Carlsen (1967: 45) en Van der Westhuizen (1989: 7) se uitgangspunt dat tienerlektuur werke is wat geskryf is met die tienerleser in gedagte, tref 'n duideliker onderskeid tussen kinder-, tiener en volwassene lektuur en word in hierdie navorsingstuk as definisie verkies.

In hierdie navorsing word tienerfiksie uitgesonder as 'n gedeelte van tienerlektuur. Tienerfiksie sluit fiktiewe, verhalende lektuur soos avontuurverhale, romans, ensovoorts in, maar vaklektuur (feitelike of wetenskaplike vakboeke) uit. Die "tienerboek" is die begrip wat in die volksmond meestal gebruik word vir tienerfiksie. In hierdie studie word die begrippe "tienerboek" en "tienerfiksie" afwisselend as sinonieme gebruik.

## 1.5 Terreinafbakening

Die ondersoek is beperk tot tienerfiksie wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is om die omvang van die ondersoek te beperk. Baie Afrikaanse tieners verkies om fiksie in hul moedertaal te lees en lees nie graag Engels nie, dikwels vanweë 'n swak taalvermoë. Daar kom 'n wye verskeidenheid aanbiedings van die seksuele in Britse en Amerikaanse tienerfiksie voor en die vraag word hier ondersoek of iets soorgelyks ook vir Afrikaanse tieners aangebied word. Daar word baie werke uit ander tale in Afrikaans vertaal, maar die tendense wat in die oorspronklike Afrikaanse werke waargeneem word, behoort ook op die vertaalde werke toegepas te kan word, aangesien die uitgewers gewoonlik soortgelyke werke as dié wat hulle in Afrikaans uitgee, laat vertaal.

Tienerfiksie word beperk tot fiksie wat vir tieners vanaf 10-16 jaar geskik is. Dit word verwag dat die seksuele in leesstof vir 'n jonger groep 'n baie meer ondergeskikte rol sal speel aangesien seksuele rypwording nog nie 'n belangrike deel van sulke kinders se ontwikkeling vorm nie. Tieners wat ouer as 16 is, is dikwels reeds volwasse genoeg om boeke vir volwassenes te lees indien tienerboeke nie in hul behoeftes voorsien nie.

Slegs tienerfiksie wat vanaf 1985 tot 1991 gepubliseer is, word bestudeer. As gevolg daarvan dat tieners graag dit lees wat hulle as "modern" en "jonk" beskou, sal hulle boeke wat vroeër gepubliseer is, maklik as verouderd of "outyds" beskou. Dit dien verder ook om die ondersoekterrein af te baken terwyl dit 'n verteenwoordigende hoeveelheid titels opgelewer het.

## 1.6 Metodes van ondersoek

Aanvanklik word 'n literatuurstudie gedoen om te bepaal wat die eienskappe en behoeftes van die tiener is, met die klem op die seksuele. Die kenmerke van tienerlektuur en die invloed wat dit op die leser kan hê, word ook op hierdie wyse bepaal.

Tweedens word 'n opname gemaak van oorspronklike Afrikaanse tienerfiksie wat sedert 1985 gepubliseer is om 'n verteenwoordigende lys van tienerfiksie te verkry waaruit bepaal kan word watter aspekte van die seksuele almal behandel word.

Vervolgens word die analitiese metode gebruik om vas te stel watter aspekte van die seksuele in elkeen van hierdie boeke voorkom en watter nie; en om individuele boeke wat die seksuele as tema het of wat uitsonderlike aspekte daarvan aanraak, te selekteer en leserkundig te ontleed.

### 1.7 Navorsingsplan

Na die uiteensetting van die doelstelling en hipoteses in Hoofstuk 1, volg Afdeling B wat begin met 'n kort inleidende gedeelte wat die tienerjare en seksualiteit in die hedendaagse konteks plaas (Hoofstuk 2).

In Hoofstuk 3 word die belangrikste ontwikkelingseienskappe en -take van tieners (veral ook die Afrikaanse tiener) behandel soos dit algemeen in die literatuur deur sielkundiges en psigo-opvoedkundiges gehanteer word. Hieruit word afgelei watter belangrike rol die seksuele in tieners se lewens speel en watter inligtingsbehoeftes hulle daaroor het. Die verskillende aspekte van tienerseksualiteit word in hierdie bespreking uitgelig.

Hoofstuk 4 behandel die eienskappe waaraan tienerfiksie behoort te voldoen volgens Suid-Afrikaanse en buitelandse standpunte.Hoewel tienerfiksie as aparte genre betreklik nuut in die Afrikaanse letterkunde is, geniet dit oorsee reeds 'n aantal dekades lank aansien. Die vereistes vir tienerlektuur wat dáár reeds geïdentifiseer is, kan hier ook toegepas word.

Die invloed wat tienerfiksie moontlik op tieners mag hê word vervolgens ondersoek om vas te stel of dit enigsins sinvol is om die seksuele in tienerfiksie aan te spreek. Ter afsluiting van Afdeling B word 'n lys saamgestel van seksuele aspekte wat in tienerboeke behoort voor te kom, na aanleiding van die inligtingsbehoeftes wat tieners het en die eienskappe waaraan tienerlektuur behoort te voldoen (Aanhangsel 1: Kontrolelys).

Afdeling C behels die praktiese ondersoek na die Afrikaanse tienerfiksie wat sedert 1985 tot 1991 gepubliseer is. Eerstens word 'n lys van tienerboeke saamgestel (Aanhangsel 2) wat dan volgens die kontrolelys (opgestel in Hoofstuk 4) geanaliseer word om te bepaal watter aspekte van die seksuele in Afrikaanse tienerboeke voorkom. Hierdie analises word in Hoofstuk 5 in tabelvorm weergegee en bespreek. Daarna word in Hoofstuk 6 spesifieke boeke waarin uitsonderlike onderwerpe of beskrywings voorkom, leserkundig beoordeel en ontleed.

Die bevindings word in Afdeling D bespreek en vergelyk met die behoeftes wat in Hoofstuk 3 en 4 uitgelig is om vas te stel in watter mate Afrikaanse tienerboeke aan hierdie behoeftes voldoen en watter leemtes daar bestaan. Laastens word daar sekere aanbevelings gemaak na aanleiding van die leemtes wat uitgewys is wat vir bibliotekarisse, skrywers en uitgewers van nut kan wees.

## AFDELING B: TEORETIESE AGTERGRONDSTUDIE

## 2 INLEIDING

### 2.1 Die tienerjare

Deur die eeue heen was daar nog altyd 'n verskil tussen kind en volwassene en was puberteit (die stadium waarin seksuele volwassenheid bereik word) die universele verskynsel wat die grens tussen kindwees en volwassenheid gevorm het. Die verskynsel van adolessensie het egter in die Westerse wêreld eers na die Industriële Revolusie begin ontwikkel. Die eerste navorsing oor die psigologie van adolessensie is eers in 1904 gepubliseer (Monteith, 1988a: 19).

In primitiewe samelewings ontvang kinders soos hulle ouer word, stelselmatig meer verantwoordelikhede in die gemeenskap. Met die aanbreek van die puberteit word hulle deur 'n kort inisiasieproses ingelyf in die volwasse lewe en daar is gevolglik nie 'n lang oorgangstydperk tussen kindwees en volwassenheid nie.

In die geïndustrialiseerde en verstedelikende Westerse samelewing verg die volwasse lewe egter soveel van die individu dat 'n periode van voorbereiding noodsaaklik is. Toenemende spesialisasie en groter eise in die arbeidsmark, onder andere, vereis 'n langer voorbereidingsperiode (primêre, sekondêre en selfs tersiêre opleiding). Geslagsrypheid beteken dus nie meer dat tieners ten volle daartoe in staat is om die verantwoordelikhede van volwassenes te dra nie en dit het die ontstaan van die sogenaamde tydperk van adolessensie tot gevolg gehad (Donelson & Nilsen, 1989: 2).

Hoe komplekser die samelewing is waarin volwassenes moet funksioneer, hoe langer duur die tydperk van adolessensie ook. Daarmee saam is geslagsrypheid besig om te vervroeg, terwyl die eise aan volwassenes besig is om toe te neem. Daarom word daar deesdae van 'n verlengde adolessensie gepraat (Monteith 1988a: 16-18). Die tienerjare word dus nie net gesien as 'n fisiese oorgangsfase nie, maar as 'n "opleidingsfase" vir 'n komplekse volwasse lewe.

### 2.2 Seksualiteit

Seksuele emansipasie het na die Viktoriaanse tydperk stelselmatig uitgebrei en na die Tweede Wêreldoorlog selfs nog vinniger plaasgevind (Van Vaerenbergh, 1983: 13). Daar is baie meer openheid oor seks in gesprekke en tydskrifartikels, en in die teater en fiksie kom dit al meer dikwels en meer eksplisiet voor. 'n Groot verskeidenheid standpunte oor seksualiteit word in die hedendaagse samelewing

aangetref: vanaf diegene wat die seksuele as bloot biologiese voortplanting ag, tot diegene vir wie geen taboes mag geld nie.

In 'n samelewing waarin daar vryeliker oor seks gepraat word en meer seksualiteit in ontspanningsmedia voorkom, is dit onvermydelik dat tieners in 'n toenemende mate met seksuele vraagstukke in aanraking sal kom. Uit verskeie navorsingsverslae blyk dit ook dat tieners seksueel meer aktief is, tienerswangerskappe toeneem en dat die gevare van seksueel oordraagbare siektes dramaties verhoog (De Wit & Van der Veer, 1987: 155-158).

Al is daar 'n groter openheid oor die seksuele is dit tog duidelik uit onlangse algemene tydskrifartikels, soos dié van Van der Merwe (1990: 32-34) en Swanepoel (1991: 80-82), dat tieners nie genoeg van die onderwerp weet nie.

## 2.3 Tienerlektuur

Tienerlektuur is 'n genre wat ook eers redelik onlangs werklik ontwikkel het. Soos die idee van 'n adolessente ontwikkelingsfase gegroei het, het die behoefte ontstaan aan 'n verhaalsoort wat aanklank kan vind by hierdie groter wordende deel van die bevolking. Dit is eers teen die tweede helfte van die twintigste eeu dat die begrippe tienerfiksie, tienerboek, ensovoorts bekend begin word het (Ray, 1977: 47-54).

Tienerfiksie het aanvanklik bestaan uit baie ligte verhale en was dikwels ook prekerig of swak geskryf. Vanaf die sestigerjare het die algemene literêre kwaliteit van tienerboeke egter aansienlik verbeter en in die buiteland word daar tans dieselfde wye spektrum goeie en swak boeke wat oor enige onderwerp handel vir tieners net soos vir volwassenes gepubliseer (Donelson & Nilsen, 1989: 13-16).

Tienerlektuur word geskryf met die tiener in gedagte. Dit handel oor onderwerpe wat hulle behoort te interesseer en is in 'n styl geskryf wat in hul smaak behoort te val. Soos wat die seksuele meer aandag geniet in ander tipes fiksie kom dit ook meer in tienerlektuur na vore, veral ook omdat dit so nou by hulle ontwikkelingseienskappe en -behoeftes aansluit.

Alhoewel tieners in staat is om volwassene lektuur te lees (en dit ook heel dikwels doen) is hulle vanweë hulle gebrekkige lewenservaring nie altyd in staat om die volwasse emosies daarin te begryp nie; kan hulle nie altyd onderskei tussen positiewe en negatiewe invloede nie en kan hulle nie die gevolge op dade voorsien, soos 'n volwassene nie. In sulke gevalle kan die boek wat vir volwassenes bedoel is, by tieners verwarring saai of 'n foutiewe of negatiewe boodskap aan die onvolwasse lesers oordra.

Om 'n deeglike ondersoek oor die seksuele elemente in die Afrikaanse tienerfiksie te kan doen, is dit noodsaaklik om 'n volledige beeld van die tiener en sy ontwikkelingseienskappe te verkry. Die klem word veral op die rol van die seksuele in die ontwikkelingseienskappe geplaas. Daarna word die kenmerke en invloed van tienerfiksie ondersoek om te kan bepaal in watter mate dit voldoen aan die inligtings- en ontspanningsbehoeftes van tieners, veral met die fokus op hulle seksuele behoeftes.

# 3 DIE TIENER

## 3.1 Inleiding

Die volgende aangeleenthede moet in gedagte gehou word wanneer 'n mens 'n volledige beeld van die tiener probeer verkry.

Eerstens moet die uiteenlopende menings van sielkundiges oor die tiener in ag geneem word. Die verskillende beskouings oor die wese van die tiener word grootliks bepaal deur die spesifieke sielkundige se teoretiese uitgangspunte. Elkeen van hierdie teorieë lê klem op 'n verskillende aspek, byvoorbeeld op die biologiese (soos Hall), die psigo-analitiese (soos Freud), die sosiologiese (soos Bandura en Walters), of selfs die antropologiese (soos Mead). Monteith (1988a: 18-28) sê dan ook tereg dat elkeen van hierdie benaderings slegs 'n gedeeltelike beeld van die tiener gee. Om die tiener se ontwikkeling te verstaan, moet dit uit verskeie hoeke (byvoorbeeld die biologiese, psigologiese en sosiale) benader word.

Tweedens, moet die aanvang en afsluiting van die tienerfase in gedagte gehou word. Tieners se ontwikkeling begin met die aanbreek van die puberteit, 'n fisiese volwassewordingsproses waartydens geslagsrypheid bereik word. Benewens die ontwikkelingseienskappe wat die tiener openbaar, is daar sekere ontwikkelingstake wat die tiener moet bemeester om aan die eise van volwassenheid te voldoen. Aangesien volwassenheid nie bereik word sodra die liggaam volwasse is nie, kan die einde van die tienerfase moeilik bepaal word. Die begin van die tienerfase kan duideliker in die individu waargeneem word, maar die voltooiing daarvan (bemeestering van die ontwikkelingstake) is moeiliker waarneembaar.

Derdens, moet die navorser in gedagte hou dat verskeie faktore (byvoorbeeld oorerflike, sielkundige en maatskaplike faktore) 'n invloed op die ontwikkeling van die individuele tiener het. Dit bepaal die tempo en rigting van die ontwikkeling. Sommige tieners is op 'n vroeë ouderdom reeds fisiologies volwasse terwyl ander eers later ontwikkel. Emosionele ontwikkeling vind ook nie noodwendig teen dieselfde pas as die fisiese ontwikkeling plaas nie.

Laastens moet in ag geneem word dat die tiener aan die begin van die ontwikkelingsfase hemelsbreed verskil van die tiener aan die einde van die fase. Jong tieners is feitlik nog kind, terwyl die ouer tieners in die meeste opsigte reeds volwasse is.

Le Roux (1986: 31) beklemtoon hierdie verskille tussen individue en benadruk dat die leesleier hieraan aandag moet skenk. Sy sê verder ook tereg dat die ontwikkelingseienskappe die enigste gemene deler is wat by alle tieners voorkom, al

vind elkeen sy eie tempo daarmee. Daarom is dit belangrik dat diegene wat tienerlektuur bestudeer, deeglik daarvan bewus moet wees. Brunner (1979: 73-97) en Donelson en Nilsen (1989: 3-11) oordeel almal dat 'n leserkundige slegs goeie werk kan lewer indien daar behoorlik kennis gedra word van die sielkundige, fisiese en emosionele eienskappe van die tiener. Ander bekende leserkundiges soos Ghesquiere, Lohann en Steenberg maak ook vryelik van die werk van ontwikkelingsielkundiges gebruik.

Vervolgens word die fisiese, kognitiewe, morele, emosionele en sosiale ontwikkelingseienskappe van die tiener bespreek. Daarmee saam word die ontwikkelingstake wat bemeester moet word uiteengesit met die klem op die aspekte wat vir die seksuele volwassewording van belang is. Aangesien dit egter buite die bestek van hierdie studie val om 'n beoordeling van die uiteenlopende sielkundige teorieë te maak, word die kenmerke en ontwikkelingstake soos die opvoedkundiges Monteith e.a. (1988a) en die sielkundiges Thom (1990) en Hurlock (1980) dit saamvat as uitgangspunt gebruik. Hierdie skrywers se standpunte geniet wye wetenskaplike aanhang en daarby skryf Monteith e.a. en Thom spesifiek oor Suid-Afrikaanse tieners.

## 3.2 Ontwikkelingseienskappe en ontwikkelingstake

Ontwikkelingseienskappe is daardie kenmerke wat tieners as 'n groep toon en wat hulle onderskei van ander ouderdomsgroepe. Die ontwikkelingstake is die samelewingsvaardighede wat tieners moet verwerf of bemeester voordat hulle deur die gemeenskap as volwassenes beskou kan word.

Dit is vir die doel van hierdie skripsie nie nodig om op die detail van die ontwikkelingseienskappe en -take in te gaan nie. Slegs die algemene uitgangspunte word genoem om hierdie profiel van die adolessent volledig daar te stel. Hierdie uiteensetting is noodsaaklik om die vervlegtheid met en belangrikheid van tienerseksualiteit in al die ontwikkelingseienskappe en -take te beklemtoon.

### 3.2.1 Fisieke ontwikkeling

#### 3.2.1.1 Fisieke ontwikkelingseienskappe

Die fisieke veranderings wat gedurende adolessensie plaasvind is sekerlik die radikaalste van alle liggaamlike veranderings wat in die mens se lewe plaasvind. Die individu verander in 'n kort tydjie vanaf 'n kind na 'n volwassene van 'n spesifieke geslag. Hormonale vrystellings aktiveer lengtegroei, spiergroei, geslagskenmerke en geslagtelike rypwording. Sodoende word die biologiese rypwordingsproses voltooi (Hurlock, 1980: 227).

'n Toename in lengte en gewig, spierontwikkeling en daarmee saam 'n toename in krag vind plaas (Postma, 1988a: 54). By dogters vind die aanvanklike versnelde groei ongeveer twee jaar (op 10-11 jaar) voor seuns (op 12-13 jaar) plaas, maar wanneer seuns dié periode bereik, haal hulle die dogters vinnig in en word hulle oor die algemeen ook langer as dogters. (Postma, 1988a: 53) Hierdie groeifase word verder gekenmerk deur die oneweredige groei van liggaamsdele. Die bene, hande, voete en kop groei vinniger en gee aan die tiener 'n lomp voorkoms. Die res van die liggaam groei egter gou daarna en die balans word herstel (Thom, 1990: 402).

Die mees dramatiese veranderings op die fisieke gebied is egter die inwendige en uitwendige geslagtelike veranderings en rypwording. Primêre en sekondêre geslagskenmerke ontwikkel by seuns en dogters ongeveer tussen 11 en 15 jaar (Thom, 1990: 401). Hoewel daar variasies in die groeitempo by individue voorkom, bly die volgorde van ontwikkeling dieselfde. By seuns groei die uitwendige en inwendige geslagsorgane en liggaamshare (byvoorbeeld pubishare en baard) en die stem breek. By dogters ontwikkel die borste, liggaamshare groei (byvoorbeeld pubishare en okselhare) en geslagsorgane groei. Hierdie ontwikkelings word met verwondering, trots, vreugde, maar soms ook met skaamte en skok deur die adolessent ervaar.

Menstruasie wat by dogters 'n aanvang neem en die eerste saadstorting (semenarge) by seuns dui vir die tiener aan dat geslagsrypheid bereik is. (Postma, 1988a: 63) Dit kan met trots beleef word indien tieners daarop voorbereid is, of met skok as dit onverwags met hulle gebeur. Seksuele rypwording trek finaal die skeidslyn tussen kind en volwassene.

Soos in alle ander ouderdomsgroepe vind die fisieke veranderings nie by alle lede van die groep op dieselfde tydstip of ewe vinnig plaas nie. By adolessente is hierdie verskille egter meer opmerklik omdat die fisieke veranderings so groot is. Vroeë of laat ontwikkeling het 'n definitiewe invloed op die tiener se algemene ontwikkeling. Postma (1988a: 59-61) en Thom (1990: 404-405) noem onder andere die volgende voordele en nadele hiervan:

Vroeë ontwikkeling hou voordele in vir seuns en dogters. Hulle verkry 'n hoër status onder hulle tydgenote en volwassenes. Dit stel hulle in staat om in hulle portuurgroep die leiding te neem en gouer soos volwassenes behandel te word. Oor die algemeen het hulle ook 'n beter selfbeeld en meer selfbeheer. Hulle neem ook gouer deel aan heteroseksuele verhoudings. Aan die ander kant hou vroeë ontwikkeling ook sekere nadele in aangesien die adolessent meer verantwoordelikheid moet dra en kindwees gouer moet agterlaat. Die dogter kan ook in heteroseksuele verhoudings beland waarvoor sy nog nie emosioneel ryp is nie.

Laat ontwikkeling het die voordeel dat tieners tyd gegun word om aan te pas by hulle nuwe omstandighede. Aan die teenkant kan hul selfbeeld daaronder ly omdat hulle nie meer by die portuurgroep inpas nie (Postma, 1988a: 60; De Wit & Van der Veer, 1987: 61).

Die tempo van ontwikkeling verskil ook tussen seuns en dogters. Dogters ontwikkel gewoonlik vroeër en vinniger as seuns. Postma (1988a: 58) sê ook die fisiese verskil tussen die geslagte veroorsaak dat seuns en dogters van dieselfde ouderdomsgroepe nie sosiaal by mekaar aanpas nie.

Hierdie groot fisieke veranderings wat plaasvind, het 'n invloed op tieners se houding teenoor hul voorkoms en dit word vir hulle baie belangrik. Hulle is baie bewus van hulle liggame en bekommer hulle daaroor of hulle normaal gaan ontwikkel en of hulle soos die maats lyk of gaan lyk. Hurlock (1980: 229) wys daarop dat tieners gou reeds besef wat die norme vir aantreklikheid is en dat diegene met 'n goeie voorkoms groter sosiale aansien geniet. Postma (1988a: 58) beklemtoon ook die invloed wat die gemeenskap uitoefen op die stel van norme vir 'n ideale voorkoms deur advertensies, tydskrifte en ander media.

Die periode van oneweredige groei, die breek van die stem, aknee en vetsug besorg tieners hoofbrekens. Hulle is baie gevoelig oor hul voorkoms en hul selfbeeld en selfagting word gevorm deur die idee wat hulle self en hulle portuurgroep van hul voorkoms het (Thom, 1990: 404). Die emosionele en ander aspekte van tienerseksualiteit geniet verder aandag in 3.3.

Ten opsigte van bogenoemde fisieke ontwikkelingseienskappe en die invloed daarvan op die tiener, word die volgende ontwikkelingstake ooreenkomstig Postma (1988a: 64) se uiteensetting uitgelig.

3.2.1.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die fisieke

Wanneer tieners fisieke volwassenheid bereik en tot baie nuwe aktiwiteite (veral die seksuele) in staat is, is dit belangrik dat hulle die volgende take moet bemeester om met verantwoordelikheid teenoor hulle eie liggame en dié van ander te kan optree.

Tieners moet die individuele veranderings wat in hul liggame plaasvind en die oorerflike kenmerke aanvaar. Hulle moet veral ook leer om vrede te maak met hulle liggaamlike foute en daarmee saam om hulle aantreklikhede in perspektief te beskou. Die besef dat uiterlike verskille later al hoe onbelangriker gaan word en dat innerlike kwaliteite soos waardes en mooi karaktereienskappe die plek daarvan sal inneem, gaan hiermee gepaard.

Tieners moet ook leer om hulle liggaamlike vermoëns effektief aan te wend. Hulle moet besef dat almal nie tot dieselfde in staat is nie en moet leer om hulle beperkings te verwerk.

Daar moet genoeg aandag aan die voorkoms spandeer word, terwyl voorkomsbeheptheid afgeleer moet word.

Geslagsrypwording bring verantwoordelikhede mee wat tieners moet aanvaar. Gesonde seksuele praktyke asook norme daarvoor moet ontwikkel word.Die seksdrang moet nie die tieners se lewens oorheers nie, maar dit moet ook nie onnatuurlik onderdruk word nie - daarvoor moet verstandige en gesonde seksuele aktiwiteite bedryf word.

Laastens moet tieners leer om respek vir hulle eie liggame en dié van ander te hê.

### 3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

#### 3.2.2.1 Kognitiewe ontwikkelingseienskappe

Kognitiewe ontwikkeling behels die ontwikkeling van die denkprosesse en intellektuele vermoëns. In hierdie stadium vind dit op twee vlakke plaas, naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe. Adolessente kan nou intellektuele take vinniger, makliker en meer effektief verrig, en die aard van die denkprosesse verander ook (Thom, 1990: 417; Boshoff, 1976: 29). Saam met die vermoë van tieners om meer en ingewikkelder intellektuele take maklik te verrig, verbeter die vermoë om inligting in die geheue te berg, te verwerk en te herroep (Thom, 1990: 421).

Gedurende die adolessensie ontstaan 'n vorm van denke kenmerkend van die adolessent wat Piaget "formeel-operasionele denke" noem (Monteith, 1988b: 134). Dit beteken dat tieners nou in staat is om te dink oor stellings wat nie aan konkrete voorwerpe gekoppel is nie. Die verskil tussen werklikheid en moontlikheid word begryp en kan teen mekaar opgeweeg word. Hulle kan selfs redeneer sonder om aan die werklikheid te dink. Abstrakte denke word dus moontlik.

Naas die vermoë om oor abstrakte onderwerpe (soos liefde en geloof) te besin, begin tieners ook om te bevraagteken en te ondersoek. In hierdie proses word geleer om al die faktore in 'n situasie te ondersoek, 'n verskeidenheid moontlike oplossings daaruit af te lei en elk van hierdie hipoteses te toets of daarmee te eksperimenteer om by 'n eie oplossing of besluit uit te kom (Thom, 1990: 419). Hulle kan dus baie krities wees oor die werklikheid, politieke standpunte, godsdiens, morele kodes, ensovoorts, soos hulle dit ondervind. Hierdie nuwe denkontwikkeling van tieners het 'n groot invloed op hul vermoë om inligting te begryp, te ondersoek, te verwerk en te benut. As inligtingsoekers en inligtingsgebruikers neem hul vaardighede en behoeftes geweldig toe.

Tieners begin om hulself as volwassenes te sien en hulle begin om die wêreld waaraan hulle as volwassenes deel gaan hê krities te beskou. Hulle kom agter dat die werklikheid dikwels tekort skiet aan die ideaal. Aangesien hulle nou bewus word van die moontlike alternatiewe wil hulle die wêreld graag verander en vir hulself alternatiewe ideale stel. Hierdie idealistiese rebelsheid (Monteith, 1988b: 138) en uitermatige kritiek teenoor volwassenes bring hulle in 'n meerdere of mindere mate in konflik met hul ouers en ander volwassenes (Thom, 1990: 422; Monteith, 1988b: 138).

Thom (1990: 418) noem dat abstrakte denke ook beteken dat adolessente in staat is om oor hulself te dink en dit ook dikwels doen. Hierdie introspeksie kan ly tot gemoedskommelings as hulle hul voorkoms aan die "ideale" voorkoms meet en dan hul eie tekortkomings raaksien. In 'n vorm van egosentrisme dink adolessente dat ander mense net so behep is met hulle voorkoms en denke as wat hulle self is en dat niemand, veral nie volwassenes nie, hulle kan verstaan nie (Thom, 1990: 424).

Boshoff (1976: 30) bespreek ook die tiener se vermoë om taal te manipuleer as deel van die nuwe kognitiewe vermoë. Taalgebruik behels simboliese denke en omdat tieners op simboliese vlak kan dink en 'n spesifieke gang van denke kan volg, geniet hulle woordspel, humor en ironie. Hierdie belangstelling bevorder onder andere die leesgewoonte en gesprekvoering.

Die ontwikkelingstake wat vervolgens genoem word, spruit voort uit hierdie nuwe intellektuele vermoë. Dit is veral van belang ten opsigte van tieners se seksualiteit omdat hulle nou instaat is om oorsaak en gevolg met mekaar in verband te bring, eie keuses te maak en selfstandig op te tree. Veral op die seksuele terrein is verantwoordelikheid 'n belangrike kwessie.

### 3.2.2.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die kognitiewe

Volgens Monteith (1988b: 142) stel tieners se kognitiewe vermoëns hulle in staat om die volgende take baas te raak.

Tieners moet leer om outonoom en krities te dink. Hulle moet nie bloot napraters van die gemeenskap, hul ouers of die portuurgroep wees nie, maar moet op hulle eie denke staatmaak om self antwoorde op hul vrae en probleme te vind.

Kritiek van bestaande norme en evaluering van die werklikheid moet op die tiener se eie stel goed gefundeerde norme of kriteria gegrond wees, en nie bloot kritiek om kritiek se onthalwe nie. Hierdie ontwikkelingstaak sluit nou by tieners se morele ontwikkeling aan (soos in 3.2.3 bespreek).

Tieners moet verder leer om in terme van alternatiewe moontlikhede te dink. Hulle moet verskeie moontlike oplossings vir 'n probleem en verskillende moontlike

gevolge op optredes kan uitdink. Daarmee saam moet hulle kan insien dat die moontlike gevolge ook op ander mense 'n invloed kan hê.

Outonome besluitneming beteken dat tieners ook die verantwoordelikheid vir eie optredes en wat daarmee gepaard gaan sal aanvaar. Tieners moet self besluite kan neem, die verantwoordelikheid vir regte en verkeerde besluite kan aanvaar en ook leer om self die foute reg te stel.

Laastens moet tieners ook besef dat hulle nie die middelpunt van almal se belangstelling is nie en dat ander mense nie soveel aan en van hulle dink soos hulself nie.

Aansluitend by tieners se kognitiewe vermoëns is die morele ontwikkeling wat in 'n groot mate rus op hul vermoë om eie keuses te maak en waardes te evalueer.

### 3.2.3 Morele ontwikkeling

#### 3.2.3.1 Morele ontwikkelingseienskappe

Dit word in die moderne samelewing van tieners verwag om 'n eie persoonlike waardesisteem te ontwikkel; dit wil sê 'n stel beginsels en waardes wat die individu kan gebruik om optrede te bepaal en te beoordeel. Thom (1990: 427) beskou dit selfs as een van die belangrikste ontwikkelingstake van die tiener. 'n Waardesisteem waarvoor die individu respek het, word slegs opgebou deur self keuses te maak en bestaande waardes te evalueer.

Daar is 'n aantal faktore wat die opbou van so 'n individuele waardesisteem beïnvloed. Scott (1988b: 156-157) noem die volgende innerlike faktore wat 'n bydrae maak: adolessente het 'n behoefte om onafhanklik op te tree en self besluite te neem oor hul eie gedrag; daarnaas stel hul kognitiewe vermoëns hulle in staat om keuses te maak en optredes te evalueer. Die seksuele rypwording wat plaasvind vereis ook 'n waardestelsel vir seksuele optrede. Hurlock (1980: 243) voeg hierby die vermoë wat tieners ontwikkel om hul eie gedrag en emosies te beheer (selfbeheersing). Verder toon tieners ook 'n ontwikkeling van sosiale sensitiwiteit en 'n begrip vir die gevoelens van ander wat hulle help om hulle eie optrede te kan beoordeel na aanleiding van die invloed wat dit op ander sou hê (Scott, 1988b: 148).

Die vorming van 'n morele kode word ook beïnvloed deur die gemeenskap rondom die tieners. Tieners wil graag in hul eie groep maar ook deur volwassenes aanvaar word en daarom konformeer hulle tot die verlangde morele kode wat deur die groep aangehang word. Die sosiale groep, die portuurgroep, ouers en onderwysers beïnvloed tieners deur sanksionering om aanvaarbare gedrag te toon (Thom, 1990: 43; Scott, 1988b: 153). Die geloofsgroep waartoe tieners behoort beïnvloed ook die waardesisteem wat hulle opbou.

Uit al hierdie verskillende morele kodes maak individue 'n keuse en pas dit dan aan by dit wat hulle self as reg en verkeerd beskou om so 'n eie waardesisteem te ontwikkel (Hurlock, 1980: 243; Scott, 1988b: 156).

Hurlock (1980: 244) en Scott (1988b: 148-149) wys albei daarop dat morele volwassenheid slegs bereik is wanneer tieners 'n skuldgevoel ontwikkel indien die morele kodes oortree word. Die skuldgevoel is 'n innerlike besef dat gefouteer is en die eie gewete spreek die oortreder aan. Min tieners bereik hierdie fase aangesien hulle gedrag grotendeels gesanksioneer word deur skaamte, 'n gevoel wat ontstaan wanneer ander persone die gedrag afkeur.

Tieners ondervind dikwels probleme met die daarstel en uitoefening van 'n morele kode vanweë die dubbele standaarde wat ten opsigte van morele gedrag in die gemeenskap geld. Tieners word verwar deur die morele standaarde wat byvoorbeeld deur hul ouers en onderwysers aan hulle voorgehou word, maar wat in die media (en ook deur sommige volwassenes se optrede) weerlê word.

Thom (1990: 432) noem die volgende tienerwaardes wat tans in Westerse gemeenskappe geld: respek vir die individu, ongeag van ras, geloof of geslag; bewustheid van 'n sosiale verantwoordelikheid; eerlikheid in interpersoonlike verhoudings; en laastens word geestelike waardes belangriker geag as wedywering en materialisme.

3.2.3.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die morele

Scott (1988b: 168) beskou tieners as moreel volwasse indien hulle onder andere onafhanklik van volwassenes of hul portuurgroep keuses kan uitoefen, 'n persoonlike waardesisteem opgebou het en sosiaal-verantwoordelike gedrag toon.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar by tieners 'n baie sterk band bestaan tussen die morele ontwikkeling en die seksuele. Seksuele optrede en gedrag verg 'n vasgestelde waardesisteem en verantwoordelikheid van elke individu anders kan dit lei tot uitbuiting van een tiener deur 'n ander.

## 3.2.4 Emosionele ontwikkeling

3.2.4.1 Emosionele ontwikkelingseienskappe

Die adolessensie staan tradisioneel bekend as die "storm en drang"-tydperk waarin wisselende en intense emosies hoogty vier. (Boshoff, 1976: 28). Van der Westhuizen & Scott (1988: 83) wys egter daarop dat hierdie standpunt 'n verouderde siening is en dat, alhoewel wisselende emosies en emosionele uitbarstings voorkom, dit nie tiperend van alle tieners is nie.

Emosionele ontwikkeling en verfynings vind plaas regdeur die mens se lewe en is nie slegs eie aan die tienerjare nie. In die tienerjare word die emosies egter deur verhoogde spanning as gevolg van 'n verskeidenheid faktore, beïnvloed. In die eerste plek stel die samelewing nuwe eise aan tieners en hulle beleef angs en depressie ten opsigte van sosiale aanvaarding en die vraag of hulle die eise sal kan baasraak. Wanneer hulle hulself met die ideaal vergelyk, ontstaan vrese ten opsigte van hulle eie waarde, sosiale aanvaarbaarheid, geslagsidentifikasie en hul verhoudings met die teenoorgestelde geslag (Van der Westhuizen & Scott, 1988: 85-86). Hiermee saam beïnvloed erflikheids- en omgewingsfaktore (soos ouerhuisopvoeding) ook die wyse waarop tieners hulle emosies beleef (Van der Westhuizen & Scott, 1988: 83).

Aan die begin van die tienerjare is die individu se emosies eenvoudig en kan daar in 'n groot mate uiting daaraan gegee word, net soos in die kinderjare. Van die ouer tiener word daar egter toenemend verwag om soos 'n volwassene beheer oor die emosies te hê. Die samelewing stel sekere eise ten opsigte van die plek, tyd en wyse waarop gevoel of stemming tot uiting gebring kan word (Boshoff, 1976: 27; Hurlock, 1980: 230).

Gedurende die latere adolessensie ontwikkel emosionele differensiasie (Van der Westhuizen & Scott, 1988: 80); dit beteken dat die elementêre emosies van die kinderjare verander in 'n wye verskeidenheid nuanses van emosies soos vreugde, plesier, liefde, haat, woede, jaloesie, walging, jammerte, vrees en angs.

Saam met hierdie verskeidenheid emosies en die gemeenskapsanksie op die uitlewing daarvan, kom die tiener op die emosionele gebied ook in aanraking met ongerymdhede en dubbele standaarde wat emosionele volwassewording bemoeilik (Boshoff, 1976: 28; Van der Westhuizen & Scott, 1988: 82).

Emosionele volwassewording is ook ten opsigte van seksuele emosies baie belangrik aangesien seksuele ontwaking baie nuwe emosies by tieners veroorsaak en hulle dikwels nie opgewasse is om die plesier wat hulle by seksuele aktiwiteite ervaar, te ignoreer ter wille van die samelewing se sanksies op seksuele aktiwiteite nie.

3.2.4.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die emosionele

Hurlock (1980: 230) en Van der Westhuizen & Scott (1988: 76-77, 87-89) bespreek in detail wat emosionele volwassenheid beteken en welke ontwikkelingstake bemeester moet word voordat tieners volwasse is. Kortliks behels dit dat tieners moet leer om nie met emosionele uitbarstings te reageer op elke stimulus nie. 'n Situasie moet logies geëvalueer word en emosionele stimuli moet in perspektief geplaas kan word. Op hierdie stimuli behoort die individu op 'n gekontroleerde en aanvaarbare wyse te reageer deur die stimuli te ignoreer; of die emosies wat so opgewek is, te ontlaai deur

'n katarsis (byvoorbeeld huil of lag) of deur 'n ander uitlaatklep soos sport of kuns te beoefen.

Tieners moet verder leer om gelykmatig op te tree, maar tegelyk tog 'n ryke verskeidenheid emosies te beleef. Hulle moet leer om nie emosies op te krop nie maar ook om dit nie onbeheers te laat uitbars nie.

Op die gebied van die seksuele moet tieners leer om seksuele stimuli te kan verwerk of te ignoreer. Reaksie op die seksuele stimuli behoort op 'n sosiaal aanvaarbare en normgefundeerde wyse te geskied. Seksuele stimulering (byvoorbeeld liefkosing) hoef nie noodwendig te lei tot onaanvaarbare seksuele aktiwiteite (byvoorbeeld gemeenskap) om die emosionele spanning te ontlaai nie. Alternatiewe vir seks om die spanning te verlig behoort aan tieners bekend en beskikbaar te wees.

Tieners het tot op hierdie tydstip van hulle lewe min in aanraking gekom met seksuele emosionele stimuli. Hierdie onbekendheid en die nuutgevonde seksuele vermoëns plaas tieners in 'n probleemsituasie wat groot emosionele volwassenheid verg. Tieners moet leer dat daar nie op hierdie stadium aan al hulle seksuele behoeftes voldoen kan word nie, en hulle moet dus leer om hulle seksuele emosies te beteuel of om op dit op 'n aanvaarbare wyse tot uiting te bring.

### 3.2.5 Sosiale ontwikkeling

Elke mens vorm 'n deeltjie van die samelewing. Tieners moet ook hul plek in die samelewing verwerf, rolle wat in die gemeenskap bestaan aanvaar en leer om met hul medemens te kan kommunikeer.

#### 3.2.5.1 Sosiale ontwikkelingseienskappe

Tieners ontwikkel van individue wat egosentries leef en dink, na persone wat in die mense om hulle belangstel en wat deel wil wees van die samelewing waarin hulle verkeer, omdat hulle 'n behoefte het om aanvaar te word (Postma, 1988b: 92, 98).

Nuwe sosiale verhoudings ontstaan tussen tieners en die mense om hulle, naamlik hul ouers, portuurgroep en die lede van die teenoorgestelde geslag.

##### 3.2.5.1.1 Verhouding met die ouers en die gesin

Tieners strewe daarna om onafhanklik van hul ouers te wees. Voor die tienerstadium het die ouers namens die kind besluite geneem, maar tieners wil self besluite neem en self die verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar. Tieners tree egter nog onder toesig en met bystand van hul ouerhuis op, en oefen hulle nuwe rolle in gesinsverband, maar namate hulle meer selfstandig word verminder die rol wat die ouers en die gesin speel. Die ouer-kind verhouding verander dus stelselmatig vanaf volle onverantwoordelikheid en kinderondergeskiktheid na 'n verhouding tussen

selfstandige volwassenes (Postma, 1988b: 97). Hierdie oorgang kan soms met groot konflik gepaard gaan as die ouers die tieners nie hul vryheid en selfstandigheid wil toelaat nie, of as tieners te veel vryheid eis.

Namate tieners meer onafhanklik van hul ouers optree, word die rol wat die portuurgroep speel belangriker, alhoewel die invloed wat die ouers op tieners se sosiale aanpassing en morele ontwikkeling het, steeds meer gewig bly dra (De Wit & Van der Veer, 1987: 127-130).

3.2.5.1.2 Die portuurgroep

Hierdie groep bestaan uit individue van dieselfde ouderdom en met soortgelyke belangstellings, en is die sosiale groep waarin tieners funksioneer. Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling want dit is hier waar eksperimentering met optrede, emansipasie van volwassenes en sosialisering plaasvind. In die portuurgroep kan tieners hul eie onafhanklike optrede toets as deel van 'n groep wat soortgelyke ontwikkelings deurgaan sonder om ten volle aan die verantwoordelikhede en sanksies van die volwasse wêreld uitgelewer te wees. (Postma, 1988b: 105) Hier word tieners se persoonlikheid en optrede geëvalueer deur gelykes en word hul gemeet aan standaarde wat hulle self stel (Hurlock, 1980: 231).

Die portuurgroep speel 'n belangrike rol omdat die tieners voel dat hulle soortgelyke belangstellings en eienskappe deel en dat ander van die eie groep hulle beter as volwassenes sal verstaan. Dit is ook vir hulle belangrik dat die groep hulle moet aanvaar en daarom probeer hulle so goed moontlik konformeer met die vereistes wat die groep stel. Dikwels gee tieners ook toe aan die druk wat die groep op hul uitoefen om op sekere wyses op te tree of om sekere dinge te doen. Hierdie identifikasie met die groep bevorder onafhanklikheid van die ouerhuis (Thom, 1990: 440).

In hierdie groepe wat elkeen 'n klein samelewing verteenwoordig, kom tieners in aanraking met ander sosiale groepe; ander tieners wat hul gelykes, hul minderes of meerderes in verskeie opsigte is. So leer hulle om in 'n gemengde samelewing te funksioneer (Thom, 1990: 441). Omdat tieners die behoefte het om in die groep aanvaar te word, leer hulle om aan te pas by omstandighede, om individue wat van hulle verskil te aanvaar, om leierskap én ondergeskiktheid te aanvaar en om met ander individue te kommunikeer.

De Wit en Van der Veer (1987: 125-126) beskryf die sosialisering tussen die geslagte in die portuurgroep soos volg: aanvanklik bestaan die portuurgroep uit lede van dieselfde geslag; maar later ontstaan 'n interaksie tussen seuns- en meisiesgroepe;

en daaruit ontstaan gemengde groepe; uiteindelik verbrokkel die groepe in paartjies van een seun en een meisie.

Vriendskappe vervul 'n soortgelyke rol as die portuurgroep. Vriendskappe met individue van dieselfde geslag ontwikkel vanaf 'n verhouding ter wille van interaksie (gedurende die vroeë adolessensie) tot 'n fase waar betroubaarheid tussen vriende die belangrikste is. In die laat adolessensie word vriendskap gegrond op 'n belangstelling in die ander se persoonlikheid en belangstellings (Postma, 1988b: 98).

Namate tieners meer selfvertroue ontwikkel, hul eie identiteit vasstel en outonoom begin optree, neem die belangrikheid van die portuurgroep ook af. (Hurlock, 1980: 231; Postma, 1988b: 100) Dit word dan gevolg deur afparing tussen individue van die teenoorgestelde geslag soos hierbo genoem.

3.2.5.1.3 Heteroseksuele verhoudings

Tieners kom in die portuurgroep reeds in aanraking met lede van die teenoorgestelde geslag. Vanweë die fisiese verskille wat tydens puberteit ingetree het, word die twee geslagte nou in 'n ander lig gesien. Tieners is wel deeglik bewus van geslagsverskille en deur gesprekke met hul vriende word seksuele inligting oorgedra en word hulle aangespoor om heteroseksuele verhoudings aan te knoop (Postma, 1988b: 108). In die portuurgroep is daar ook geleentheid vir gemakliker kommunikasie tussen die geslagte en kan optrede teenoor die ander geslag ingeoefen word. Sodoende word norme vir optrede teenoor die ander geslag daargestel (Thom, 1990: 440). Postma (1988b: 109) noem verder dat tieners deur interaksie met en nabootsing van lede van die groep kan bou aan hul eie geslagsidentifikasie. Op hierdie wyse vorm hulle ook 'n beeld van die teenoorgestelde geslag wat wyer as die erotiese strek.

Verliefdheid en die uiteindelike afparing van individue in liefdesverhoudings vind stelselmatig plaas totdat die invloed van die portuurgroep vervaag en die individu volwasse verhoudings met individuele vriende en die teenoorgestelde geslag opbou. Hierdie aspek word verder onder Tienerseksualiteit (3.3) bespreek.

3.2.5.2 Ontwikkelingstake ten opsigte van die sosiale

Postma (1988b: 113) onderskei die ontwikkelingstake soos volg: Dit is belangrik vir tieners om veral ten opsigte van die sosiale 'n eie identiteit te vestig, sodat hulle onafhanklik van ander mense kan funksioneer. In die eerste plek moet die tiener-ouerverhouding ontwikkel na een van wedersydse respek en onafhanklikheid. Tieners moet ook onafhanklike verhoudings met vriende ontwikkel en ook onafhanklik van die portuurgroep begin funksioneer. Laastens moet tieners gesonde heteroseksuele verhoudings aanknoop, gegrond op begrip vir en kennis van die

teenoorgestelde geslag. Hulle moet 'n manlike of vroulike geslagsrol aanvaar en hulleself begin voorberei op die huwelik en 'n gesinslewe.

Sosiaal-verantwoordelike gedrag moet aangeleer word en dit word gegrond op die begrip wat tieners vir ander individue, ander sosiale groepe en vir menslike verskille moet aanleer. In heteroseksuele verhoudings is aanvaarbare en gesonde optrede baie belangrik. Ten opsigte van die seksuele speel onafhanklike en sosiaal-verantwoordelike gedrag 'n groot rol. Tieners moet sonder die bystand van hulle ouers besluite kan neem, omdat hulle later in 'n heteroseksuele verhouding self die verantwoordelikheid vir hulle dade moet kan dra.

Onafhanklikheid van die portuurgroep is van belang omdat groepsdruk ten opsigte van seksuele deelname dikwels vir tieners onder groot emosionele spanning en selfs gewetenswroeging (indien hulle hul eie morele kode oortree) plaas.

Begrip vir die eienskappe en kennis van die teenoorgestelde geslag beteken dat tieners makliker aanpas in liefdesverhoudings en dat hul optrede gemakliker en verantwoordeliker kan wees. Die keuse en aanleer van 'n geslagsrol vergemaklik verder tieners se optrede teenoor die ander geslag omdat baie van hul optredes daardeur vooruitbepaal kan word en hulle so bewus kan wees wat van hulle verwag word.

In seksuele verhoudings het sosiaal-verantwoordelike gedrag 'n belangrike plek omdat respek vir die medemens se persoon en waardes 'n hoeksteen vir 'n gesonde verhoudingslewe is. Sodoende sal die paartjie nie onaanvaarbare optrede van mekaar verwag nie, mekaar se liggame, gevoelens en morele waardes met respek behandel en verantwoordelike keuses oor seksuele praktyke, geboortebeperking, ensovoorts uitoefen.

In die voorafgaande is die belangrikste karaktereienskappe en ontwikkelingstake van 'n tipiese tiener kortliks uiteengesit. Hierdie algemene uiteensetting het die plek van tienerseksualiteit in die algemene ontwikkeling van tieners geskets. Dit is egter noodsaaklik dat al die aspekte wat op tieners se seksualiteit betrekking het, byeengebring moet word om 'n volledige beeld daarvan te verkry.

### 3.3 Tienerseksualiteit

#### 3.3.1 Inleiding

Die grootste veranderings wat in die adolessente-stadium plaasvind is op die gebied van die biologiese. Puberteit of geslagsrypwording is 'n verskynsel wat universeel by alle adolessente voorkom en Mitchell (1971: 15) beklemtoon tereg dat dit 'n radikale

verandering is wat noodwendig die een of ander invloed op elke terrein van hul lewens moet hê.

Dit is egter ook belangrik om te onthou dat alle fisiologiese veranderings nie seksueel van aard is nie, en daarmee saam ook dat alle seksuele veranderings nie bloot fisiologies is nie. Alhoewel die seksdrang fisiologies gegrond is, word dit uitgeleef in gedragspatrone wat deur psigologiese en sosiologiese faktore beïnvloed word (Mitchell, 1971: 15).

Dit word van tieners verwag om 'n nuwe en meer volwasse verhouding met lede van die teenoorgestelde geslag aan te gaan. Hierdie take hou volgens Havighurst (Scott, 1988a: 40-45) in dat volwasse verhoudings met die teenoorgestelde geslag aangeknoop word; dat sosiaal-verantwoordelike gedrag bemeester word; dat 'n eie etiese kode as riglyn vir gedrag opgebou word; dat 'n manlike of vroulike geslagsrol verwerf word; en dat tieners hulle op 'n huweliks- en gesinslewe moet voorberei. Die motivering om hierdie ontwikkelingstake te bemeester en 'n vollediger en meer volwasse begrip vir hul eie seksualiteit te verkry is tweeledig: aan die een kant dwing nuuskierigheid en belangstelling in seks hulle daartoe om meer uit te vind, en aan die ander kant, plaas die samelewing waarin hulle hulle bevind, druk op hulle toe om in te pas by die gemeenskapsnorme (Hurlock, 1980: 244).

De Wit en Van der Veer (1987: 151) en Mitchell (1971:31) beklemtoon egter die feit dat daar in die afgelope paar dekades grondliggende veranderings in die gemeenskap se houding teenoor seksualiteit, morele waardes en openheid oor seksuele aangeleenthede ingetree het. Optrede wat vroeër grotendeels deur die gemeenskap gesanksioneer is, of waarvoor die gemeenskap spesifieke norme vasgestel het, word nou aan die individu se eie private oordeel oorgelaat.

Tieners kom, soos die res van die gemeenskap, daagliks met 'n verskeidenheid seksuele elemente in aanraking. In die media (tydskrifte, films, televisie, ensovoorts) word daar baie aandag geskenk aan die seksuele in artikels, as nuusgebeure, in advertensies en in die handelings van fiktiewe karakters.

Thom (1990: 410) is van mening dat die posisie soos dit hierbo geskets is, in Suid-Afrika baie soortgelyk is as in Amerika aangesien die tradisionele Westerse siening in beide lande dieselfde is. Verder verminder die wye invloed wat Amerikaanse rolprente, televisieprogramme en tydskrifartikels wat vryelik hier beskikbaar is, ook die verskille.

Ten opsigte van die seksuele word die tieners onder groot en verwarrende druk geplaas deur eerstens hulle eie drange en behoeftes, tweedens die gemeenskap wat van hulle verwag om hulle ontwikkelingstake te bemeester en om self besluite te

neem, derdens die morele kode waarmee hulle groot geword het en laastens die media waar seksvoorligting en seksuele prikkeling voorkom.

**3.3.2 Fisiologiese aspekte van tienerseksualiteit**

Die volgende belangrike aspekte van tienerseksualiteit moet saam met die fisiologiese aspekte soos in 3.2.1 bespreek, in ag geneem word.

Die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke en ander fisiologies bepaalde gebeure (menstruasie, saadstorting, ensovoorts) is natuurlike prosesse waardeur elke adolessent gaan. Na die ontwikkeling van geslagskenmerke sien tieners hulself altyd as lid van 'n spesifieke geslag en manlikheid of vroulikheid word onskeibaar deel van hul selfbeeld (Mitchell, 1971: 18-19).

Saam met die geslagskenmerke wat ontwikkel neem die geslagsdrif ook toe en word dit meer intens en doelgerig (Mitchell, 1971: 21). Tieners stel in mekaar belang as lede van die teenoorgestelde geslag, wat volgens Hurlock (1980: 245) nou in 'n meer romantiese en seksuele lig gesien word.

Volgens Mitchell (1971: 20,29) kom seksuele aktiwiteite van een of ander aard by alle groepe en kulture voor en is seksualiteit nie iets wat deur adolessente aangeleer hoef te word nie. Dit is natuurlike impulse wat inherent opwindend en aangenaam is.

Mitchell (1971: 21-22) spekuleer ook dat seksuele gedrag die biologiese behoeftes van die mens aan fisiese kontak gedeeltelik bevredig. Dit beïnvloed die adolessent se behoefte om sy maat aan te raak en dus die seksuele gedragspatrone by liefkosing.

**3.3.3 Psigologiese aspekte van seksualiteit**

Tot op die stadium van adolessensie word die kind se psigologiese behoeftes deur die portuurgroep, sy ouers en vriende van dieselfde geslag bevredig. Met die aanvang van puberteit word die behoeftes algaande oorgeskuif na heteroseksuele verhoudings. Hierdie psigologiese behoeftes laat tieners se ervarings bo die bloot liggaamlike uitstyg en gaan gepaard met hulle emosionele of gevoelsontwikkeling (Boshoff, 1976: 49).

3.3.3.1 Behoefte aan intimiteit

Intimiteit behels 'n openheid tussen mense, 'n nabye persoonlike kontak en betekenisvolle verhouding met 'n ander persoon. Die emosionele konflikte waarin adolessente hulle dikwels bevind, maak dit noodsaaklik dat hulle in 'n noue verhouding 'n klankbord vir hul idees en begrip vir hul probleme vind. Tieners vrees isolasie of nie-aanvaarding en die afwesigheid van intimiteit kan dus ernstige probleme by hulle skep (Mitchell, 1971: 24).

Hierdie sielkundige behoefte word op verskillende maniere bevredig: deur die hele spektrum van fisiese kontak (vanaf aanraking tot gemeenskap), maar ook in intieme vriendskaps- en vertrouensverhoudings (Mitchell, 1971: 24-25).

3.3.3.2 Die behoefte om te behoort

Tieners wil graag aan 'n groep behoort: dit beteken vir hulle dat hulle as individue deur die gemeenskap aanvaar word. Hierdie behoefte dryf tieners na mekaar toe. Die groep dien verder 'n opvoedkundige en sosiale doel, en openheid teenoor mekaar en selfvertroue ten opsigte van seksuele aktiwiteite word in die groep deur gesprekke bevorder.

Uit hierdie saamwees in die groep ontstaan daar dikwels 'n meer seksuele verhouding met 'n lid van die teenoorgestelde geslag. In so 'n verhouding verkry tieners dan ook goedkeuring en aanvaarding van 'n lid van die teenoorgestelde geslag (Hurlock, 1980: 245). In 'n liefdesverhouding raak twee individue in 'n mindere of meerdere mate op mekaar aangewese vir sekuriteit, intimiteit, 'n mate van seksuele bevrediging en 'n verskeidenheid ander emosionele en fisieke behoeftes.

3.3.3.3 Behoefte aan dominering en onderskikking

Alhoewel Van der Westhuizen en Scott (1988: 185) en Boshoff (1976: 51) die standpunt huldig dat die seun 'n behoefte het om te domineer en die meisie om ondergeskik te wees, is die standpunt wat Mitchell (1971: 27-28) inneem dat dat albei hierdie behoeftes basiese behoeftes van elke mens is, meer aanvaarbaar. In 'n verhouding het albei die individue die behoefte om in 'n positiewe sin die ander te domineer, dit wil sê om in beheer te wees en verantwoordelikheid te aanvaar vir die ander persoon. So ook het alle mense die behoefte om fisies of emosioneel beskerm te word of gelei te word. Kultuur en opvoeding speel hierin natuurlik 'n belangrike rol omdat die een of die ander aspek ten opsigte van die verskillende geslagte oorbeklemtoon kan word. Indien dit uit verband geruk word, lei dit tot ekstreme ondergeskiktheid of dominasie, byvoorbeeld meisies wat seksueel alles toelaat net om 'n kêrel te behou; of seuns wat enigiets van meisies verg, omdat dit hul reg as "man" is.

3.3.3.4 Behoefte om nuuskierigheid te bevredig

Volgens De Wit en Van der Veer (1987: 165) is seks tog 'n vorm van menslike kontak waarin sekere basiese vaardighede aangeleer moet word. Die mens het daarby 'n behoefte om kennis oor en vaardighede in sake wat vir hulle onbekend is, te verwerf.

Deur eksperimentering en gesprekke met lede van die portuurgroep, individue van die teenoorgestelde geslag en in liefdesverhoudings leer tieners hierdie vaardighede

aan en verwerf hulle kennis ten opsigte van seksuele optrede en hul eie seksualiteit. (Mitchell, 1971: 29-30)

3.3.3.5 Behoefte aan passie

Intense belewing van die self en van ander is kenmerkend van tieners soos gesien is in die kognitiewe en emosionele ontwikkelingseienskappe. Mitchell (1971: 30-31) sê tereg dat seksuele passie vir tieners 'n voor die hand liggende wyse is waarop hierdie emosie beleef kan word, maar dat enige vorm van intense belewenis (soos avontuur of 'n fanatiese belangstelling) vir tieners ook aantreklik is.

3.3.3.6 Behoefte aan identifikasie en nabootsing

In 'n poging om 'n selfbeeld en eie geslagsrol te vorm, boots tieners volwassenes na en identifiseer hulle graag met iemand wat hulle as navolgenswaardig beskou. In die samelewing vind tieners sulke voorbeelde en ideale in die vorm van gedragspatrone (soos films, fiksie, televisie) of "navolgenswaardige individue" (soos filmsterre, sporthelde, politici). Aangesien die tiener dit wat hy in die samelewing sien, naboots, beklemtoon Mitchell (1971: 31) en Scott (1988b: 165) die feit dat die huidige seks-georiënteerde samelewing 'n besliste invloed op tieners se seksuele gedrag en opvattings het.

Al bogenoemde behoeftes van tieners kan in verhoudings met die teenoorgestelde geslag bevredig word. Gevolglik wil tieners soveel moontlik kontak met die teenoorgestelde geslag hê om in hierdie behoeftes te voldoen.

**3.3.4 Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings**

Met geslagtelike rypwording verander tieners se houding teenoor die ander geslag en ontwikkel hulle 'n belangstelling in hulle, asook in die aktiwiteite wat saam beoefen kan word (Hurlock, 1980: 245). Mettertyd vind daar ook 'n verskuiwing plaas vanaf deelname aan gesamentlike aktiwiteite na afparing (afsprake en liefdesverhoudings).

Postma (1988b: 107-109) beskryf die volgorde waarin heteroseksuele verhoudings tydens die tienerfase ontwikkel soos volg: In die vroeë adolessente-fase word daar in die eenslagtige portuurgroep gesels oor toenaderingsgedrag en seksuele optrede. Hulle fantaseer, spog en ruil inligting onder mekaar uit. Daarna volg 'n periode van "op 'n afstand" verlief wees. Hulle fantaseer en droom oor die geliefdes en loop hulle "toevallig" raak. In hul vrye tyd word plekke opgesoek waar tieners mekaar kan ontmoet en waar hul met hul tydgenote kan meng. Heteroseksuele kontak geskied op informele wyse by die skool, by sportbeoefening, in die vriendekring of by "disco's". Daarna word meer formele afsprake gemaak met 'n individu van die teenoorgestelde geslag.

Hierdie vroeë verhoudings wissel vinnig af totdat dit later op 'n meer permanente grondslag berus. Tieners leer hierdeur sosiale gedrag aan, hulle leer die eienskappe van die teenoorgestelde geslag ken en bevredig 'n wye verskeidenheid seksuele behoeftes. Volgens Hurlock (1980: 247) kan die doel wat tieners met afsprake het, die volgende wees:

* ontspanning - vir die plesier, aangename geselskap en saamwees
* sosialisering - om deel te wees van 'n groep
* statusverhoging - aansien in die groep verhoog met afsprake
* hofmakery - die geliefde word leer ken en geëvalueer as moontlike permanente maat
* maatseleksie - evalueer mekaar vir permanente verhoudings ten opsigte van aanpasbaarheid, gemeenskaplike belangstellings, ensovoorts.

Daarby kan die volgende redes wat Thom (1990: 416) noem gevoeg word:

* onafhanklikheidsverklaring - met die uitgaan op afsprake bevestig tieners hulle onafhanklikheid van hul ouers en portuurgroep
* seksuele bevrediging - liggaamlike kontak bevredig sekere seksuele behoeftes.

Die hofmaakprosedure verskil vandag aansienlik van dié van die verlede vanweë nuwe houdings teenoor die seksuele soos De Wit en Van der Veer (1987: 151-160) dit beskryf. Hurlock (1980: 246) beskryf die volgorde van seksuele gedrag in heteroseksuele verhoudings soos volg: "kissing > light petting > heavy petting > coitus". Hy sê egter ook dat daar vandag 'n teleskopering van een stadium na die volgende is. Die vordering deur die stadiums is tans baie vinniger as wat dit in die verlede was. Afsprake begin reeds op vroeër ouderdomme en vorder vinniger na vaste verhoudings (13 - 14 jaar). De Wit en Van der Veer (1987; 153-158) put hulle inligting uit drie ondersoeke wat in 1968, 1974 en in 1981 in Nederland gedoen is en kom tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat aktiwiteite tans op 'n vroeër ouderdom begin en dat daar 'n toename in geslagsgemeenskap is. Thom (1990: 410) haal 'n opname wat in 1987 in die Verenigde State van Amerika gedoen is aan waarin sy dieselfde tendense bespeur.

Die mening van Thom (1990: 410) dat 'n mens hierdie tendens van groter seksuele aktiwiteit onder adolessente wêreldwyd ook op Suid-Afrikaanse tieners van toepassing kan maak, is 'n geldige aanname aangesien Suid-Afrikaanse tieners ook aan die nuwe sosiale goedkeuring van seksuele aktiwiteite in die massamedia blootgestel is. Kerk, geloof en 'n meer konserwatiewe gemeenskap speel hier wel 'n rol en die getalle sal moontlik nie heeltemal met ander lande s'n korreleer nie, maar die tendens is tog dieselfde.

### 3.3.5 Die nuwe houding teenoor seksuele gedrag

3.3.5.1 Morele kodes

Wat voorheen geskok het, word al meer aanvaarbaar. Seks word nie meer beskou as 'n aartsgeheim nie, maar as 'n normale deel van die mens se bestaan. Alhoewel daar vandag 'n groter seksuele vryheid geduld word, kom tieners steeds voor twee uiteenlopende sienings te staan, naamlik die tradisionele en die nuwe moraliteit.

Die tradisionele beginsels verg dat die tieners hulle van seksuele bevrediging moet weerhou of dit moet beheer. Hierdie onderdrukte seksuele energie kan dan vir meer kreatiewe aktiwiteite gebruik word. Behoudende seksuele standaarde help om die moraliteit van die gemeenskap te verhoog. Die bevrediging van seksuele behoeftes word vir die huweliksverhouding gereserveer, waar dit tuishoort. Hierdie benadering gaan van die standpunt uit dat tieners nog nie emosioneel ryp genoeg is vir seksuele aktiwiteite nie en dat dit angs en skuldgevoelens by hulle tot gevolg sal hê (Thom, 1990: 412).

Daarteenoor staan die sogenaamde "nuwe moraliteit" (Thom, 1990: 411) waar getrouheid en bedagsaamheid (konsiderasie) teenoor andere die belangrikste waardes is. Hierdie benadering stel egter hoë etiese standaarde aan tieners. Uitbuiting van die maat word byvoorbeeld ten sterkste afgekeur. Die hedendaagse tieners voel dikwels dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap aanvaarbaar is indien dit op liefde en toewyding gegrond is, maar as dit met dwang geskied, of dit word net gedoen omdat almal dit doen, of bloot vir opwinding, is dit onaanvaarbaar. Promiskuïteit behels dus seks met meer as een maat of sonder dat dit op 'n liefdesverhouding gegrond is.

Hurlock (1980: 247) bevestig ook dat dit verder beteken dat die dubbele standaarde wat vir seuns en dogters gegeld het, besig is om te weg te val en dat daar van albei ewe veel toewyding en verantwoordelikheid in 'n verhouding geverg word.

Ten spyte daarvan dat dit lyk of die seksuele al is waaraan tieners dink, blyk dit tog dat daar 'n nuwe moraliteit ontwikkel het en dat tieners tog grotendeels soortgelyke norme as hul ouers handhaaf en eties verantwoordelik optree.

3.3.5.2 Intieme liefkosing

Liefkosing in verhoudings het intiemer geword en vorder meer dikwels tot geslagsgemeenskap. Saamwoon kom ook baie meer dikwels voor (Hurlock, 1980: 246-247). Al geld daar in Afrikaanse geledere (as gevolg van die tradisionele moraliteit en die invloed van die kerk) nog 'n mate van gemeenskapsanksionering daarteen, kom dit ook al hoe meer voor en word dit selfs meer dikwels aanvaar.

### 3.3.5.3 Buite-egtelike swangerskappe

Aangesien geslagsgemeenskap toeneem en vanweë onvoldoende of foutiewe kennis van voorbehoedmiddels (asook 'n neiging om dit nie te gebruik nie), sê Thom (1990: 413) neem buite-egtelike swangerskappe toe. De Wit en Van der Veer (1987: 167) en McCormick en andere (1985: 581-582) bevestig hierdie tendens. In Suid-Afrika het dit tot gevolg dat die tiener moet trou; of die baba laat aanneem; of nie trou nie en die baba behou; of 'n onwettige aborsie ondergaan. Al hierdie uitweë kan vir die betrokke adolessent geweldige fisieke en emosionele trauma inhou aangesien dit hulle uit hulle ouderdomsgroep of sosiale groep en sosiale ontwikkelingspatroon ruk en 'n verantwoordelikheid op hulle afdwing waarvoor hulle dalk nog nie ryp is nie (Mitchell, 1971: 34-35).

### 3.3.5.4 Masturbasie

Masturbasie is 'n wyse waarop die individu seksuele bevrediging en 'n ontlading van seksuele spanning kan verkry. In die verlede is dit as immoreel beskou en verhale oor die fisieke skade wat dit die beoefenaar kan aandoen het bygedra tot 'n geweldige skuldgevoel wat selfs vandag nog 'n invloed op tieners het, al het die houding daarteenoor al baie verander. Vandag word masturbasie as 'n normale aktiwiteit aanvaar wat die individu kan help om sy eie seksualiteit en die behoeftes ten opsigte daarvan te ontdek en te bevredig (Thom, 1990: 413). Die meeste skrywers oor hierdie onderwerp bevestig dat masturbasie toeneem onder seuns en dogters en slegs indien dit die plek van normale sosialisering inneem, word dit as 'n probleem gesien. Dit is dan gewoonlik 'n aanduiding van 'n dieperliggende of ander probleem by tieners (De Wit & Van der Veer, 1987: 124-125; Thom, 1990: 412-413).

### 3.3.5.5 Geslagsidentifikasie

Gedurende die adolessensie word dit van tieners verwag om met 'n manlike of vroulike geslagsrol te identifiseer. Geslagsrolidentifikasie is 'n baie komplekse ontwikkelingstaak wat vir die doel van hierdie studie net kortliks aangeraak kan en hoef te word. Tieners moet die tipiese gedrag wat die gemeenskap van 'n bepaalde geslag verwag, aanleer en daarmee vereenselwig. Optrede, voorkoms en houding moet in ooreenstemming met die algemeen sosiaal aanvaarde model wees. Al is daar bewysbare verskille tussen die geslagte is daar sekere gedragseienskappe wat tot 'n geslag behoort wat slegs gemeenskapsbepaal en tradisioneel is (Monteith, 1988c: 174, 182). Hierdie stereotipering het met die emansipasie van die vrou reeds groot wysigings ondergaan, maar Hurlock (1980: 248-249) noem dat daar vir die nuwe geslagsrolle nog nie definitiewe riglyne neergelê is nie, en dat die tradisionele model nog grotendeels aanvaar word. Hierdie onduidelikheid kan vir die tieners identifikasieprobleme skep.

3.3.5.6 Homoseksualiteit

'n Vorm van homoseksualiteit is deel van adolessente se geslagsrolidentifikasieproses. Alle jong tieners gaan deur 'n stadium van verering vir die eie geslag maar dit verander meestal na 'n tyd in heteroseksuele gedrag. Vir sommige adolessente bly die eie geslag egter aantrekliker vanweë verskeie sosiale en psigologiese faktore. Al is daar vandag 'n groter aanvaarding van mense met homoseksuele voorkeure, bly die aanpassing in die gemeenskap steeds 'n probleem (Stevens-Long & Cobb, 1983: 111-112). Dit is ook baie moeilik vir homoseksuele tieners om navolgenswaardige rolmodelle te vind en sodoende ontstaan daar dikwels ook identifikasieprobleme by hulle.

**3.4 Inligtingsbehoeftes ten opsigte van die seksuele**

Tieners se nuuskierigheid en belangstelling in seks motiveer hulle grootliks om soveel moontlik oor hierdie onderwerp te wete te kom. Enige bibliotekaris kan 'n mens vertel hoe vuil

en flenters die ensiklopedieë by S gelees is deur al wat 'n skoolkind is. Stelselmatig verkry tieners uit 'n verskeidenheid bronne 'n verskeidenheid inligting, totdat hulle genoeg weet om hul nuuskierigheid te bevredig, al weet hulle nie alles wat hulle behoort te weet nie.

**3.4.1 Inligtingsbronne**

Hurlock (1980: 244) noem die volgende bronne waaruit tieners inligting oor seks kan bekom:

3.4.1.1 Ouers.

Min tieners voel dat hulle genoeg inligting by hulle ouers kan kry, moontlik omdat tieners dikwels te skaam is om dit wat hulle werklik wil weet te vra, omdat dit moontlik kontroversiële sake mag wees, of omdat die ouers moontlik daardeur geskok sal wees. In sommige gevalle blyk dit dat ouers self nie eintlik genoegsaam kennis dra oor die onderwerp nie, of dat hulle skaam is om daaroor te praat en gevolglik versuim om enige seksopvoeding te doen.

Ouers speel nogtans 'n baie groot rol by die vorming van die tieners se morele waardes en hulle tree ook op as modelle vir geslagsrolidentifikasie, sosiale en seksuele gedrag en selfbeeldvorming soos hierbo beskryf in 3.2.3.1 en 3.2.5.1.1.

3.4.1.2 Skole.

Daar word in al hoe meer skole geslagsopvoeding gedoen omdat dit duidelik is dat tieners nie al die inligting wat hulle benodig by hul ouerhuise kry nie, of omdat die

inligting wat hulle in byvoorbeeld die media en van hul vriende kry, dikwels verdraai, oorvereenvoudig, eensydig, sensasioneel of eenvoudig foutief is. Die kwaliteit inligting wat hulle op skool kry wissel egter ook omdat die onderwysers dikwels self beskeie oor hierdie saak is of self maar weinig meer as die tieners weet. Skoolopvoeding lê dikwels ook die klem op die feitelike inligting, terwyl die morele kwessies, tieners se eintlike vrae en hulle emosionele belewing onaangespreek bly (McCormick e.a., 1985: 582).

In Suid-Afrika word seksopvoeding op skool veral versigtig benader en moet dit aangepas word by die, soms baie konserwatiewe, normatiewe kriteria wat deur die onderwysdepartemente daargestel word. Volgens Hare (1992), Departementshoof Opvoedkundige Leiding by 'n Transvaalse Onderwysdepartement skool, moet daar byvoorbeeld in die Transvaal toestemming by ouers gevra word sodat kinders die kursus (wat vir slegs drie jaar deel van die skoolkurrikulum is) mag bywoon.

Die skool kan 'n belangrike rol speel omdat behoorlike standaarde en vakinhoude bepaal kan word. Op hierdie wyse kan feite wat meer gebalanseerd, volledig en korrek is, aan tieners oorgedra word.

3.4.1.3 Die portuurgroep.

Thom (1990: 440) bevestig die feit dat die portuurgroep 'n belangrike bron van seksinligting vir tieners kan wees. Hulle gesels oor die teenoorgestelde geslag, hoe 'n mens moet optree, spog oor hul verowerings, tegnieke, ensovoorts. Hierdie inligting is egter dikwels foutief en verdraaid omdat baie onwaarhede en wolhaarstories oorgedra word.

3.4.1.4 Boeke oor seks.

Geslagsvoorligting kan baie suksesvol met behulp van vaklektuur gedoen word. Adolessente is in staat om self inligting in boeke te vind en daardie inligting te begryp. In die meeste gevalle word gebalanseerde en feitelik korrekte gegewens in hierdie boeke oorgedra en tieners kan weer en weer na dieselfde bron toe teruggaan om onduidelikhede op te klaar. Vaklektuur as seksinligtingsbron het egter ook sekere tekortkomings. Aangesien boeke moet veralgemeen kan hulle nie al die vrae wat 'n adolessent het, beantwoord nie of dra hulle slegs biologiese feite oor, maar laat die morele kwessies of vrae oor die emosies van die individu onaangespreek.

Naas vaklektuur kan fiksie ook inligting oordra. Die bydrae wat fiksie kan maak word in 4.2.4 hieronder volledig bespreek.

3.4.1.5 Eksperimentering

Dit is 'n verdere wyse waarop tieners meer te wete kom oor hul eie seksualiteit en seksuele optredes. Daar word met masturbasie, liefkosings, ensovoorts geëksperimenteer. Tieners raak dikwels eers bewus van sommige sake wanneer hulle in liefdesverhoudings betrokke raak. (Mitchell, 1971: 29-30)

3.4.1.6 Tydskrifte, films en ander media.

Hierdie media kan naas bogenoemde bronne ook 'n bydrae lewer tot inligtingsoordrag. Algemene tydskrifte bevat deesdae heelwat artikels oor die seksuele, maar meestal op 'n vlak wat vir ouer mense of getroudes van nut kan wees. Soms dra dit ook verwarrende of vervlakkende idees oor omdat die artikels kort, eensydig of baie elementêr is. Dit gebeur ook dat tydskrifte en ander media soos televisie deur fiksie (dramas, verhale, "soapies") seksuele optrede en selfs seksuele wanvoorstellings aan tieners oordra (Scott, 1988b: 165). Op dieselfde wyse wat fiksie negatiewe of swak inligting kan oordra, kan dit ook gebruik word om korrekte feite en gebalanseerde standpunte oor menswaardigheid, morele optrede, ensovoorts oor te dra (Kyk 4.2).

**3.4.2 Geslagsopvoeding en kennis**

Daar bestaan min twyfel daaroor dat baie tieners seksueel aktief is, en dit blyk dat dit in die toekoms waarskynlik eerder sal toeneem as afneem. Dit blyk egter ook uit die verskillende ondersoeke wat vervolgens kortliks bespreek sal word dat hul kennis oor die onderwerp ten spyte van die openheid daaroor in die media, geslagsvoorligting en die toegeefliker houding van die gemeenskap, steeds baie ontoereikend is. Die toename in tienerswangerskappe en die gevaar van VIGS plaas seksopvoeding gevolglik baie sterk onder die soeklig.

Die skrywers lê ook klem daarop dat geslagsvoorligting noodsaaklik is om tieners vroegtydig voor te berei vir die liggaamlike en geestelike seksuele veranderings. De Wit en Van der Veer (1987: 168), Stevens-Long en Cobb (1983: 256) en Thom (1990: 413) sê almal dat inligting betyds oorgedra moet word en nie (soos in baie gevalle) nadat die tiener reeds die ervaring deurgemaak het nie. Scott (1988b: 166) beweer dat indien ouers en ander opvoeders meer aandag aan geslagsvoorligting gee, seksuele permissiwiteit en tienerswangerskappe behoort af te neem. Daarby kan gebrekkige of foutiewe inligting lei tot skuldgevoelens, vrese en swak selfvertroue (Van der Westhuizen & Scott, 1988: 84). Postma (1988b: 110-111) beklemtoon ook die noodsaaklikheid van geslagsvoorligting op soveel terreine moontlik, formeel sowel as informeel, ook wat gesindheid en moraliteit betref.

Faulkenberry en andere (1987: 329) en McCormick en andere (1985: 582) dat die meeste tieners ten spyte van geslagsopvoeding op skool steeds nie genoeg weet nie, of foutiewe inligting het en dat kennis nie noodwendig beteken dat dit toegepas sal word nie.

Volgens genoemde skrywers kan daar verskeie redes wees waarom tieners nie die kennis wat hulle kry, toepas nie. Eerstens kry baie tieners die meeste inligting by hulle maats, welke inligting nie altyd feitelik korrek is nie. Verder wissel die kwaliteit van seksopvoeding op skool en dikwels bevat die skoolprogramme ook nie die inligting wat die tiener nodig het nie. Die gegewens is dikwels te tegnies of onverstaanbaar of ontoepaslik vir hulle behoeftes. Laastens beoefen tieners soms riskante sekspraktyke omdat hulle van twee kante af onder druk staan: aan die een kant praat die massamedia seksuele aktiwiteite goed en daarmee saam oefen die portuurgroep druk op die tieners uit om daaraan deel te neem; aan die ander kant verg die morele kode waarmee tieners opgevoed is dat hulle seksuele aktiwiteite moet vermy. Indien tieners dus op 'n beplande wyse (met voorbehoedmiddels) seks beoefen sou dit beteken dat hulle doelbewus seksueel aktief is en dit druis dan in teen die streng moraliteit (McCormick e.a., 1985:587). Stevens-Long en Cobb (1983: 254) stel dit in 'n neutedop: "Good girls do not necessarily abstain, but they are definitely taken by surprise." Veral ten opsigte van Afrikaanse tieners is bogenoemde van groot belang, vanweë die invloed wat 'n baie streng morele kode op hulle gedrag uitoefen (Thom, 1990: 414). Dit maak hulle veral huiwerig om inligting oor voorbehoedmiddels te soek en lei tot riskante gedrag.

Tieners se swak kennis oor die seksuele kan lei tot fisieke, emosionele en morele probleme en dit is dus noodsaaklik dat die volledigste inligting moontlik vryelik beskikbaar gestel moet word.

### 3.4.3 Watter inligting wil tieners hê?

Die meeste tieners is nie tevrede met die voorligtingsprogramme wat hulle deurloop nie, al is hulle nie altyd seker presies wat hulle eintlik wou gehad het nie (McCormick e.a., 1985: 587, 589). Uit ander ondersoeke het daar sekere voorstelle gekom. Volgens Hurlock (1980: 244) het Sorenson in 'n ondersoek bevind dat meisies inligting wil hê oor geboortebeperking, die Pil, aborsies en swangerskap. Seuns, daarteenoor, stel meer belang in geslagsoordraagbare siektes, seksuele plesier, die seksdaad en geboortebeperking. Hul hoofbelangstelling is dus die seksdaad, alles wat daarmee saamgaan en wat die gevolge daarvan is. McCormick en andere (1985: 587) noem veral voorbehoedmiddels en die voorkoming van geslagsiektes as onderwerpe waaroor tieners meer wil weet. Verder sê hulle dat opvoedkundige programme verder moet gaan as die uiteensetting van morele kodes en die

beskrywing van die biologiese feite. Dit moet ook tieners se gevoelens en vrese ten opsigte van hul eie seksualiteit behandel. (McCormick e.a., 1985: 589)

Hierdie ondersoek van McCormick en ander is gedoen onder 'n groep Amerikaanse studente in 'n redelike konserwatiewe landelike gemeenskap, waar verskeie groepe sterk teen voorhuwelikse geboortebeperkingsprogramme gekant is. Hierdie gemeenskap is dus baie soortgelyk aan die Afrikaanse gemeenskap en gevolglik kan genoemde bevindings nuttig in ons situasie aangewend word.

### 3.4.4 Voorstelle vir beter seksuele inligting

Faulkenberry en andere (1987: 331) maak verskeie voorstelle ten opsigte van tieners se houding oor seksualiteit, maar vir die doel van hierdie ondersoek word slegs dié genoem wat op seksopvoeding in die wydste sin van die woord betrekking het: aanvaar dat tieners seksueel aktief is; voed hulle op om 'nee' te kan sê ten spyte van sosiale druk en stel nie-koitale seksaktiwiteite voor; en stel inligting oor voortplanting aan alle tieners beskikbaar deur middel van die skool, maar met die klem op praktiese vaardighede.

Stevens-Long en Cobb (1983: 256-257) spel dit verder uit: die tieners van albei geslagte moet die regte inligting en begrip kry vir sake soos menstruasie, ovulasie, ejakulasie en nagtelike saadstorting, liefkosings, orgasme en masturbasie. Almal behoort kennis te dra van homoseksualiteit. Tieners sowel as volwassenes moet die omgangstaal en die korrekte terminologie vir seks, seksuele probleme en voorkeure ken. Gedurende die laat-adolessensie word nie net hierdie soort vrae oor gewone seksuele aktiwiteite en tegnieke gevra nie, maar ook vrae oor onwettige aktiwiteite soos prostitusie en sodomie. Elke tiener behoort kennis te dra van die gemeenskap se houding teenoor seksuele gedrag van mans en vrouens en hoe daardie gedrag psigologiese ontwikkeling beïnvloed. Dieselfde geld vir die invloed wat seksuele intimiteit op die individu se psigologiese groei uitoefen.

Seksopvoeding behoort dus meer te wees as om bloot te verduidelik waar babas vandaan kom. Om morele en korrekte besluite te kan neem en daarvolgens op te tree, is inligting noodsaaklik. Seks word net in die regte lig gesien en verstaan indien dit binne die algemene konteks van persoonlike en sosiale opvoeding - morele, politiese, sosiale en emosionele - geplaas word. Ook probleme en gevare wat daarmee gepaard gaan, soos veneriese siektes, VIGS, onbeplande swangerskap en ouerskap, moet reeds op 'n vroeë stadium ingesluit word omdat tieners reeds op 'n jong leeftyd (ongeveer 12-13 jaar en selfs vroeër) van hierdie dinge bewus is.

Dit is duidelik dat gebrekkige inligting oor seksuele aangeleenthede 'n probleem in tienergeledere skep. Bibliotekarisse, ouers, onderwysers en skrywers moet hierdie

probleem aanspreek op alle moontlike maniere aangesien die korrekte inligting oor die hele spektrum van seksualiteit 'n bydrae sal lewer tot verantwoordeliker en veiliger optrede, beter kommunikasie en die daarstel van 'n selfstandige seksuele identiteit.

## 3.5 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking kom die volgende kerngedagtes, wat deurgaans in gedagte gehou moet word, na vore:

- Tienerseksualiteit vorm 'n baie belangrike deel van tieners se ontwikkeling en beïnvloed elke ander terrein van hulle lewe.
- Tieners word onder druk geplaas deur die gemeenskap wat hulle met verskillende eise ten opsigte van die seksuele konfronteer.
- Seksopvoeding en -inligting is noodsaaklik vir verantwoordelike optrede en besluitneming en tieners wil graag hierdie inligting hê.
- Die tradisionele wyse waarop seksinligting aan tieners oorgedra word, is gebrekkig en gevolglik kry tieners nie die inligting wat hulle benodig nie.

Daar moet gesoek word na alternatiewe metodes waarop die inligting wat tieners wil hê aan hulle oorgedra kan word. Een moontlikheid wat hom voordoen is tienerfiksie - 'n informele bron van inligting waarin feite en emosionele of gevoelsinligting oorgedra kan word. Om te bepaal of tienerfiksie 'n daadwerklike bydrae kan maak om tieners se behoefte aan seksuele inligting te bevredig, moet die eienskappe van tienerfiksie en die uitwerking wat dit mag hê vervolgens ondersoek word.

## 4 TIENERFIKSIE

Hoewel fiksie primêr gelees word vir die plesier van lees en ontvlugting na 'n fiktiewe wêreld van boekkarakters, kan fiksie, soos enige boodskap wat een mens aan 'n ander oordra, op 'n informele, nie-doelbewuste wyse inligting aan lesers oordra. Weens die beperkte ervaring van die tienerlesers kan hulle met verskeie nuwe ervarings op hierdie wyse in aanraking kom. Om te kan bepaal hoe tienerfiksie in tieners se behoeftes ten opsigte van die seksuele kan voorsien, moet die algemene eienskappe van tienerfiksie in gedagte gehou word. Daarbenewens moet die opvoedende aard en die invloed van tienerfiksie ondersoek word om te bepaal of dit 'n bydrae kan lewer tot bevrediging van die seksuele inligtingsbehoeftes van tieners.

Aangesien tienerfiksie op dieselfde waardige vlak moet staan as ander literêre subgenres, sluit die hieropvolgende kenmerke aan by die gewone wyse waarop literêre werke beoordeel word, naamlik ruimte, tyd, karakters, styl en tema. Daar word egter begin met 'n bespreking van die belangrike elemente van kompleksiteit, uitgangspunt, probleemoplossing en die didaktiese aspekte wat tienerfiksie van ander literêre subgenres onderskei.

### 4.1 Eienskappe van tienerfiksie

#### 4.1.1 Kompleksiteit

In 'n tienerverhaal behoort die tienerleser se beperkte lewenservaring en leesvaardigheid in ag geneem te word en die kompleksiteit van die verhaal daarby aangepas te word sodat die leser nie verwar word deur té veel verweefde intriges nie. Engdahl (1980: 45-46) beklemtoon met reg dat idees vereenvoudig behoort te word, maar nie afgewater en elementêr behoort te wees nie. Sy sê voorts dat die tienerroman heelwat diepte behoort te hê en meervlakkig moet wees vir die meer volwasse tieners. Dit moet onderwerpe en gedagtes wat die moeite werd is om te oordink, insluit - dit wil sê, kompleksiteit hoef nie ingeboet te word nie, maar die vlak waarop standpunte, beginsels en emosies behandel word moet vir tieners betekenis hê.

#### 4.1.2 Uitgangspunt

Die verhaal behoort uit die perspektief en belewenisvlak van 'n jongmens gesien te word (Van der Westhuizen, 1989: 9). Volwasse uitgangspunte en sienings moet nie daarin voorkom nie omdat die tiener nie daarvoor begrip het nie. Engdahl (1980: 46-47) wys ook daarop dat tieners dikwels deur volwassene fiksie in 'n wêreld van volwasse emosies, ervarings en standpunte gedompel word wat hulle nie verstaan nie en wat hulle dikwels verwarrend en ontstellend vind.

### 4.1.3 Probleemoplossing

Die tienerkarakters in tienerromans behoort self hul probleme op te los en oplossings behoort nie van buite af opgedis te word nie. Karakters behoort in geloofwaardige dilemmas te verkeer en die vermoë te hê om self die probleme op te los. Deur hierdie probleemoplossings leer die leser nuwe ervarings ken deur die gebeure en gevolge wat in die verhaal geskets word. Geen maklike, klaargemaakte oplossings moet verskaf word nie. So word lesers gestimuleer om self te dink, self te argumenteer, self te kies en leer hulle dat daar meer as een antwoord op 'n vraag kan wees (Donelson & Nilsen, 1989: 426).

### 4.1.4 Didaktiese

Skrywers oor tienerboeke en skrywers van tienerboeke stem almal saam dat die tienerboek 'n didaktiese funksie het, maar daar is groot verskille in die interpretasie van wat didakties nou eintlik beteken. Aangesien dit baie nou aansluit by die invloed wat die tienerboek kan hê, word dit bespreek onder 4.2.

### 4.1.5 Ruimte en tyd

Tieners se kognitiewe vermoë stel hulle in staat om spronge in tyd, ruimte en kulture te begryp. Tienerfiksie kan daarom in 'n verskeidenheid milieus en tydperke afspeel en historiese verhale, toekomsverhale, realisme en fantasie is gewild. Van der Westhuizen (1989: 8) noem tieners se wye belangstelling in bekende omgewings (byvoorbeeld die skool of die huis), avontuurlike plekke (oerwoud, see, ensovoorts) of vreemde omgewings (buitenste ruimte, verlede, ensovoorts).

Geloofwaardigheid en eerlikheid is 'n vereiste vir tienerlektuur en kan enige tipe milieu laat slaag.

Hoewel realisme in tienerlektuur baie gewild is, beteken dit nie net 'n spieëluitbeelding van die werklikheid nie, maar soos Engdahl (1980: 45) dit stel: dit moet 'n geloofwaardige, korrekte weergawe van die lewe wees met die positiewe en negatiewe aspekte daarvan. Eerlikheid is belangrik en daarom is eensydige grusaamheid of probleemloosheid, byvoorbeeld, nie aanvaarbaar nie. Die tiener wil die problematiese en die toekomsmoontlikhede - die verskeidenheid in die werklikheid - leer ken.

### 4.1.6 Storielyn en gebeure

Tieners verkies 'n sterk, goeie storielyn met redelik vinnige ontwikkeling en goeie spanningslyn (Ray, 1977: 54). Naas die storielyn kan simboliek, insigte en introspeksie ook deel uitmaak van die verhaal sonder om dit vir die leser te veel te

kompliseer. Soos tieners ouer word, stel hulle volgens Van der Westhuizen (1989: 8) al meer in laasgenoemde belang.

### 4.1.7 Karakters en perspektief

Soos alle fiktiewe karakters moet dié in tienerfiksie ook voldoen aan die eis van genuanseerdheid (Steenberg, 1981: 22) en geloofwaardigheid. Vir tieners is dit egter nodig dat die karakters uit die perspektief van die tiener na die gebeure of verhaalverloop kyk, om met die karakters te kan identifiseer. Dit is nie noodsaaklik dat die leser en die karakter van min of meer dieselfde ouderdom hoef te wees nie, maar 'n volwasse uitgangspunt sal tieners nie noodwendig aanspreek of interesseer nie (Van der Westhuizen, 1989: 7). Die karakter behoort onder dieselfde omstandighede as die leser te verkeer en moet met dieselfde probleme worstel. Ray (1977: 51) sê dat die karakter as't ware van binne af moet kyk na die wêreld van tieners.

Die perspektief van die tiener kan deur 'n eerste of derde persoonsvertelling weergegee word en perspektiefwisseling kan ook gebruik word (Van der Westhuizen, 1989: 9). Steenberg (1981: 21-23, 25-26; 1988: 19) beklemtoon dit dat die karakters egter nie spreekbuise van 'n moraliserende outeur mag wees nie.

Volwassenes kom selde as hoofkarakters voor en gewoonlik is die volwasse karakters in die boek op die agtergrond as argetipes en hulle behoort nie 'n baie groot rol te speel nie (Donelson & Nilsen, 1989: 55-56).

### 4.1.8 Taalgebruik en skryfstyl

Alhoewel taal en styl nie 'n oorweging is waarom tieners fiksie lees nie, speel dit 'n belangrike rol om die inhoud toeganklik te maak en om aanklank by die ervaringswêreld van die tienerlesers te vind.

Informele taalgebruik en 'n reguit vertellende styl volg die praat- en denkpatroon van tieners self en vind gevolglik aanklank by hul wêreld. Ray (1977: 55) waarsku egter dat "slang" en kreatiewe tienertaal versigtig gebruik moet word. Alhoewel dit pas by die lesers kan dit maklik geforseerd klink en uit die mode raak.

Die gebruik van losstaande woorde, gebroke sinne, verrassende bladuitleg en tipografie sowel as 'n humoristiese of oordrewe verteltrant sluit nou by die ontwikkelingseienskappe en optrede van tienerlesers aan.

Ook in aansluiting by die ontwikkelingseienskappe van die tiener (soos ongeduld en introspeksie), word dialoog en handeling verkies bo lang beskrywende paragrawe en word die dagboekstyl en die ek-vertelling gebruik om die karakter se standpunte oor te dra (Lohann, 1989: 2).

#### 4.1.9 Temas

Verskeie skrywers soos hieronder bespreek beklemtoon die feit dat tieners graag wil lees oor temas wat vir hulle belangrik is. Hulle is geïnteresseerd in dinge wat met hulle self en om hulle gebeur.

Ray (1977: 55) het reeds in 1977 gesê dat die belangrikste tema in tienerlektuur die wye onderwerpsterrein van "grootword" is. Volgens Carlsen (1980: 9) lees tieners graag boeke waarin die karakters dieselfde probleme as die leser ondervind. Al soek tieners nie doelbewus na 'n verhaal wat hul spesifieke probleem aanspreek nie, lees hulle nogtans graag daaroor.

Naas die dinge wat met hulle gebeur, wil tieners ook oor dinge wat om hulle gebeur, lees. Tieners is in 'n groot mate blootgestel aan dieselfde omgewing as volwassenes. Deur televisie, tydskrifte en koerante kom tieners daagliks in aanraking met 'n verskeidenheid van sake wat in die werklikheid plaasvind. Tieners wil graag betrokke wees by die kwessies van die tyd waarin hulle lewe. Daarom behoort tienerlektuur hierdie gebeure en kwessies as temas te gebruik. Realistiese tienerwerke behoort 'n wye verskeidenheid realistiese aspekte van die alledaagse, die buitengewone, die tradisionele en die vernuwende te bevat.

Ray (1977: 61) noem verdowingsmiddels, seks, die dood, meervolkige samelewing en homoseksualiteit as temas waaroor tieners graag wil lees. In 'n ondersoek in 1980 bevind Hanckel en Cunningham (1980: 205) dat die gesogste temas vir tienerleesstof dwelmmisbruik, onbeplande swangerskappe, probleme in gesin- en portuurgroepverhoudings en individuele identiteitskrisisse is. Ghesquiere (1982: 94) noem die volgende temas: kernbedreiging en kernenergie; onbeperkte mag van owerhede; parapsigologie; seksualiteit in al sy vorme; bloedskande en homofilie.

Die gewildheid van liefdes- en probleemromans met temas wat die tiener se probleme met selfaanvaarding en alle aspekte van die seksuele en seksrol aanspreek, soos deur Peters (1990: 92) vasgestel, behoort 'n klinkklare bewys te wees dat tieners 'n groot behoefte aan hierdie soort leesstof het.

Uit hierdie ondersoeke kan 'n mens sien dat tieners steeds in dieselfde temas belangstel. Met klemverskuiwings wat in die wêreld om die tieners plaasvind, kom klemverskuiwings in die temas en nuwe onderwerpe na vore, maar die oorkoepelende temas bly tog dieselfde. Dit blyk uit die meeste ondersoeke (soos bogenoemde) dat alle aspekte van die seksuele vir tienerlesers belangrike temas in hulle leesstof is. Baie van die onderwerpe waaroor tieners wil lees, word egter deur Suid-Afrikaanse skrywers en uitgewers (ook onderwysers, bibliotekarisse en ouers)

as taboe beskou en bykans geen of min boeke oor hierdie temas word gepubliseer nie (byvoorbeeld aspekte van seks, uitgesproke kritiek teen apartheid).

### 4.1.10 Samevatting

Opsommenderwys kan ons dus sê dat die kenmerke van tienerfiksie die volgende is:

* Dit word geskryf met die tiener in gedagte.
* Dit bevat karakters waarmee die tiener kan identifiseer.
* Die gebeure is interessant en geloofwaardig.
* Dit word in 'n taal geskryf wat hulle verstaan en aanspreek.
* Dit handel oor onderwerpe wat tieners interesseer en raak.

Tienerfiksie word geskryf met die tienerleser in gedagte, maar dit is vervolgens nodig om te bepaal of tienerfiksie vir die leserspubliek daarvan werklik enige waarde inhou, of dit enige invloed hoegenaamd op hulle het, en indien wel, watter invloed dit op hulle het.

## 4.2 Die uitwerking wat tienerfiksie mag hê

### 4.2.1 Die invloed van lees

In 'n ondersoek na die invloed van lees word dit gou duidelik dat dit bykans onmoontlik is om empiries te bepaal presies watter invloed 'n boek of boeke op 'n individu het (Dasberg, 1981: 75). Dit kan nie onomstootlik bewys word dat boeke 'n goeie of 'n slegte invloed het nie, maar dit staan wel vas dat lees die een of ander invloed het. Alle boodskappe (in hierdie geval die verhaal) moet die een of ander soort invloed op die ontvanger (die leser) hê. Die wese van kommunikasie lê daarin dat die sender die ontvanger deur die boodskap wil inlig of beïnvloed. (Coetzee, 1977: 80)

Dasberg (1981: 75-79) haal verskeie individue aan, wat vertel watter besondere invloed jeugboeke op hul lewens gehad het. Daaruit blyk dit dat sommige boeke 'n grondige invloed op die lewe van die leser kan hê, maar dat dieselfde boek nie dieselfde invloed op al sy lesers het nie; dat dieselfde leser nie deur alle boeke in dieselfde mate beïnvloed word nie; en dat sommige leesstof byna geen invloed op hul lesers het nie.

Die aanvangsvoorbeeld in 'n lesing van Tötemeyer (1989: 1-2) dui ook duidelik daarop dat fiksie 'n definitiewe invloed op die leser kan hê. Die stereotipe en grootliks valse kennis wat Wes-Duitsers oor Amerikaanse Indiane het, ten spyte van korrekte feitelike inligting wat vryelik beskikbaar is, is 'n regstreekse gevolg van die kinderboekreekse oor die Indiane van Karl May en ander. Sy sê verder (1989: 3) dat kinderfiksie 'n meer blywende indruk op die lesers laat as wat besef of erken word.

Die feit dat tienerfiksie 'n besliste invloed op tienerlesers mag hê kan dus nie geïgnoreer word nie.

Tieners kan deur te lees veel meer dinge ervaar as wat hulle persoonlik kan beleef en daarby kan hulle net soveel van mense en die samelewing deur die indirekte ondervinding van lees leer as wat hulle kan leer deur eie ervaring (Lohann, 1989: 7).

Spink (1989: 15) som die effek van lees soos volg op: deur lees kry lesers die geleentheid om dinge te ervaar wat buite hul eie omgewing en tyd, in die verlede en in die toekoms, val; die leeservaring vervang die persoonlike ervaring waar dit dikwels te gevaarlik kan wees om iets self te probeer; lees berei verder lesers voor op persoonlike ervarings wat nog mag voorlê; en deur lees verkry die werklikheid en persoonlike ervarings 'n ander dimensie van abstraksie, spekulasie of fantasie.

Lees help om lesers se ervaring en kennis van die wêreld en mense om hulle uit te brei. Al het die boek nie die monopolie op inligtingsoordrag nie, soos Dasberg (1981: 75) beklemtoon, speel dit saam met 'n verskeidenheid ander faktore 'n belangrike rol in die individu se opvoeding. Hierdie invloed wat tienerfiksie kan hê, is veral van belang by seksopvoeding in die wydste sin waar dit blyk dat tradisionele inligtingsmetodes te kort skiet.

### 4.2.2 Skrywers se standpunte oor die didaktiese aard van tienerfiksie

Tieners word deur opvoedkundiges, sielkundiges en baie outeurs van tienerboeke beskou as beïnvloedbare individue op pad na volwassenheid wat baie vatbaar is vir indrukke en wat met verantwoordelikheid daarheen gelei moet word (Scott, 1988a: 45, 46; Spink, 1989: 44). Daar moet dus met verantwoordelikheid vir tieners geskryf word. Verskillende skrywers huldig egter uiteenlopende menings oor hoe hierdie verantwoordelikheid nagekom moet word, vanaf diegene wat dit as hulle roeping beskou om tieners in te lig tot diegene wat die vreugde van skryf as die allerbelangrikste doel beskou.

Maretha Maartens (1990: 25) beskou dit as haar plig as skrywer om die lewe aan tieners te verduidelik en sodoende te poog om dit verbeter. Dit is verder ook duidelik uit bogenoemde referaat dat sy haar geroepe voel om die jeug in te lig, te waarsku en, soos sy self dit stel, "lewensessens" op 'n teelepel suiker in te gee (Maartens, 1990: 26).

Elsabé Steenberg (1988: 17) daarenteen sê dat 'n skrywer moet skryf om die woordkuns, nie om die didaktiese of om in tieners se behoeftes te voldoen nie. Sy is egter ook van mening dat die skrywer die waarhede van die lewe moet beskryf sodat die tiener tot insig of begrip kan kom (Steenberg, 1988: 19). Anders as Maartens is

Steenberg se doel met haar skryfwerk nie primêr opvoedend nie, maar opvoeding is tog 'n sterk sekondêre doelwit.

Richard Peck (Sutton, 1990: 36-40) huldig die standpunt dat die skrywer as volwassene nooit onbevooroordeeld na die jeug kyk nie. Hy self skryf altyd met sy tienerlesers in gedagte. Deur sy verhale hoop hy om tieners te help om 'n eie identiteit te verkry en selfstandigheid van die groep te bereik, om hulle begrip vir die samelewing te probeer gee en om aan hulle hoop vir hulle toekoms te gee. Hy streef egter daarna om eerder oom as onderwyser te wees. (Sutton, 1990: 39)

Natalie Babbitt (1990: 151-152) huldig 'n standpunt wat aan die ander kant van die spektrum staan, naamlik dat verantwoordelikheid nie 'n skrywer kan laat skryf nie. Sy voel dat die outeur eerlik, uit eie ervaring moet skryf met plesier of genot as doel. As die verhaal daarby nog tot hulp en nut kan wees, is dit goed so, maar dit mag nie met daardie doel geskryf word nie.

Alhoewel die meeste skrywers van tienerboeke (soos bogenoemde) beklemtoon dat tienerboeke nie mag preek of voorskriftelik moet wees nie, is hulle dit eens dat 'n eensydige, uitsiglose weergawe van die werklikheid nie vir tienerlesers aanvaar kan word nie (Hanckel & Cunningham, 1980: 205; Van Zyl, 1988: 10).

Engdahl (1980: 45) sê tereg dat 'n verhaal 'n skrywer se standpunt kan weergee, maar dit moet standpunte oor die lewe wees en nie 'n voorstel oor hoe tieners daarna behoort te kyk nie. Verder sê sy ook dat geen outeur aan tieners antwoorde kan gee nie. 'n Outeur kan tieners net aanmoedig om self na antwoorde te soek (Engdahl, 1980: 48). Hierdie aanmoediging kan tieners help om tot eie besluitneming te kom en standpunte te vorm wat by elkeen se individuele behoeftes pas.

Al voel skrywers 'n verantwoordelikheid teenoor hulle lesers, en al skryf hulle om tieners te help om nie te ontspoor nie, mag die bewusmakingsfunksie nooit voorrang geniet nie. Tienerlektuur behoort eerstens as taalkunswerk vir die plesier van die lees daarvan geskep te word, en as dit daarby nut as inligtingsbron het, is dit 'n bonus. Uit 'n leserkundige oogpunt is Babbitt se standpunt soos hierbo uiteengesit, die aanvaarbaarste.

Met die oog op die seksuele in die tienerfiksie beteken dit dus dat 'n werk nie met die oordra van inligting of morele waardes as doel geskryf mag word nie, anders word dit bloot 'n morele kapstok waaraan 'n storie hang. Dit beteken egter ook andersyds, dat netelige morele kwessies, soos aspekte van tienerseksualiteit en seksuele ervarings nie in tienerfiksie geïgnoreer mag word nie en dat dit daarin dieselfde aandag moet kry as enige ander tema.

Afgaande op die standpunte van Maartens (1990: 22-27) en Steenberg (1988: 14-19) kan gesê word dat tienerboeke in Afrikaans egter dikwels geskryf word met 'n primêre of sekondêre opvoedende doelwit. Om vas te stel of hierdie benadering vir die lesers van tienerlektuur aanvaarbaar is, is dit vervolgens noodsaaklik om te bepaal wat tienerlesers se doel met die lees van tienerfiksie is.

### 4.2.3 Redes waarom tieners lees

Mense lees om baie verskillende (bewustelike of onbewustelike) redes, maar Giehrl (1968: 28-30) sonder die volgende drie as die belangrikstes uit: mense lees om die wêreld om hulle en in hulle en die verskeidenheid ingewikkelde verhoudings wat daarin voorkom, te kan begryp en beter te leer ken. Verder lees hulle om die wetmatighede, betekenis en dieper sin van die lewe te begryp. Deur die drome en hoop in die boek wil die mense hul eie gebondenheid aan die werklikheid oorwin of ontvlug.

Geyser (1974: 91-96) sluit hierby aan met die standpunt dat tieners lees om hul behoeftes te bevredig. Dit behels onder andere die behoefte aan kennis, om as deel van 'n groep aanvaar te word, emosionele sekuriteit, onafhanklikheid, sukses en werklikheidsontvlugting.

Steenberg (1988: 15-19) verdeel hierdie behoeftes in drie hoofgroepe, naamlik behoefte aan kennis van die self, eie probleme en belewenisse; behoefte aan begrip en kennis van ander mense; behoefte aan ontvlugting, fantasie en ontspanning. Kennis van hulself, die mense en die wêreld om hulle bevredig tieners se nuuskierigheid en verskaf sekuriteit aan hulle omdat hulle die eise van die samelewing leer herken en leer om dit die hoof te kan bied. Daarby verskaf lees aan hulle 'n geleentheid om die alledaagse kwellinge te ontvlug.

Evans en Patyk (1973: 61) bevestig bogenoemde standpunt in hul stelling dat die doel waarmee tieners lees om inligting te verkry oor hulle probleme en idees; om te kan identifiseer met gebeure en karakters in die boek wat hulle as interessant of lekker beskou; en vir die estetiese of vir afleiding, ontspanning en ontvlugting. Uit hul ondersoek bevind hulle verder dat tieners hoofsaaklik lees vir ontspanning, in 'n mindere mate om inligtingsonthalwe en die minste ter wille van die estetiese (Evans & Patyk, 1973: 63). Mellon (1987: 29) bevestig die bevinding dat tieners hoofsaaklik lees om te ontvlug van hulle eie probleme, met ander woorde vir ontspanning.

Dit kan dus gesê word dat alhoewel tienerboeke inligting oordra, dit nie die hoofdoel daarvan mag wees nie aangesien dit hoofsaaklik vir ontspanning gelees word. Dit beteken verder dat, indien die boodskap of inligtingsoordrag té duidelik sigbaar is in die teks en die tiener dit as sodanig herken, die trefkrag van die boodskap verlore

gaan. Inligtingsoordrag is 'n sekondêre behoefte by tienerlesers en moet daarom subtiel plaasvind. Die didaktiese skryfstyl wat sommige Suid-Afrikaanse skrywers voorstaan, vind dus nie aanklank by lesers nie.

Samevattend kan gesê word dat tienerlektuur in die eerste plek 'n ontspanningsbehoefte bevredig, maar dat dit ook hul behoefte aan inligting aanspreek.

### 4.2.4 Wyses waarop tienerfiksie aan die ontspannings- en inligtingsbehoeftes kan voldoen

#### 4.2.4.1 Ontvlugting en ontspanning

Hedendaagse tieners leef onder hoë spanning vanweë die eise wat aan hulle gestel word deur enersyds die aanpassing by hulle liggaamlike en geestelike veranderings, en die uiteenlopende eise van die samelewing andersyds. Tieners voel dikwels dat hulle die pas nie kan volhou nie, en dit is dus belangrik dat hulle op die een of ander wyse moet kan ontspan. Deur hulself te "verloor" in 'n opwindende verhaal is een manier waarop die spanning ontlaai kan word. Die verhaal dien gevolglik as 'n soort veiligheidsklep (Anon, 198-: 13-14).

Ook seksuele spanning wat tieners nie in die werklikheid kan ontlaai deur seksuele optrede nie (as gevolg van byvoorbeeld gemeenskapsanksionering of hul eie morele kode) kan saam met die boekkarakters en gebeure beleef en ontlont word. Daarom is die ligte erotiese beskrywings in "sexy" boeke so gewild (Marshall, 1975: 39-40).

Deur identifikasie met karakters in die verhaal kan tieners kompenseer vir hul eie tekortkomings. Die boekkarakters kan die probleme oplos en die tekortkomings waarmee tieners in die werklikheid sukkel, oorkom. Tieners se liggaamlike ontwikkeling geskied nie altyd soos wat hulle dit sou wou hê nie en hulle heteroseksuele verhoudings verloop soms maar moeilik. Met behulp van die fiktiewe karakters in die boek kan hulle egter die aantreklike ridder of modelmooie heldin van hul drome wees.

Tieners kan ontvlug van hulle probleme waarmee hulle in die realiteit worstel na 'n wêreld waar die probleme nie bestaan nie en vir 'n tyd lank vergeet van hulle probleme (Mellon, 1987: 29). Die gebondenheid aan die wêreld kan verbreek word deur nuwe wêrelde en situasies deur die oë van die skrywer te beleef (Giehrl, 1968: 29). Boeke stel tieners in staat om te wees wie hulle wil, te reis waarheen hulle wil en om te kan doen wat hulle wil. Ten opsigte van die seksuele beteken dit dat lees hulle ook op hierdie gebied met nuwe dinge in aanraking bring en dat hulle situasies kan beleef wat in die werklikheid onmoontlik of onaanvaarbaar sou wees.

#### 4.2.4.2 Inligting

Tienerfiksie word hoofsaaklik geskryf en gelees vir die genot daarvan, maar alhoewel dit geensins die doel van fiksie is om inligting oor te dra nie, word daar tog nuwe feite aan die lesers bekendgemaak (Lohann, 1989: 9). In fiksie word feitelike inligting op 'n toevallige wyse oorgedra in die verhaalgegewe. Deur die skets van die milieu, karakters en gebeure moet sekere inligting aan die leser oorgedra word en so kan tieners inligting bekom oor plekke, mense, situasies en gebeure waarmee hulle self nog nie in aanraking gekom het nie.

Dit is belangrik dat die skrywer van tienerfiksie die korrekte feite weergee, aangesien tieners nog nie genoeg kennis, insig of lewenservaring het om dit na behore te bevraagteken nie. Verhale waarin die seksuele voorkom hoef nie 'n sekshandleiding te wees nie, maar die korrekte feite oor byvoorbeeld swangerskap en voorbehoedmiddels moet gegeee word en onwaarhede (soos dat 'n mens van masturbasie blind word) behoort nooit onbetwis in 'n tienerroman voor te kom nie.

Die belangrikste inligting wat deur die fiksie oorgedra kan word is inligting oor die mens self, emosies wat hulle beleef, hoe hulle gebeure ervaar en hulle optrede in verskillende situasies (Lohann, 1989: 9). Fiksie is by uitnemendheid geskik om begrip en insig in die emosionele of gevoelsbelewing van die mens te verkry (Donelson & Nilsen, 1989: 280). Tienerlesers kan deur die beskrywing van die emosies wat karakters ervaar, insig verkry in die uiteenlopende eienskappe van die menslike natuur; hoe individue van mekaar verskil en met mekaar ooreenstem; hoe verskillende mense reageer, ensovoorts (Ghesquiere, 1982: 176-177; Calderone, 1980: 176). Hierdie insig kan tieners goed te staan kom in die nuwe verhoudings (veral met die teenoorgestelde geslag) waarin hulle hul bevind.

Naas die kennis van die medemens wat tieners uit tienerfiksie kan bekom kan hulle hul eie ouderdomsgroep asook hulself beter leer ken en begryp (Nilsen & Donelson, 1985: 405); insig verkry in die samelewingsopset en sosiale verantwoordelikheid (Edwards, 1973: 78) en menseverhoudings (Lohann, 1989: 9).

Tieners beskou hulself as uniek met unieke probleme en vind dit dikwels moeilik om hierdie ontwikkelingsprobleme op te los. Deur die lees van tienerverhale kan tieners tot die besef kom dat ander dieselfde probleme kan hê. 'n Verskeiden-heid moontlike probleemoplossings en moontlike gevolge kan deur die boekkarakters beleef word en die leser kan daardeur selfvertroue opbou om, indien hulle met dieselfde probleme gekonfronteer word, self oplossings te soek (Nilsen & Donelson, 1985: 405).

Tieners kan deur fiktiewe gebeure en situasies in aanraking kom met dinge wat hulle nie self kan of wil beproef nie omdat dit te gevaarlik, pynlik of ontoelaatbaar sou

wees, byvoorbeeld dwelmverslawing, buite-egtelike swangerskappe, die dood en seks (Spink, 1989: 15). Deur daaroor te lees kan tieners dit saam met die karakters beleef en ook die verskeidenheid gevolge daarvan ervaar. Sodoende kan tieners deur die ervaring van die karakters lewenservaring opdoen.

Dit word in die volwassewordingsproses van tieners verwag om 'n eie stel norme te aanvaar waarvolgens hulle hul gedrag kan rig. Dit kan vir hulle 'n baie moeilike taak wees weens die dualisme tussen hulle ouers se meestal streng norme, groepsdruk en die samelewingseise. Deur fiksie kan tieners 'n verskeidenheid morele keuses wat deur die karakters gemaak word, ervaar en so onregstreeks die voor- en nadele van die keuses self beleef. Marais (1983: 19, 20) sê dat tienerfiksie tieners in die algemeen beïnvloed om die norme te aanvaar wat die samelewing waarin hulle funksioneer, handhaaf.

Tieners kan leer onderskei tussen verskillende waardes omdat hulle met 'n verskeidenheid bekende en nuwe (en selfs vreemde) norme in die verhaal in aanraking kom. Die tiener voel selfverseker en veilig en in beheer van die situasies deur homself te verstaan, die wêreld om hom te begryp, verhoudings te verstaan en die verskeidenheid van die mensdom te herken (Giehrl, 1968: 28). Deur die lees van 'n wye verskeidenheid in tienerfiksie kan tieners hierdie selfvertroue deur kennis en insig ontwikkel.

### 4.2.5 Samevatting

Al word tienerfiksie nie primêr gelees om inligting te verwerf nie, word inligting tog op 'n onbewustelike manier oorgedra. Skrywers moet egter versigtig wees om nie doelbewus 'n lerende werk te skryf nie, aangesien tieners primêr lees om te ontspan. 'n Wye verskeidenheid inligting, veral oor die seksuele, kan deur tienerfiksie oorgedra word en tienerfiksie kan gevolglik 'n belangrike bydrae lewer tot seksuele inligtingsoordrag.

Om vas te stel of Afrikaanse tienerfiksie 'n geslaagde informele inligtingsbron oor die seksuele is, is dit noodsaaklik om vas te stel watter aspekte van die seksuele in tienerfiksie behoort voor te kom.

### 4.3 Wat behoort in tienerboeke voor te kom ten opsigte van die seksuele

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande hoofstukke dat tieners probleme ondervind met die aanpassing by hulle seksualiteit en die wyse waarop hulle dit kan en mag uitleef en dat hulle 'n dringende behoefte aan inligting oor die onderwerp het. Dit is verder duidelik dat tienerfiksie 'n belangrike rol kan speel in die oordra van inligting oor sake wat moeilik op 'n ander wyse aan tieners verduidelik kan word.

Dit is belangrik om te onthou dat één tienerverhaal nooit aan al hierdie aspekte kan aandag gee nie. Dit is sake wat in die hele genre behoort voor te kom en afhangende van die aard van die individuele verhaal, in 'n mindere of meerdere mate aandag behoort te kry.

### 4.3.1 Korrekte feite

Calderone (1980: 172) beklemtoon die waarde van korrekte feite en inligting. Daar bestaan genoeg mites, valse opinies en volwasse menings oor die seksuele, en die verkeerde feite kan tieners verwar en meer skade doen as hulp verleen. Die korrekte feite oor alle aspekte van die menslike seksualiteit moet in tienerlektuur voorkom, byvoorbeeld oor fisieke ontwikkeling, voorbehoeding, seksueel oordraagbare siektes, homoseksualiteit, seksuele gedrag, die seksdaad en seksuele misdrywe. Die VIGS-gevaar bring nou ook die dood by as 'n gevolg van onverantwoordelike optrede.

### 4.3.2 Beskrywing van gevoel en emosies

Dit is slegs deur fiksie wat tieners begrip kan ontwikkel vir die hewige emosies wat die seksuele in die mens kan ontketen. Dit is moeilik om die emosionele gewaarwordings van seksualiteit in feiteboeke oor te dra. Verwarde en onkundige tieners het inligting hieroor nodig om hulle persoonlike gevoelens en vrese oor seksualiteit te begryp en te verwerk (McCormick e.a., 1985: 587, 589).

### 4.3.3 Beskrywing van seksuele gedrag

Marshall (1975: 40) sê dat tieners "sexy" boeke wil lees en as hulle dit nie in goeie literatuur (of die boeke wat aan hulle beskikbaar gestel word) kry nie, kry hulle dit in volwassene lektuur. Naas die verligting van seksuele spanning kan beskrywings van liefkosings tieners inlig oor die wyse waarop sekere aktiwiteite plaasvind, watter optrede geverg word en watter emosies daarmee gepaard gaan.

Donelson en Nilsen (1989: 115) bevestig ook die feit dat tieners graag vurige en lewendige ("vivid") beskrywings van seksuele aktiwiteite lees om hulle nuuskierigheid te bevredig. Hulle is verder van mening dat ook negatiewe seksuele gedrag (soos verkragting, bloedskande en kindermolestering) in moderne tienerboeke behandel behoort te word, aangesien dit in die moderne tiener se lewe kan voorkom.

### 4.3.4 Onbevooroordeeldheid

Al ervaar nie alle tieners die groot morele vraagstukke van aborsie, misbruik, swangerskap, homoseksualiteit, ensovoorts nie, wonder hulle almal oor die sosiale implikasies van seksuele eksperimentering (Donelson & Nilsen, 1989: 117). Al hierdie aspekte van seksualiteit behoort in tienerboeke op 'n onbevooroordeelde wyse aandag te geniet.

Die tienerlesers behoort in hul leesstof met 'n verskeidenheid standpunte oor morele kwessies in aanraking te kom. Die skrywer behoort nooit voorskriftelik of veroordelend te wees nie sodat die tieners kan leer om self morele besluite te neem. Aangesien tieners in die werklikheid met morele kwessies gekonfronteer word waaroor hulle self besluite moet neem, is dit belangrik dat morele kwessies in tienerlektuur aangeraak word sonder dat die skrywer die leser van die keuse ontneem deur 'n moraliserende houding. So leer hulle om uiteindelik meer verantwoordelike keuses te kan maak.

In die tienerlektuur behoort daar ook verskillende standpunte deur die verskillende skrywers gehuldig te word. 'n Tienerletterkunde wat slegs een standpunt verteenwoordig (byvoorbeeld die Christelike) kan nie aan die volle tienergemeenskap (waarin daar verskillende morele kodes voorkom) se leesbehoeftes en inligtingsbehoeftes voldoen nie.

### 4.3.5 'n Wye leesspyskaart

In die tienerlektuur behoort 'n wye verskeidenheid van onderwerpe en standpunte voor te kom. Alle moontlike onderwerpe ten opsigte van seks wat vir tieners van belang is, al is dit kontroversieel, behoort in tienerlektuur aangespreek te word, aangesien dit juis die dinge is waarvan hulle kennis behoort te dra.

Alternatiewe seksvoorkeure (soos homoseksualiteit) en -praktyke (soos voorhuwelikse seks) behoort met begrip in tienerlektuur behandel te word, sonder dat dit noodwendig goedgepraat hoef te word. Jong homoseksueles het ook antwoorde op hul vrae en lewensprobleme nodig (Hanckel & Cunningham, 1980: 206-207).

Tieners behoort ook in hul eie lektuur in aanraking te kom met nuwe oplossings vir probleme en moet nie net 'n herhaling van die geykte of tradisionele oplossings voorgehou word nie. Veranderende omstandighede en morele kodes verg van tieners om besluite te kan neem wat daarby aanpas. Moderne probleme kan nie meer met tradisionele oplossings gehanteer word nie.

### 4.3.6 Realisme

Tieners wil graag die volle werklikheid van die seksuele begryp. Ten opsigte van ander aspekte van die lewe (soos politiek, sport en kultuur) is inligting vryelik beskikbaar, maar ten opsigte van die seksuele word baie dinge verswyg. Bradburn (1990: 35) is van mening dat dit hulle juis laat wonder oor seksualiteit, wat volwassenes as iets natuurliks voorhou maar wat tog in die tienerlektuur verswyg word. Realistiese uitbeelding behels eerlikheid en nie noodwendig sensasie nie.

Die voorafgaande kwessies is as uitgangspunt gebruik by die opstel van 'n kontrolelys van seksuele aspekte wat in tienerlektuur kan of behoort voor te kom.

### 4.3.7 Samevatting: lys van seksuele aspekte

Die voorafgaande kwessies is as uitgangspunt gebruik en daarmee saam is die ontwikkelingseienskappe en -take, die tieners se uitgesproke inligtingsbehoeftes en die voorstelle wat deur tienersielkunde-kenners gemaak is, gebruik om 'n lys saam te stel van daardie aspekte van die seksuele wat in tienerfiksie aandag behoort te geniet. Aan die hand van hierdie kontrolelys kan vervolgens vasgestel word in watter mate die Afrikaanse tienerlektuur aspekte van seksualiteit aanraak of behandel en of dit die inligtingsbehoeftes van Afrikaanse tieners kan bevredig.

#### 4.3.7.1 Voorkoms

Die beskrywing van die fisieke voorkoms van die karakters; vergelykings met ander; kritiek of aanvaarding van voorkoms; die verfraaiing van die voorkoms deur grimering of kleredrag; en naaktheid word hieronder tuisgebring.

#### 4.3.7.2 Liggaamlike veranderings

Die beskrywing van die liggaamlike rypwording op seksuele gebied, soos menstruasie, nagtelike saadstorting en die geslagsdrif val hieronder.

#### 4.3.7.3 Geslagsidentifikasie

Dit sluit die tradisionele of moderne uitbeelding van die manlike of vroulike geslagsrol, asook homoseksualiteit in.

#### 4.3.7.4 Hofmaakprosedures

Dit behels die kontak wat tussen seuns en meisies ontstaan vandat hulle seksueel van mekaar bewus word, vanaf informele ontmoetings in groepe tot die uiteindelike uitgaan op 'n afspraak.

#### 4.3.7.5 Liefkosings

Verskeie vorms van liefkosings wat onder tieners voorkom vanaf hande vashou tot die seksdaad word hierby ingesluit, asook die emosies wat daarmee gepaard gaan.

#### 4.3.7.6 Ander seksuele aktiwiteite

Hiermee word bedoel die romantiese drome, seksuele fantasieë, masturbasie en seksuele aktiwiteite wat tieners in privaatheid beoefen.

#### 4.3.7.7 Afwykende seksuele gedrag

Die voorkoms van molestering, bloedskande, verkragting, ontbloting, voyeurisme en prostitusie word hierby ingesluit.

4.3.7.8 Voorbehoedmiddels

Dit sluit inligting omtrent voorbehoedmiddels, die gebruik daarvan, asook die morele kwessies wat met voorbehoeding en die besluite daaroor saamgaan in.

4.3.7.9 Swangerskap en geboorte

Die moontlikheid van swangerskap, buite-egtelike babas en tienerhuwelike vorm deel hiervan.

4.3.7.10 Seksueel oordraagbare siektes, insluitend VIGS

4.3.7.11 Benaming

Dit sluit die korrekte sowel as die omgangstaal met betrekking tot seksuele aktiwiteite in.

4.3.7.12 Morele kwessies

Die bespreking van en standpunte oor sake soos maagdelikheid, voorhuwelikse seks, promiskuïteit en aborsie val hieronder.

4.3.7.13 Feitelike inligting

Die vraag word gevra of die werk korrekte feitelike inligting verskaf oor seksopvoeding en alle ander aspekte van die seksuele, en of die werk wolhaarstories en bangmaakpraatjies bevat.

4.3.7.14 Emosionele aspekte

Die vraag word gestel of die emosionele aspekte wat by seksuele aktiwiteite betrokke is en die verwerking en beheersing van emosies bespreek word.

4.3.7.15 Onbevooroordeeldheid van die skrywer

Daar word ondersoek of verskeie standpunte genoem word, of verskillende oplossings aangebied of geskets word en of nuwe insigte aan die leser gebring word.

4.3.7.16 Realisme

Die werklikheidsgetrouheid van die seksuele in die verhaal word gemeet.

4.3.7.17 Erotiese

Sou die beskrywings die tienerlesers 'n mate van seksuele opwinding verskaf?

Hierdie lys is verfyn om 'n kontrolelys van seksuele aspekte saam te stel wat in die praktiese ondersoek gebruik is om die Afrikaanse tienerboeke wat gelees is, aan te meet om sodoende te kan vasstel watter aspekte daarin voorkom en waar leemtes bestaan. Die kontrolelys word in Aanhangsel 1 gevind.

# AFDELING C: PRAKTIESE ONDERSOEK

## 5 ONDERSOEK NA DIE INHOUD VAN AFRIKAANSE TIENERBOEKE

### 5.1 Opname van Afrikaanse tienerboeke

Om te bepaal of aspekte van die seksuele soos in vorige hoofstukke bespreek, in Afrikaanse tienerfiksie voorkom, is dit noodsaaklik dat die grootste moontlike hoeveelheid tienerboeke gelees en geëvalueer word. 'n Lys van tienerfiksie wat vanaf 1985 tot 1991 oorspronklik in Afrikaans gepubliseer is, moes dus opgestel word.

Die identifikasie van al die tienerfiksie wat gepubliseer is, het verskeie probleme opgelewer en daar is van die volgende metodes gebruik gemaak om 'n verteenwoordigende lys van titels te verkry:

5.1.1 Publikasielyste van uitgewers

Alle bekende uitgewers van Afrikaanse tienerfiksie is genader om 'n publikasielys van tienertitels te verkry. Sommige uitgewers wou, of kon, glad nie 'n lys van tienerboeke verskaf nie terwyl ander slegs een gekonsolideerde lys van kinder- en tienerboeke verskaf het wat onderskeiding moeilik gemaak het.

5.1.2 Jeugboekversameling in die Ferdinand Postma-Biblioteek

Hierdie naslaanversameling van kinder- en jeugboeke is opgebou uit boeke wat deur die uitgewers aan die Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur geskenk word. Hierdie versameling bevat meeste van die jeugboeke wat in Suid-Afrika gepubliseer word. Slegs 'n paar wat weens pos- en versendingsprobleme nie ontvang is nie, asook enkeluitgawes van uitgewers wat nie gewoonlik jeugboeke publiseer nie, is nie in hierdie versameling opgeneem nie.

Daar bestaan nie 'n aparte katalogus vir die tienerboeke in die versameling nie en derhalwe is raksoektogte die enigste wyse waarop tienerfiksie en kinderfiksie van mekaar onderskei kon word. Om die probleem van boeke wat uitgeneem is te ondervang, is hierdie raksoektogte gereeld onderneem. Die grootste hoeveelheid titels is op hierdie manier gevind.

5.1.3 Resensies

Om verdere titels te vind, is daar van resensies in vaktydskrifte soos die *Kaapse Bibliotekaris*, koerante, ensovoorts gebruik gemaak.

5.1.4 Boekuitstallings en boekwinkels

Nuwe publikasies by boekwinkels en uitstallings van uitgewers is ondersoek om die jongste titels te bekom.

#### 5.1.5 Ander

Verder is voorstelle van kollegas, onderwysers, vriende en tieners gebruik om die lys aan te vul.

Al hierdie verskillende soekmetodes het uiteindelik 'n verteenwoordigende lys tienerfiksie opgelewer, wat in Aanhangsel 2 weergegee word.

## 5.2 Analise van Afrikaanse tienerfiksie om die behandeling van die seksuele te bepaal

Uit eie leeservaring kon die navorser wel 'n algemene idee vorm van die temas wat in Afrikaanse tienerfiksie voorkom, en was bewus daarvan dat die verskillende aspekte van seksualiteit meestal nie as hooftema voorkom nie. Of dit egter as newetema voorkom, kon maklik misgekyk word en daarom was dit belangrik om elke werk opnuut in die geheel te lees. Op hierdie wyse kon die styl en standpunt van die outeur en die wyse waarop onderwerpe behandel word ook in geheel en in konteks beoordeel word.

Nadat die titellys saamgestel is, is elke individuele boek gelees en is aantekeninge gemaak aan die hand van die kontrolelys (Aanhangsel 1) wat in Hoofstuk 4 opgestel is.'n Kopie van die kontrolelys is vir elke boek gemaak waarop die bladsynommers waar elke aspek voorkom, aangeteken is. Verder is aanvullende aantekeninge gemaak ten opsigte van die styl van outeurs; die standpunte wat hulle oordra; 'n kort verhaalskets; en ander inligting wat van elke individuele werk van belang sou kon wees.

Nadat al die boeke gelees is, is die gegewens in tabelvorm saamgestel en die ontledings gedoen. Slegs 'n paar boeke is as voorbeelde uitgesonder om in Hoofstuk 6 te bespreek, naamlik dié waarin uitsonderlike aspekte van seksualiteit of uitsonderlike hantering van hierdie aspekte gevind is.

## 5.3 Resultate van die ondersoek

Uit die ondersoek kan die volgende gegewens uitgelig word:

### 5.3.1 Voorkoms van seksuele aspekte in gelese tienerfiksie

Die aspekte van die seksuele soos vasgestel in Hoofstuk 4 en die titels waarin dit voorkom word in tabelvorm weergegee. Daardeur kan ontleed word watter aspekte wel in Afrikaanse tienerfiksie voorkom en die frekwensie waarmee dit voorkom. Die aspekte wat glad nie aangeraak word nie, word so ook uitgewys. Die titels word in die tabelle verteenwoordig deur die nommer wat in die titellys (Aanhangsel 2) daaraan toegeken is.

## Tabel 1

| | |
|---|---|
| **1. Voorkoms** | |
| Beskrywing | 6 7 14 15 19 22 26 28 29 31 33 35 37 39 43 50 51 54 60 63 64 69 71 72 76 80 81 83 87 88 103 104 105 112 117 119 125 135 140 142 143 145 152 154 159 160 |
| Aanvaarding | 7 26 54 71 80 87 88 128 |
| Kritiek | 26 31 35 54 63 64 68 80 87 88 117 140 |

| | |
|---|---|
| **2. Liggaamlike verandering** | 8 31 47 48 68 74 83 140 |
| Geslagskenmerke: seuns/meisies | 6 7 29 31 35 76 80 83 87 159 |
| Menstruasie | 7 31 87 |
| Semenarge | |
| Geslagsdrif | 74 76 |

| | |
|---|---|
| **3. Geslagsrolidentifikasie** | |
| Tradisioneel | 4 6 7 8 9 14 22 23 24 29 31 43 50 63 69 74 76 81 83 87 88 101 135 |
| Moderne | 23 124 133 145 160 |
| Homoseksualiteit | 75 |
| Stereotipering | 94 103 152 155 157 |

| | |
|---|---|
| **4. Hofmaakprosedure** | |
| Bewuswording | 2 4 5 6 7 8 9 14 16 17 22 23 24 26 28 29 30 31 33 42 43 44 45 52 60 63 64 65 69 76 80 82 83 87 88 91 96 102 105 106 107 108 110 111 112 114 121 127 129 133 139 140 142 144 145 149 159 160 |
| Bewondering op 'n afstand | 4 5 7 9 12 16 19 25 33 35 46 50 54 63 65 66 69 82 87 88 92 101 103 111 121 124 133 140 149 158 160 |
| Ogies maak | 2 5 7 15 17 26 30 31 54 57 63 64 69 71 77 81 87 103 104 105 106 111 150 |
| Informele ontmoeting (in groep) | 4 31 33 40 43 54 63 64 69 121 133 160 |
| Maak van afspraak | 5 7 13 23 28 33 35 51 54 63 64 65 66 67 69 72 74 88 111 132 133 135 139 140 |
| Uitgaan op afspraak | 51 54 63 66 67 69 72 74 81 88 111 132 133 139 140 |
| Verliefdheid | 1 4 5 8 9 10 12 17 22 23 26 28 29 31 33 34 36 37 46 51 54 57 58 63 64 65 66 69 71 74 76 81 82 83 84 87 88 98 100 104 106 109 111 112 114 116 117 119 122 124 125 126 133 135 139 140 143 144 145 149 152 153 154 155 156 |
| Hofmakery | 4 9 16 22 23 26 29 31 54 66 69 71 76 101 121 133 149 |
| Verhoudings | 1 4 6 7 12 22 25 31 35 45 51 64 72 74 76 82 98 100 101 104 110 114 127 133 140 154 158 |

| 5. **Liefkosings** | |
|---|---|
| Aanraking | 6 22 31 33 40 43 51 52 54 63 71 80 87 101 102 103 104 107 111 112 119 127 132 140 144 152 |
| Hande vashou | 4 7 9 13 27 28 31 33 39 51 54 65 71 82 87 88 101 106 109 111 125 132 139 |
| Omhelsing | 4 22 23 39 46 54 76 100 101 119 132 154 156 |
| Soen | 7 8 13 25 26 28 29 31 33 35 37 39 40 41 51 52 54 63 64 67 69 72 74 76 87 88 100 101 103 119 129 154 |
| Ligte liefkosing | 35 37 57 67 74 76 89 103 109 119 |
| Intieme liefkosing | 7 35 37 74 76 |
| Seksdaad | 7 31 35 74 76 |
| Emosies | 5 7 12 19 25 27 29 31 36 39 46 57 65 71 74 76 82 88 101 103 107 111 112 119 129 140 150 156 158 |

| 6. **Ander seksuele aktiwiteite** | |
|---|---|
| Romantiese drome | 4 7 28 33 54 76 |
| Seksuele fantasieë | 7 76 |
| Masturbasie | 7 76 |

| 7. **Afwykende seksuele gedrag** | 76 |
|---|---|
| Molestering | 11 37 46 64 119 |
| Bloedskande | |
| Ontbloting | |
| Verkragting | 72 |
| Voyeurisme | 7 101 |
| Prostitusie | 72 |

| 8. Voorbehoedmiddels | |
|---|---|
| Inligting | 74 |
| Gebruik | 7 74 |
| Morele vrae | 7 74 |

| 9. Swangerskap | 7 31 43 54 72 74 76 |
|---|---|
| Buite-egtelike babas | 31 54 74 76 101 |
| Tienerhuwelike | 75 |
| Geboorte | 7 43 69 |

| 10. Seksueel oordraagbare siektes | |
|---|---|
| VIGS | 7 74 76 |
| Ander | |

| 11. Benamings | |
|---|---|
| Korrektheid | 74 76 |
| Omgangstaal | 7 28 |
| Skeltaal | |
| Eufemismes | 9 54 |

| 12. Morele kwessies | 37 54 |
|---|---|
| Maagdelikheid | 74 76 |
| Voorhuwelikse seks | 7 54 74 76 101 123 |
| Promiskuïteit | 51 54 64 67 74 76 83 101 133 |
| Aborsie | 74 |

| 13. Feitelike inligting | |
|---|---|
| Inligting | 7 9 31 64 76 |
| Korrektheid | 64 |
| Wolhaarstories | 7 31 |

| | |
|---|---|
| **14. Emosionele aspekte** | 9 |
| Emosies | 54 55 69 74 76 87 98 100 133 140 144 154 155 |
| Beheers van emosies | 9 74 76 |
| Verwerk van emosionele spanning | 7 76 |
| Uitleef van emosies | 74 76 |

| | |
|---|---|
| **15. Onbevooroordeeldheid van skrywer** | |
| Verskeie standpunte | 5 133 |
| Verskeie oplossings | 7 133 |
| Voorskriftelikheid | 54 74 76 |
| Veroordelend | 74 76 |
| Begrip | 5 7 64 101 |

| | |
|---|---|
| **16. Realisme** | 7 74 133 140 |
| Versuikerde idealisme | 8 22 29 33 74 101 103 |
| Sensasionele | |
| Kruheid | |
| Albei kante van die lewe | 31 87 140 |

| | |
|---|---|
| **17. Erotiese** | |

### 5.3.2 Algemene indrukke oor die aspekte van die seksuele soos dit in Afrikaanse tienerfiksie voorkom

Met die lees van die groot hoeveelheid Afrikaanse tienerfiksie en die opstel van die tabel is 'n geheelbeeld van elke aspek en die wyse waarop dit in die tienerboeke voorkom, gevorm.

Hierdie geheelindruk word later vergelyk met die behoeftes van tieners om die bevindings en aanbevelings van die navorsingstuk te vorm. Vervolgens word die algemene indrukke ten opsigte van elk van die aspekte bespreek.

5.3.2.1 Voorkoms

Karakters in die verhale beskryf dikwels die fisiese voorkoms van hulself, hul bemindes, hul vriende en hul ouers.

'n Wisselende mate van kritiek op eie voorkoms kom by karakters voor, maar dié ontevredenheid word in die verhaalgang mettertyd in aanvaarding omskep. Hierdie is egter nie 'n ware aanvaarding van 'n probleemvoorkoms nie en behels gewoonlik slegs die regstel van 'n wanopvatting oor die eie voorkoms of die ontluiking van 'n lelike eendjie in 'n swaan.

Alhoewel die gewaarwording van geslagsverskille dikwels voorkom, word dit baie oppervlakkig en eufemisties gedoen. Die beskrywings bly by die bemindes se besondere eienskappe en aantreklikhede en gaan nooit werklik in detail in nie.

Beskrywings van die voorkoms van 'n naakte persoon met 'n duidelike beskrywing van byvoorbeeld verskille tussen die geslagte of die verskille tussen lede van dieselfde geslag, kom nie voor nie.

Die voorkoms van karakters word dikwels gebruik om die morele standpunt van die skrywer teenoor sekere aktiwiteite of standpunte te beklemtoon. Stereotipes word op hierdie wyse geskep. Meisies met lae morele standaarde dra byvoorbeeld nou denimrompe en kort stekelrige haarstyle terwyl goeie meisies se hare sag in hul nek krul en hul rokke wyd om hul pragtige bene uitklok.

Die kleredrag van sekere karakters word ook gebruik as waarskuwing vir die leser: wat die skrywer as uitlokkende kleredrag beskou, lei tot die noodwendige morele val van die meisie wat dit dra.

Beskrywing van voorkoms word grotendeels in beskrywing van kleredrag, gesig en algemene voorkoms gevind terwyl die seksuele baie oppervlakkig genoem word, en nooit in detail nie.

5.3.2.2 Liggaamlike verandering

Die verandering wat tieners in hul puberteit ondergaan word in 'n paar tienerverhale genoem. Die beskrywing daarvan bly deurgaans by suggestie en eufemismes en behels byvoorbeeld die meisie se rondings of die seun se breërwordende skouers of melkbaard. In enkele gevalle lewer die karakters kritiek op hierdie veranderings wat hulle liggame ondergaan, maar dit bly ook by oppervlakkige beskrywing.

Die semenarge as 'n spesifieke nuwe gebeurtenis van puberteit word glad nie in enige werk genoem nie. Menstruasie daarenteen word drie keer genoem as iets waarvan die karakters nie baie hou nie, maar geen verdere inligting word gegee nie.

Die geslagsdrif wat tydens puberteit ontwikkel, word slegs in enkele verhale genoem en dan in 'n negatiewe wyse as iets waarvoor die lesers versigtig moet wees omdat dit onbeheerbaar is en vir die tiener probleme kan veroorsaak.

Dit blyk dus dat liggaamlike verandering (wat duidelik seksueel is op dié ouderdom) baie oppervlakkig in tienerverhale hanteer word.

5.3.2.3 Geslagsrolidentifikasie

Alhoewel daar nie na die fyn detail en al die nuanses van geslagsrolidentifikasie ondersoek ingestel is nie, blyk dit dat Afrikaanse tienerboeke die tradisionele geslagsrolle onderskryf. Stereotipering van die geslagte kom ook algemeen voor.

In die meeste verhale word dit van die meisies verwag om die tradisionele vroulike rol te vervul soos om die kos te voorsien en van die seuns vir beskerming afhanklik te wees. Slegs enkele verhale laat die meisiekarakters toe om op die voorpunt van avontuur te wees of dit te inisieer. Sommige verhale laat seuns ook meer vryhede toe as die tradisionele manlike geslagsrol, en daar toon hulle byvoorbeeld meer emosie en mag selfs huil.

Homoseksualiteit kom slegs in een verhaal voor en dan ook as growwe stereotipering. Daar word nie veel aandag aan die onderwerp gegee of inligting oorgedra nie.

Geslagrolidentifikasie word in 'n klein hoeveelheid verhale direk aangespreek en die meeste beïnvloeding op die gebied vind subtiel plaas.

5.3.2.4 Hofmaakprosedure

Alle aspekte van die hofmaakprosedure word in tienerfiksie gevind en dit word in bykans al die verhale op dieselfde wyse aangebied.

Die klem val in die gelese tienerfiksie op bewuswording van die teenoorgestelde geslag, bewondering op 'n afstand en verliefdheid. Al drie hierdie aspekte behels slegs oppervlakkige kontak tussen die geslagte en lesers kan nie veel meer hieruit wys word, as wat hulle self kan ervaar nie. Hierdie verhoudings vorder ook selde verder as verliefwees, uitgaan op 'n afspraak of 'n tere aanraking.

Verliefdheid kom baie gereeld in die verhale voor maar min van die verhoudings ontwikkel tot 'n volwaardige verhouding. Dieper en meer blywende liefde kry min aandag en kom slegs in enkele gevalle voor.

Die maak van afsprake, die uitgaan op afsprake en ander soorte hofmakery kom wel in verskeie voorbeelde voor, maar dit word gewoonlik nie in detail bespreek nie en min inligting oor die wyse waarop dit gedoen kan word, word oorgedra.

Alhoewel min volwaardige tienerverhoudings voorkom, word 'n verskeidenheid inligting oor verhoudings oorgedra deur die beskrywing van die verhoudings van ouerpare of die

vriendekring. Die lesers kan heelwat wys word oor die aard van vaste verhoudings, die eise wat aan die paartjie gestel word en hoe gesonde en ongesonde verhoudings daar uitsien. Huweliksgetrouheid, affaires, wedersydse respek en vroueslanery is van die onderwerpe wat aangeraak word.

Daar is ook min gevalle waar karakters reeds in 'n verhouding staan en van daar af 'n verdieping in die verhouding beleef. Dit blyk dus dat aanvangsverhoudings meestal voorkom en min vaste verhoudings.

Geen beskrywing van die belangrike verskille tussen die geslagte in optrede en verwagtings in 'n verhouding word gevind nie. Behalwe bogenoemde naïewe behandeling, word dieper of meer intense seksualiteit (byvoorbeeld die begeerte na 'n seksueel aantreklike lid van die teenoorgestelde geslag) geïgnoreer.

Dit is juis hierdie naïewe en oppervlakkige hantering van hofmakery en liefkosings wat die algemene opvatting dat daar niks oor seks in Afrikaanse tienerboeke voorkom nie, laat onstaan het.

5.3.2.5 Liefkosings

Al die soorte liefkosings waarop gelet is in die ondersoek kom in Afrikaanse tienerfiksie voor, maar slegs op 'n baie oppervlakkige wyse.

Karakters raak mekaar aan, hou hande vas of omhels mekaar, maar dit bly lig en onskuldig en vorm nie deel van 'n meer seksuele liefkosing nie. Verskeie soene word uitgedeel, maar telkens bly dit piksoentjies of "tere" soene. Daar kom geen beskrywing van meer intieme soene voor nie, al word Franse soene in enkele gevalle net genoem.

Die ligte liefkosing wat voorkom, sluit slegs aktiwiteite in soos om mekaar se hare, arms of hande te streel. Intieme liefkosings word bykans glad nie genoem nie. Soms word intiemer liefkosing gesuggereer, maar geen beskrywings kom voor nie. Die enigste voorbeelde van intieme liefkosing wat kortliks beskryf word, is die aanraak van 'n meisie se borste. Hierdie liefkosings gaan gepaard met morele bevraagtekening oor die toelaatbaarheid daarvan, of met die suggestie dat dit afkeurenswaardig is.

Die seksdaad self word slegs in een geval beskryf en dan as 'n baie negatiewe ervaring. Verder kom daar een baie versluierde beskrywing daarvan voor, ook met 'n baie negatiewe konnotasie.

In ander verhale word die seksdaad in verbloemde taal gesuggereer of genoem, maar geen inligting oor die aktiwiteit of die gepaardgaande emosies kom voor nie. Oor die algemeen word die seksdaad slegs in 'n negatiewe, waarskuwende lig gestel.

Geen erotiese of stimulerende beskrywings van liefkosings kom voor nie.

Die emosies wat met liefkosings gepaardgaan word wel in die verhale beskryf. Aangesien die liefkosings egter 'n hoë mate van naïwiteit toon, hou die beskrywing van die emosie ook nie veel meer in nie. Die skrywers gebruik die emosionele sy van seks om tienerlesers te waarsku teen die gevare wat die emosionele onbeheersdheid van seksuele stimulering inhou.

5.3.2.6 Ander seksuele aktiwiteite

Romantiese drome en seksuele fantasieë kom slegs in enkele werke voor. Daar word spottenderwys in een werk verwys na die seksbeheptheid en -fantasieë van 'n jong seun. Die fantasieë wat in die ander verhaal bespreek word, word gekoppel aan die enigste beskrywing van masturbasie wat in Afrikaanse tienerlektuur voorkom.

Die bespreking van manlike masturbasie kom gepaardgaande met die sake wat aanleiding tot seksuele stimulering kan gee, asook morele evaluering daarvan en besinning daaroor deur die seun wat dit beoefen. Hierdie bespreking verskaf inligting oor die daad en die morele kwessies daaraan verbonde en kan die leser help om tot 'n eie besluit te kom aangesien dit 'n redelik gebalanseerde siening verwoord.

5.3.2.7 Afwykende seksuele gedrag

Slegs molestering, voyeurisme en prostitusie kom in die verhale voor, en laasgenoemdes word slegs genoem of gesuggereer.

Molestering in gesinsverband en deur 'n vatterige jongman kom slegs in een werk voor. Die molestering deur die stiefpa word beskryf en die emosies, morele en maatskaplike kwessies, asook moontlike oplossing vir die probleem word bespreek.

Twee ander gevalle van seksuele aanranding of molestering word genoem, maar slegs een behels meer as blote suggestie. Verkragting word ook net genoem.

Die afwykende gedrag van 'n vroueslaner (streng gesproke nie werklik 'n seksuele aspek nie, maar tog daaraan verwant) word in twee van die verhale op 'n baie sinvolle wyse gehanteer.

5.3.2.8 Voorbehoedmiddels

Bykans geen inligting oor voorbehoedmiddels word in die tienerlektuur gegee nie, aangesien dit net in twee werke genoem word. In die een verhaal kom dit spottenderwys en in suggestie voor. In die ander is daar 'n duideliker beskrywing van die gebruik van 'n kondoom. Daar is wel 'n kort bespreking van die morele aspekte van voorbehoeding in die twee werke.

5.3.2.9 Swangerskap

Swangerskap en geboorte kom in 'n paar van die werke voor, maar meestal by die moeders of stiefmoeders van die karakters. Min inligting daaroor word oorgedra en slegs

in een werk kry die seun byvoorbeeld die geleentheid om die baba in sy stiefma se maag te voel skop.

In een van die verhale kan die voorstelling van die hoofkarakter se moontlike swangerskap selfs wanopvattings by die leser tuisbring weens die oorreaksie van die meisie.

Buite-egtelike swangerskappe by tieners word in enkele gevalle gevind by randfigure, maar nooit by die hoofkarakters nie. 'n Morele les word dan daarby aangeknoop om lesers te waarsku teen voorhuwelikse seks.

5.3.2.10 Seksueel oordraagbare siektes

Geen voorbeelde hiervan of inligting hieroor kom in die verhale voor nie. VIGS word slegs in drie verhale genoem, sonder enige verklaring of inligting daarby.

5.3.2.11 Benamings

Wanneer seksuele aspekte wel in verhale voorkom word dit gewoonlik op 'n baie versluierde wyse uiteengesit of benoem. Eufemistiese omgangstaal word grotendeels gebruik om die gebeure of sake te suggereer. Skelname kom dus glad nie voor nie.

5.3.2.12 Morele kwessies

Die morele kwessies van maagdelikheid, voorhuwelikse seks en promiskuïteit word almal in 'n paar boeke op 'n bevredigende wyse behandel. Dit is duidelik dat al die skrywers 'n behoudende standpunt huldig wat voorhuwelikse seks en selfs effense intieme liefkosings afkeur. Slegs een werk is nie duidelik daarteen gekant nie en voer die betrokkenheid en toegewydheid van geliefdes as 'n moontlike rede aan vir die toelaat van meer intieme liefkosings.

Standpunte oor getrouheid en buite-huwelikse seks word in verskeie van die verhale uitgebeeld deur die ontrouheid en affaires van die ouers van die hoofkarakters en die tieners se reaksies daarop.

Aborsie word slegs in een werk eenmalig genoem sonder verdere bespreking.

5.3.2.13 Feitelike inligting

Weens die oppervlakkigheid en eufemistiese hantering word daar min inligting oor seksuele gedrag en ander aspekte van seksualiteit aan die leser oorgedra. Slegs in die twee voorbeelde van masturbasie en molestering in gesinsverband word bruikbare inligting gevind.

5.3.2.14 Emosionele aspekte

Wat die oppervlakkige seksuele gedrag betref, word die emosionele gewaarwordings wat daarmee saamgaan in verskeie verhale goed beskryf en verduidelik. Sodra die meer intieme seksgedrag ter sprake kom, word daar in 'n waarskuwende toon beskryf hoe

hierdie emosies onbeheerbaar kan word en die verliefdes onnadenkend kan meesleur om hulle uiteindelik in 'n probleemsituasie te laat beland.

Naas die seksuele gewaarwording word ander emosies wat by die verhoudingslewe aansluit (soos jaloesie) dikwels in tienerverhale bespreek.

Daar word geen inligting aan die leser verskaf oor hoe om hierdie emosies te herken, verwerk, beheer, of uit te leef nie.

5.3.2.15 Onbevooroordeeldheid van skrywer

Alhoewel die bevooroordeeldheid of onbevooroordeeldheid van skrywers ten opsigte van seksuele aangeleenthede net in uitstaande gevalle in Tabel 1 aangeteken is, is dit deurgaans duidelik dat skrywers dieselfde morele standpunte voorstaan.

Die standpunte wat gehuldig word, behalwe vir een geval wat die tradisionele Griekwakultuur uitbeeld, is die standpunt van konserwatiewer Wit Christene. Geen alternatiewe morele standpunte word as 'n moontlike keuse voorgehou nie. Waar daar wel 'n ander standpunt oor seksuele optrede voorgehou word, word dit in 'n negatiewe lig gestel deur die skrywer se keuse in woordgebruik, opvolgende gebeure, guurheid van die karakters wat die standpunt voorstaan, ensovoorts. Seksuele intimiteit word byvoorbeeld deurgaans beskryf as misbruik van die meisie.

Die standpunt van die seksueel meer bevryde jongmense, die sogenaamde "nuwe moraliteit" en nie-Christene word geensins gehuldig nie.

Waar die seksuele ter sprake kom, verval skrywers ook maklik (en dikwels) in 'n duidelik sigbare lerende styl wat meestal prekerig is. Slegs enkele verhale dra nie op hierdie didaktiese wyse hul standpunt oor nie.

In slegs een geval word die seksuele in 'n ligte trant en humoristies behandel en in dié verhaal speel die didaktiese ook nie 'n rol nie.

5.3.2.16 Realisme

In die algemeen kan gesê word dat Afrikaanse tienerverhale neig na die soetsappige en eensydig positiewe. Hoewel die negatiewe sye van die seksuele werklikheid (soos aanranding en misbruik) wel in 'n paar verhale voorkom, is daar altyd 'n positiewe oplossing daarvoor.

In die meeste verhale word die tienerliefde romanties en ongekompliseerd uitgebeeld en skrywers stel daarby ook hierdie sy van die seksuele in 'n positiewe lig. Ander uitgangspunte, wat hulle as te gewaagd beskou, en alle seksuele aktiwiteite, behalwe die mees onskuldige, word as negatief en onaanvaarbaar uitgebeeld. Enkele verhale toon nie hierdie soetsappigheid nie, al kom dit ook daar tot 'n positiewe einde.

Alle situasies in tienerverhale, ook die negatiewe, lei uiteindelik tot 'n positiewe slot waar die probleme suksesvol opgelos word. In baie gevalle is hierdie slotte egter te simplisties om werklikheidsgetrou te wees.

Kruheid en sensasie, onder die waan van realisme, kom nie in die Afrikaanse tienerfiksie onder bestudering voor nie.

Die eensydige weergawe van die werklikheid in tienerverhale sluit aan by die uitgangspunt van die skrywers soos in 5.3.2.15 bespreek.

5.3.2.17 Erotiese

Daar kom geen erotiese beskrywings in enige van die tienerfiksie voor nie. Selfs die paar romantiese beskrywings wat wel voorkom, kan nie enigsins as eroties beskou word nie. Die beskrywing van die seksdaad in een van die verhale is so negatief dat dit eerder as 'n verkragting of aanranding as erotiek gesien kan word.

5.3.2.18 Algemeen

Oorsigtelik gesien blyk dit dat die Afrikaanse tienerfiksie aan oppervlakkige en naïewe aspekte van tienerseksualiteit aandag gee en dat daar in 'n groot gedeelte van die genre selfs niks daarvan voorkom nie.

Daar word verder grootliks van versluiering en suggestie gebruik gemaak waar die meer kontroversiële of intieme aspekte ter sprake kom. 'n Groot hoeveelheid van die onderwerpe word ook geïgnoreer of net genoem.

Sterk morele afkeur word deur die skrywers gelug oor byvoorbeeld voorhuwelikse seks en intieme liefkosings.

Onrealistiese en versuikerde ontknopings sluit die meeste van die verhale onbevredigend af.

Laastens blyk dit dat die verhale waarin die seksuele voorkom vir 'n ouderdomsgroep bedoel word wat nie meer in sulke naïewe verhoudings belangstel nie. Die verhale is geskik vir jonger tieners as wat die skrywers oorspronklik beoog het en daar ontstaan dus 'n gaping tussen hierdie tienerleesstof en die volgende stap, naamlik leesstof vir volwassenes.

**5.3.3 Aspekte wat geensins behandel word nie**

Al kom sekere van die aspekte wel in die tienerverhale voor, word dit slegs genoem en dit kan dus nie werklik gesien word as onderwerpe wat in tienerfiksie behandel word nie, omdat daar nie genoegsame inligting daaroor voorkom nie.

Die onderstaande onderwerpe kry min of geen dekking in Afrikaanse tienerverhale nie:

semenarge
homoseksualiteit
intieme liefkosing
seksuele fantasieë
bloedskande
ontbloting
verkragting
prostitusie
voorbehoedmiddels
buite-egtelike babas
tienerhuwelike
seksueel oordraagbare siektes
benamings
aborsie
verwerking en uitleef van seksuele emosies
alternatiewe standpunte
begrip vir altematiewe keuses
albei kante van die lewe, meer realisme
erotiese

**5.3.4 Verspreiding van die aspekte in die gelese tienerverhale**

5.3.4.1 Groepverdeling volgens diepte en hantering van die seksuele

In die onderstaande Tabel 2 word verhale in groepe geplaas volgens die hoeveelheid en behandeling van die aspekte in die verhale. Die oppervlakkigheid of diepte van die behandeling van die seksuele word hierdeur uitgewys. Die eerste afdeling bevat die titels waarin geen aspekte van die seksuele voorkom nie. Die verhale waarin 'n enkele aspek van die seksuele eenmalig voorkom word, daarna weergegee. Die derde afdeling verteenwoordig daardie verhale waarin 'n beperkte aantal seksuele aspekte voorkom. Dié verhale raak grotendeels slegs onskuldige ontluiking van die liefde, bewuswording, ogiesmaak, verliefdheid, aanraking en ligte soentjies. In die laaste plek word daardie verhale geplaas waar aspekte van die seksuele 'n belangrike komponent van die verhaal is.


**Tabel 2**

| |
|---|
| **1 Geen aspekte van die seksuele** |
| 3 18 20 21 32 38 49 53 56 59 61 62 70 73 75 78 79 85 86 90 93 95 97 99 113 115 118 120 130 131 134 136 137 138 141 146 147 148 151 |
| **2 Eenmalige voorkoms** |
| 2 10 11 19 27 40 41 42 44 45 47 48 50 55 58 77 89 91 92 94 96 98 102 108 116 117 122 123 124 126 128 142 143 150 153 155 157 |
| **3 Aspekte beperk tot ligte liefdesverhoudings** |
| 1 4 5 6 8 9 12 13 14 15 16 17 22 23 24 25 26 28 29 30 33 34 36 37 39 43 46 51 52 57 60 63 65 66 67 68 69 71 72 80 81 82 83 84 87 88 100 103 104 105 106 107 109 110 111 112 119 121 125 127 129 132 133 139 140 144 145 149 152 154 156 158 159 160 |
| **4 Aspekte van die seksuele as hoof- of belangrike newetema** |
| 7 31 35 54 64 74 76 101 114 133 |

5.3.4.2 Verhouding tussen groepe

In ooreenstemming met bogenoemde uiteensetting kan die verspreiding van die aspekte van die seksuele vasgestel word, soos dit voorkom in tienerverhale in verhouding tot mekaar.

**Tabel 3**




1. .Geen aspekte van die seksuele: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24,375%
2. .Eenmalige voorkoms: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .23,125%
3. .Aspekte beperk tot ligte liefdesverhoudings: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46,25%
4. .Aspekte van die seksuele as hoof- of belangrike newetema: . . . . . . . . . . . . . . . . . 6.25%

#### 5.3.4.3 Samevatting

In die groep tienerverhale wat gelees is, is daar 'n bykans ewe groot komponent wat geensins of eenmalig aandag aan die seksuele aspekte gee. Daarnaas staan die grootste groep wat oppervlakkige verhoudings en optrede bevat. Hierdie groep is bykans so groot soos die eerste twee groepe saam.

Die verhale waarin die seksuele 'n beduidende rol speel is daarenteen teleurstellend laag, selfs al is suiwer liefdesverhale by dié groep ingesluit.

### 5.3.5 Slot

Uit die ondersoek wat die lees van elke individuele tienerboek behels het is verskeie bestaande standpunte oor tienerlektuur bevestig, maar is daar ook heelparty verrassings gevind. Dit is bemoedigend om te sien dat daar wel meer aandag aan seksualiteit gegee word in die nuwer verhale en dat die voorskriftelikheid en prekerige toon in enkele verhale nie voorkom nie.

Dat daar wel nog baie leemtes voorkom is egter duidelik, maar 'n ondersoek soos hierdie behoort 'n aanduiding te kan gee van waar die behoefte lê.

Die bespreking van individuele verhale waarin die seksuele 'n beduidende rol speel, kan die tendense wat in die ondersoek vasgestel is, verder verklaar.

# 6 BESPREKING VAN GESELEKTEERDE AFRIKAANSE TIENERBOEKE

## 6.1 Keuse van die boeke

Uit die voorafgaande hoofstuk is dit duidelik dat daar baie min tienerboeke in Afrikaans bestaan wat die kwessie van die seksuele aanspreek. Dit blyk dat skrywers dit selde verder wil waag as die ontluiking van 'n liefdesverhouding wat baie onskuldig en naïef ontwikkel. Die fokus van hierdie hoofstuk is op die enkele boeke wat wel hierdie onderwerp as hoof- of newetema aanraak.

## 6.2 Aspekte van die seksuele as hooftema

### 6.2.1 *'n Pot vol winter.* Maretha Maartens

Hierdie verhaal is een van die eerstes in Afrikaans wat oor tienerseksualiteit handel en beslis die eerste een waarin die seksdaad self beskryf word. Dit het daarom 'n opskudding in die pers en die gemeenskap veroorsaak soos afgelei kan word uit die verskeidenheid tydskrif- en koerantartikels, bydraes in kerkblaaie, en besprekings by leeskringe, biblioteke en ouerleidingsgroepe wat daaroor ontstaan het.

*'n Pot vol winter* handel oor Elizabeth se worsteling met haar ontluikende seksualiteit, haar verhouding met haar kêrel, haar ouers se egskeiding en haar pa se buite-egtelike verhouding. Elizabeth se ouers is besig om te skei en sy kan dit baie moeilik verwerk. Haar kêrel kom terug van die grens af en hy dwing seks op haar af. Haar vermoede dat sy swanger is en haar skuldgevoel oor die seksdaad lei haar daarna tot 'n selfmoordpoging. Sy oorleef dit en word deur tante Hoender gehelp om haar eensaamheid, verstotenheid en skuldgevoelens te bowe te kom.

Die hooftema in hierdie verhaal is Elizabeth se ontwakende seksualiteit, haar drange en emosies en die verhouding tussen haar en haar kêrel, Kurt. Hierby sluit haar pa se ontrouheid aan die huwelik en sy buite-egtelike verhouding, aan as newetema. Selfmoord en egskeiding is verdere newetemas.

Verskeie aspekte van menslike seksualiteit word in hierdie verhaal aangeraak, naamlik seksuele verhoudings, seksuele aktiwiteite en emosies, swangerskap en voorbehoeding asook die morele kwessies van buite-egtelike seks en liefde.

Verskillende tipes verhoudings word in die verhaal uitgebeeld. Eerstens is daar die verhouding van 'n egpaar, wat verteenwoordig word deur Elizabeth se ouers en tante Hoender en haar oorlede eggenoot. Die ouerpaar staan op die rand van 'n egskeiding. Hulle gee nie meer vir mekaar om nie, behandel mekaar sonder respek en stel 'n negatiewe voorbeeld van 'n huweliksverhouding. Tante Hoender en haar

man se huwelik word aan die einde van die boek hierteenoor gestel as 'n geslaagde en gelukkige huwelik - wat ook die enigste positiewe seksuele verhouding is wat deur die skrywer aangebied word. Hierdie korrektief staan egter te ver verwyder van die ander voorbeelde om 'n geslaagde balans te verskaf. Die geslaagde verhouding word slegs in 'n gesprek tussen Elizabeth en tante Hoender uiteengesit (p.72-74) terwyl Elizabeth en die leser die negatiewe verhoudings regdeur die boek in die verhaalgebeure beleef. Die negatiewe verhoudings ontvang hierdeur meer klem as die positiewe.

Die buite-egtelike verhouding van haar vader skep vir Elizabeth 'n morele krisis. Hy is 'n getroude man wat "bekommerboeke" (p.2) aan sy dogter gee om haar moreel en seksueel op te voed, maar dan begeef hy homself in 'n verhouding waarvan die intimiteit gesuggereer word deur die klouende reukweerder van sy minnares (p.2). Hierdie tweespalt sluit nou aan by die dilemma wat hedendaagse tieners beleef wanneer sekere optrede by hulle afgekeur word, terwyl die volwassenes self immoreel optree. Deur middel van die hoofkarakter se gedagtes bevraagteken Maartens dié situasie en bring sy die leser self tot 'n morele evaluering daarvan.

In gesprekke tussen Elizabeth en haar vriendinne, maar ook in Elizabeth se gedagtegang, word die aard van tienerliefdesverhoudings ondersoek en bevraagteken. Die típiese probleme in hierdie verhoudings word ondersoek: "hulle is te bang om uit te maak, al sit hulle ook met die verkeerde ou" (p.13); "verlief op liefkosings" (p.33); of die toegee aan seksuele toenadering net om die sogenaamde geliefde te behou. Op hierdie wyse word sommige verhoudingsprobleme aan die tienerleser geskets.

Hierdie gesprekke en gedagtes sluit aan by die wankelrige verhouding tussen Kurt en Elizabeth. Elizabeth wil nie aan die seksuele eise wat Kurt aan haar stel voldoen nie, maar wanneer hy haar liefkoos eis haar liggaamlike drange en emosies meer van haar as wat haar morele kode haar wil toelaat om te gee. Kurt daarenteen huldig 'n ander morele standpunt en eis meer van haar. Hierdie tweespalt in die verhouding en in Elizabeth sluit aan by die werklikheid van die tienerlesers wat nog hul eie seksualiteit, morele kode en optrede in verhoudings met die teenoorgestelde geslag ondersoek.

'n Volgende aspek van tienerseksualiteit wat aansluit by die tienerverhoudings is liefkosings. Die beskrywing van die intiemer liefkosings en die seksdaad is 'n nuutjie in Afrikaanse tienerfiksie. Alhoewel dit nie 'n eksplisiete detail-beskrywing of erotiese weergawe is nie, sluit dit aan by die ervarings van moderne tieners. "Franse soene en die soort gevroetel"(p.2) word genoem, maar werklike beskrywings of benaming van die liefkosings kom nie voor nie. Die beskrywing van die seksdaad ("skielik voel

ek dit gebeur" (p.45)) is so vaag dat dit aan die oningeligte leser geen duidelikheid sal bring nie. Eufemistiese woordgebruik lei tot verwarring by tieners en aan die einde van die lees van hierdie gedeelte sal hulle slegs weet dat "dit" iets is wat gebeur as 'n seun en meisie hul klere uitgetrek het. Die skrywer het hier die geleentheid om ook korrekte inligting aan die leser oor te dra, laat verbygaan.

Die emosies wat met hierdie liefkosings gepaard gaan word ook in die verhaal beskryf en kan vir die lesers insig in hul eie emosionele gewaarwording gee. Elizabeth "bewe ... soos 'n skoothondjie as sy vingers teen [haar] rug opkruip" (p.4) en kry "hoendervleis op hoendervleis" (p.38) as hy haar soen. Die wyse waarop hierdie emosies soms die oorhand kan kry en nie in toom gehou kan word nie, word in die sekstoneel (p.43-46) duidelik beskryf waar Elizabeth meegesleur word deur haar drange en nie meer omgee wat gebeur nie.

Die seksdaad wat in die verhaal beskryf word, is gewelddadig en onbevredigend vir Elizabeth en Kurt, asook vir die lesers. Dit is wel die doel van die skrywer om dit as negatief te beskryf en sy slaag baie goed daarin. Al kan die lesers nie veel korrekte feite-inligting verkry nie, is dit egter duidelik dat 'n onbesonne daad geen vreugde of bevrediging bring nie. Hierdie element kan lesers moontlik help om selfstandige besluite te neem en verantwoordelik op te tree. Die skrywer se waarskuwings en lerende standpunt ten opsigte van die seksuele aktiwiteite en emosies is egter baie duidelik sigbaar. Hierdie aspek word later meer volledig bespreek.

Voorbehoedmiddels en swangerskap is twee aspekte van die seksuele waaroor tieners inligting nodig het. Voorbehoedmiddels word genoem as Elizabeth wonder of Lida se ma nie vir haar die Pil kry nie, aangesien "almal weet hoe kwaai hulle vry" (p.33). Haar onkunde oor kondome (p.45) lei daartoe dat sy later vermoed dat sy swanger mag wees. Hierdie vermoede is ongegrond aangesien sy geen werklike tekens van swangerskap toon nie, maar tog voel sy so seker daaroor dat sy selfmoord wil pleeg. 'n Paar probleme wat swangerskap kan meebring word genoem (p.42, 46) asook die oplossing van aanneming (p.77) - hierdie aspekte word egter baie oppervlakkig genoem.

Alhoewel die hooftema van die verhaal die seksuele is, word baie min feitelike inligting oorgedra en word tienerlesers ook in die duister gelaat oor belangrike sake soos die gebruik van geboortebeperkingsmiddels en die tekens en probleme van swangerskap net soos met die feite oor die seksdaad en kan dus aanleiding gee tot wanopvattings. Dit blyk duidelik dat die oordrag van die morele aspekte vir die skrywer belangriker is as die verskaffing van korrekte inligting.

Die morele aspekte van verhoudings en seks vorm die fokuspunte van hierdie verhaal. Maartens (1989) het self in 'n praatjie oor die werk gesê dat sy dit geskryf

het met die doel om 'n Christelike boodskap aan tieners oor te dra, naamlik dat voorhuwelikse seks geen geluk bring nie.

Hierdie benadering van die skrywer word duidelik oorgedra deur haar keuse van woorde, die gedagtes en woorde van die karakters en die gebeure wat in die verhaal beskryf word. Die outeur se waarskuwing dat hulle met gevaarlike dinge besig is, spreek duidelik uit die keuse van die woorde en beelde wat gebruik word om die "gevroetel" (p.2) te beskryf, soos "vuurhoutjies en petrol" (p.2) en "speel wraggies met vuur" (p.4).

In die beskrywing van die seksdaad word baie negatiewe beelde en woorde gebruik om die onaanvaarbaarheid en misnoeë wat dit meebring, te beklemtoon. Hulle optrede was vir Elizabeth soos "honde in 'n bos" (p.46); "dit ruik na ou mat en hond en sigaretstompies" (p.45); en dit is "skerp en seer soos wanneer iemand 'n pen in jou inslaan" (p.45).

Verder word die gedagtes van die hoofkarakter gebruik om kritiek te lewer, of om sekere sake of situasies te bevraagteken. Elizabeth bevraagteken en evalueer so haar pa se buite-egtelike verhouding asook die verhoudings van haar vriendinne en hulle kêrels. Sy wonder waarom sy Kurt nog wil hê terwyl hy haar so irriteer (p.3, 25), of waarom sy so afhanklik is van sy liggaamlike aanraking (p.3). Hierdie tegnieke word goed aangewend om die lesers ook te laat besin oor hierdie probleme en so moontlik tot 'n oplossing te kom vir eie probleme.

Dialoog word verder ook gebruik om idees oor te dra. Die dialoog in die teks dra nie net inligting of standpunte aan die hoofkarakter oor nie, maar ook aan die lesers wat met die hoofkarakter identifiseer. Op hierdie wyse byvoorbeeld word die gesprek van die verpleegsters gebruik om kritiek te lewer op die selfmoordpoging: "selfmoord is eintlik stupid" (p.63); die gesprek tussen Elizabeth en professor Benadé word gebruik om die begrip wat ouers kan hê vir tienerswangerskappe oor te dra (p.78); en die gesprek tussen Elizabeth en tante Hoender word gebruik om die plek van seks in 'n verhouding in perspektief te stel (p.72-74). Die eerste twee voorbeelde is baie geslaagd ten opsigte van inligtingsoordrag, maar die laaste voorbeeld is te geforseerd en onnatuurlik om werklik te kan slaag. Die skrywer is by die skets van hierdie voorbeeld te moraliserend en daar is ook geen behoorlike motivering vir tante Hoender se skielike teenwoordigheid om so 'n intieme gesprek met Elizabeth te voer nie. Haar rol is in die aanloop en ontvouing van die verhaal nie sterk genoeg uitgebou om in die gesprek oortuigend die korrektief vir Elizabeth te kan wees nie en gevolglik slaag dit nie.

Hierdie korrektief wat in dialoog plaasvind, het nie naastenby dieselfde trefkrag as die boodskap wat deur die gebeure regdeur die verhaal oorgedra word nie. Die gebeure

en die karakters se reaksie daarop dra op 'n baie subtieler en kragtiger wyse die boodskap van die skrywer oor.

Die uitbeelding van die tradisionele geslagsrol van die vrou as hulpelose en willose wese wat deur die man misbruik kan word, geskied byvoorbeeld deur die volgende: die beskrywing van die wyse waarop Elizabeth se ma aanvaar dat haar man 'n verhouding het; en al doen sy dit ook teësinnig, die manier waarop sy die onafwendbaarheid van die egskeiding aanvaar; die manier waarop Elizabeth se ontmaagding feitlik op haar afgedwing word deur haar sekshonger kêrel. Hierdie standpunt word verder onderstreep deur die feit dat Kurt na die gebeure feitlik geen kritiek ervaar nie en selfs positief (as redder van Elizabeth) gesien word deur die verpleegsters ("smart ou"; "hy het kop gehou" (p.62)) terwyl Elizabeth die blaam en gevolge dra vir die gebeure.

Die bykans geweldadige uitbeelding van die seksdaad dra 'n negatiewe beeld van die seksuele oor wat verder aangevul word deur Elizabeth se ekstreme reaksie op hierdie misstap. Elizabeth wil selfmoord pleeg omdat sy "alles op die berg weggegooi het" (p.46). Haar skuldgevoel is so groot dat sy voel dat sy boete moet doen deur haarself uit te wis, wat die idee by die leser laat ontstaan dat voorhuwelikse seks so verkeerd en onaanvaarbaar is dat dit ekstreme boetedoening verg om dit te kan regstel. Dit is 'n wanvoorstelling wat na my mening nie genoegsaam deur tante Hoender se woorde ("Hy vergewe ons ons sondes ..." (p.75)) reggestel word nie.

Oor die algemeen is seksuele aktiwiteite vir die mens aangenaam, ook vir tieners. Hierdie enkele, negatiewe uitbeelding van seksaktiwiteite en die waarskuwings daaroor, veroorsaak 'n tweespalt by die tienerleser: Waarom is dit vir my so lekker as dit so verkeerd is? In hierdie verhaal word hierdie kernvraag nie na wense gehanteer nie en die tweespalt word eerder versterk.

As tienerroman voldoen *'n Pot vol winter* aan die vereistes wat vir tienerfiksie gestel word. Die perspektief is dié van 'n tienerdogter, 'n karakter waarmee die lesers kan identifiseer, wat in dieselfde situasie as hulleself verkeer en wat met dieselfde probleme worstel. Die tema van verhoudings is relevant vir tienerlesers. Die skryfstyl pas ook goed by tieners se introspektiewe uitkyk en word buitengewoon goed toegepas in die dagboekstyl, die gebroke teks (p.57-63) en in die visuele aspekte van byvoorbeeld die selfmoordbriewe (p.49-51). Die taalgebruik is informeel en in geselstrant. Verder is die verloop van die gebeure in die verhaal vinnig en die spanningslyn sterk.

Hierdie goeie realistiese verhaal verloor egter baie van sy trefkrag deur die probleemoplossing aan die einde wat te duidelik die standpunt van die moraliserende skrywer is. Tante Hoender se verduideliking is 'n klaarverwerkte oplossing wat deur 'n

volwassene, wat skielik amper uit die niet verskyn, aangebied word. Die ontknoping is te ooglopend didakties. Dit is belangrik dat tienerkarakters self oplossings moet vind. Sodoende kan die lesers iets by hul "maats" leer. Lesse wat deur volwassenes oorgedra word, dra min gewig by die lesers en word maklik geïgnoreer as 'n "preek". Vir sommige Afrikaanse tieners wat nog tradisioneel glo dat volwassenes altyd beter moet weet, sou hierdie probleemoplossing moontlik die gewenste effek kon hê, maar meer selfstandige en ouer tieners sal dit nie aanvaar nie.

Dit sou byvoorbeeld wensliker gewees het dat Elizabeth self sou besef dat selfmoord geen oplossing is vir 'n probleem wat sy deels self veroorsaak het omdat sy nie selfstandig wou optree nie; dat sy self moet besluit wat sy uit 'n verhouding wil hê en hoe ver sy wil gaan.

Ten slotte kan gesê word dat *'n Pot vol winter* wel 'n aantal seksuele aspekte waaraan tieners 'n behoefte het, aanspreek. Die morele standpunt van die skrywer sluit verder ook aan by die standpunt van vele Afrikaanse ouers en tieners.

Daar is egter leemtes in die verhaal ten opsigte van die hantering van die seksuele. Eerstens word daar te min inligting of versluierde inligting oor belangrike aspekte van die seksuele aan lesers oogedra wat verwarring en spekulasie kan veroorsaak. Die negatiewe beskrywing van en die waarskuwende trant waarin die seksuele gehanteer word, kan 'n wanindruk by lesers skep, naamlik dat verhoudings meestal onaangenaam en gevaarlik is. Die skrywer stel slegs een kant van die saak, met die gevolg dat lesers nie voor 'n keuse gestel word nie. Die selfstandige denke ten opsigte van die seksuele word gevolglik ook nie gestimuleer nie. Laastens kan die blatante moralisering die lesers vervreem en daarmee die belangrike bydrae wat die boek sou kon maak, laat verlore gaan.

*'n Pot vol winter* was een van die gewildste en mees gelese tienerboeke, grotendeels weens die feit dat daar 'n sekstoneel in voorkom. Dit is weereens bewys daarvan dat Afrikaanse tieners ook graag hieroor wil lees. Die vraag of hierdie prekerige verhaal steeds so gewild sou gewees het, as daar ander Afrikaanse verhale met soortgelyke temas op die mark beskikbaar was, bly egter.onbeantwoord.

### 6.2.2 *Die keerpunt*. Maretha Maartens

Die publikasie van hierdie werk van Maretha Maartens het bykans ongemerk verbygegaan, alhoewel daar veel meer seksueel eksplisiete tonele hierin voorkom as in *'n Pot vol winter* wat soveel oproer veroorsaak het. Dit kan sekerlik daaraan toegeskryf word dat die leserspubliek na die "eerste Afrikaanse tienersekstoneel" agtergekom het dat dit eerder 'n positiewe as negatiewe invloed gehad het. Miskien kan dit ook toegeskryf word aan die feit dat *Die keerpunt* nie as 'n gewone

tienerroman gepubliseer is nie, maar in die voorwoord daarvan beskryf as 'n boek "vir dié wat nog soek, vir dié wat nie mag vra nie en vir dié wat gedink het oor sulke dinge praat jy nie" en uitgegee is deur die Christelike Uitgewersmaatskappy - dus duidelik 'n boek met 'n didaktiese doelwit uit 'n Christelike oogpunt.

*Die keerpunt* handel oor 'n groep matriekleerlinge wat 'n skoolverlaterskamp by die see bywoon. Hul probleme (voorhuwelikse seks, intieme liefkosings, masturbasie, vroueslanery en dwelmverslawing) word tot 'n keerpunt gedryf, grotendeels deur die dood van 'n nuut-bekeerde vriendin. 'n Groot verskeidenheid aspekte van die seksuele word aangeraak, aangesien die seksuele aktiwiteite en verhoudings van die groep tieners die hooftema en gebeure van die verhaal is.

In aansluiting by die tema word die fisiese voorkoms en die kleredrag van die karakters dikwels beskryf. Hierdie beskrywings plaas nadruk op die seksuele of suggestiewe aspekte van die liggaaam of kleredrag. Barry se "skrapse bedekking" is al wat hom nie na 'n "Chippendale" (groep ontkleedansers) laat lyk nie (p.8). Bernadette se "sexy" drafklere, 'n "halternektoppie en hooggesnyde drafbroekie" (p.60), kontrasteer skerp met Kiewiet se langmou T-hemp (p.51) wat sy dra om haar kneusplekke te verberg. "Mejuffrou Biggie Bust" (p.10) se herinneringe aan 'n vriendin se kêrel is sy "mooiste spiere in die Suidelike halfrond" (p.14).

As 'n newekarakter word Rudolf juis vanweë sy "blommetjieshemde" (p.19) en die feit dat hy nie in die kaal prentjiemeisie belangstel nie, verdink van homoseksualiteit. Aangesien dit byna die eerste keer is dat homoseksualiteit in Afrikaanse tienerfiksie voorkom, is dit jammer dat dié tema nie verder uitgebrei is nie. Hier word slegs 'n baie stereotipe beeld van 'n homoseksueel eenmalig voorgehou en die suggestie dat 'n mens nie op voorkoms moet oordeel nie, is baie vaag. Rudolf "bewys" dat hy heteroseksueel is deur sy onverwagte en ongemotiveerde verlowing aan Kiewiet (p.91) later in die verhaal.

Ten opsigte van geslagsrolle is die uitbeelding baie stereotiep en raak dit selfs lagwekkend waar Jan, slegs 'n week nadat hy self mondig geword het, van sy bruid, wat in dieselfde standerd as hy op skool was, die volgende dink: "Ané is so jonk; sy moet nog groot gemaak word. [...] Sy is net twintig jaar oud. Sy vertrou haar lewe aan hom toe: haar studies, haar drome, haarself." (p.82).

In die verhaal word verskeie probleemsituasies in die verhoudingslewe van tieners geskets soos byvoorbeeld fisiese afhanklikheid, begeertes, morele optrede en jaloesie.

Die eerste verhouding wat die leser van die verhaal opval is dié tussen Bernadette en Barry, wie se romanses en kleedkamergespog aan almal bekend is (p.9). Sy sien

seks as 'n manier om 'n kêrel te behou wat dan aan haar die beskerming en liefde sal gee wat sy so graag wil hê - al besef sy gou dat Barry haar net gebruik. Hul intieme liefkosings en gesteelde seks (p.59) bevredig nie werklik haar behoefte nie, want Barry se onbetrokkenheid en ongevoeligheid laat haar soos "'n vuil lap" voel (p.62).

Louise en Louis se grootste probleem is met dwelmverslawing, maar ook hier suggereer die skrywer dat voorhuwelikse seks en promiskuïteit 'n rol speel (p.34).

Jan en Ané verteenwoordig die goeie verhouding in die verhaal, maar ook hulle het hulle "geheime sondes" (p.21). Hulle verhouding is op wedersydse respek en liefde geskoei, maar die seksuele intimiteit wat hulle verhouding bereik het, skep vir hulle probleme. Jan kan sy emosies nie beteuel as hy haar klamgeswete hemp aan haar liggaam sien klou nie en hy wil weer aan haar borste raak soos vantevore (p.11-12). Die grafiese beskrywing hiervan is enig in sy soort in Afrikaanse tienerfiksie. Die fisiese gevoel wat hierdie emosies by hom opwek, gee die tienerleser 'n duidelike beeld van die emosies wat met intieme aanraking gepaard gaan. "Dit klop in sy lyf. Die bloed stu deur sy are, deur sy slape, sy ore, sy onderlyf" (p.12). Die prikkelpopfoto in die hangkas herinner Jan weereens aan daardie intimiteit en hy gryp na sy "enigste uitweg" (p.21), masturbasie.

Hierdie twee sake word in die karakter se gedagtegang bevraagteken. Hy voel skuldig oor sy optrede en probeer vir homself verklaar wat sy taak as Christen hierin is. Die morele kwessies aangaande masturbasie, intimiteit en seksuele fantasieë word op 'n sinvolle wyse in die karakter se gedagtegang beredeneer totdat hy self tot die besluit kom dat hy as Christen nie sy beminde mag "oopspalk" in sy gedagtes en haar so met disrespek behandel nie (p.43). Hierdie gedagtegang bring verskeie morele argumente oor hierdie onderwerpe op 'n duidelike wyse onder die aandag van die lesers wat dan self moet standpunt inneem. Die skrywer beklemtoon egter die boodskap dat die persoon altyd respek moet betoon teenoor God, teenoor die geliefde en teenoor die self.

Uit die beskrywings van die masturbasie en die seksdaad kan tienerlesers nie enige inligting verkry aangaande wat presies daardeur behels word nie. Dié beskrywings is onduidelik en dit handel daar meer om die morele en emosionele aspekte wat betrokke is. Inligting oor onder andere die begin van intimiteit in 'n verhouding en situasies wat seksuele begeertes kan ontketen, word wel geskets, en kan vir tieners van hulp wees om hierdie situasies te herken, te weet wat om te wagte te wees en hoe om dit te hanteer wanneer hulle self daarmee in aanraking kom. Hierdie tipe inligting kan op byna geen ander wyse aan tieners oorgedra word nie en is ongelukkig ook baie skaars in tienerfiksie.

Mossie en Kiewiet beeld 'n disfunksionele verhouding uit. Mossie se onredelike jaloesie en sy onvermoë om homself te beheer, verander hom in 'n vroueslaner. Kiewiet glo dat sy hom kan verander. Deur die uitbeelding van hierdie verhouding, die gedagtes en gesprekke daaroor, kom tienerlesers in aanraking met 'n negatiewe sy van man-vrou verhoudings wat hulle self dalk nooit sal ervaar nie. Dit kan egter begrip en insig in soortgelyke situasies bevorder en 'n moontlike oplossing bied vir die lesers wat wel daarmee gekonfronteer word.

By nadere ontleding kan vergelykings tussen die verhoudings die lesers baie insig in die menslike psige gee: Barry misbruik Bernadette en ander meisies omdat hy selfsugtig is; Mossie mishandel vir Kiewiet uit jaloesie - hy voel minderwaardig en is bang hy verloor haar; Bernadette soek die liefde wat sy in haar lewe so mis en nooit by haar ouers gekry het nie in verhoudings met 'n verskeidenheid kêrels; Louise en Louis het ook hierdie gemis dat "niemand" tog omgee nie en klou aan mekaar en aan dwelms om die lewe draaglik te maak.

In hierdie verhaal kom 'n wye verskeidenheid emosies wat eie is aan verhoudings en seksuele aktiwiteite voor waaronder, liefde, passie, wellus, skuldgevoel en jaloesie. Lesers kom in aanraking met nuwe emosies en in die optrede van die karakters ook met die hantering daarvan, hetsy suksesvol al dan nie.

Die moontlikheid van swangerskap en seksueel oordraagbare siektes word feitlik net genoem. Barry kry wel met sy onbesonne optrede te doen met 'n verergde ouerpaar wat hul swanger dogter se sake hanteer, maar geen feite-inligting word oor voorbehoeding, swangerskap, ensovoorts gegee nie. Daar word byvoorbeeld net spottenderwys aan die begin gesê dat as "B & B" só aangaan, is hulle aan die einde van die kamp "drie B's" (p.10). Daar was gulde geleentheid vir die skrywer om hierdie tipe inligting in die verhaal oor te dra, maar die geleentheid is ongelukkig nie benut nie.

Die oordra van feitelike inligting om insig aan die leser te gee, slaag in die geval van die aanranding omdat dit in natuurlike gesprekke en gedagtes na vore kom. In die masturbasiesituasie word die inligting en morele kwessies ook op dié manier aan die leser gelaat om self oor te besluit. Ten opsigte van seks, voorbehoeding, ensovoorts word daar egter weinig feite-inligting verskaf, slegs moralisering en waarskuwings.

Hierdie verhaal is nie primêr as fiktiewe kunswerk geskryf, wat op 'n toevallige wyse inligting en waardes aan die leser oordra nie. Dit word in die voorwoord duidelik gestel dat hierdie 'n boek is wat daarop gemik is om die leser iets te leer oor die gevare op die lewenspad en in daardie doel slaag die werk wel, alhoewel baie min korrekte feitelike inligting oor sommige probleme oorgedra word. Die morele uitgangspunt van die skrywer blyk baie duidelik uit die katarsis (die dood van Mia) en

die ontknoping daarna: al die karakters wat hulle bekeer het van hul sondige weë is gelukkig in hul lewens, en soos Jan en Ané gelukkig getroud, maar dié wat volhard het, het gebots met die gereg soos Mossie (p.62) of het dreigende vaderskapshofsake teen hulle soos Barry (p.85). Die standpunt van die skrywer word verder oorgedra deur die gedagtes van die karakters en die wyse waarop hulle hul eie en ander se optrede en motivering bevraagteken en die emosies wat hulle ervaar: Bernadette se lewe voel vir haar leeg na sy terugkom van haar rendezvous met Barry vir wie sy alles gee en wat haar net gebruik en met "akkedisoë aankyk" (p.62);- "Sy is leeg soos die binnekant van 'n uitgesuigde lemoen [...] Die lewe, weet sy, is leeg."(p.62).

Naas die introspeksie van al die karakters word 'n individuele karakter (Mia) gebruik om die draer van die skrywer se boodskap te wees. Hierdie karakter kom egter te geforseerd en prekerig voor. Sy maak van enige geleentheid gebruik om die ander karakters in te lig oor haar bekering en die vrede wat sy gevind het en meestal slaag dit nie op 'n natuurlike wyse nie. Sy is 'n randfiguur van wie die leser min weet, behalwe vir haar prekies, maar wat dan die grootste invloed het op die keerpunt in die ander karakters. Mia is die mondstuk van die moraliserende outeur en weereens slaag die wyse waarop die boodskap oorgedra word nie (net soos met tante Hoender in *'n Pot vol winter*).

Hierdie verhaal slaag in 'n mate as fiksie wat vir tieners geskryf is omdat dit voldoen aan sommige van die vereistes wat vir goeie tienerlektuur geld, byvoorbeeld karakters waarmee tieners kan identifiseer; temas wat tieners interesseer; en informele taalgebruik. Die verhaal is geskryf in die styl van 'n kies-jou-eie-storie. Dit veroorsaak dat die probleme wat daar met hierdie verhaalstyl bestaan, ook in hierdie werk problematies is: oppervlakkige karakterontwikkeling (vergelyk Mia); 'n spanningslyn wat te vinnig beweeg of te rukkerig ontwikkel; 'n oormaat krisissituasies en opeenstapeling van probleme (té veel temas vir een verhaal) en dan ook simplistiese oplossings vir diepgaande probleme (soos Louis se ouers wat nooit voorheen omgegee het nie, wat hom na 'n kliniek vir dwelmverslaafdes neem en dat hy dan uiteindelik 'n maatskaplike werker daar word). Maartens se skryfvermoë gee 'n mate van geloofwaardigheid aan die situasies, maar by die eerste lees kom die verhaal voor soos 'n opeenstapeling van sondes met vereenvoudigde oplossings.

Maartens skets in hierdie verhaal die soorte probleme wat daar in tienerverhoudings kan opduik en stel dan haar standpunt oor wat nie behoort plaas te vind nie. Die tienerleser bly egter steeds in die duister oor wat dan byvoorbeeld aanvaarbare liefkosings sou wees, omdat daar geen verhouding in die boek beskryf word, wat as aanvaarbare alternatief gevolg kan word nie.

Hoewel die verhaal in sommige behoeftes van tienerlesers ten opsigte van die seksuele voldoen, is daar te veel leemtes en vrae wat steeds onbeantwoord gelaat word.

### 6.3 Aspekte van die seksuele as newetema

#### 6.3.1 *Daar is spore op die maan.* Eleanor Baker

Baker bring in hierdie verhaal twee belangrike nuwe elemente in die hantering van die seksuele in tienerverhale na vore.

Die eerste is die verrassende gebruik van humor en spot. Dawid Minnaar of "Dawid die Minnaar" (p.39) soos hy homself graag noem, is 'n dertienjarige, seksbehepte, wysneusige newekarakter, wie se stokperdjie die lees van verbode boeke in die CNA (p.2) is. Daarby het hy tydig en ontydig iets oor seks of met 'n seksuele ondertoon te sê. "My nuwejaarsvoorneme is om nie rond te slaap nie" (p.4) vertel hy aan die begin van die verhaal, en aan die einde is sy versugting "Hulle moet net nie dat seks uit die mode raak voor ek oud genoeg is om dit self te probeer nie. Dit sal 'n swaar slag wees en ek sal die wêreld nooit vergewe nie." (p.80). Alhoewel die humor nie oral ewe oortuigend is nie, is dit 'n welkome vernuwing in die wyse waarop die seksuele in tienerboeke gehanteer word.

Humor en spot is op dieselfde wyse ook deel van die ander karakters se gedagtes of dialoog. Tienerlesers sal maklik met die karakters se grappies en fantasieë kan identifiseer omdat tieners dikwels oor die seksuele dink en droom of daaroor spot en lag.

Die tweede vernuwing lê in die wyse waarop die skrywer die didaktiese hanteer. Alhoewel inligting en standpunte oor die seksuele in die verhaal voorkom, is daar nêrens teken van die moraliserende outeur nie. 'n Verskeidenheid standpunte word genoem, maar die skrywer lei die leser nie bewustelik na 'n antwoord nie. Emma se kêrel wil haar "net vastrek op die bank. Hy sê ons is volwasse, moderne jongmense" (p.37) " en as ek Ma vra om my na dokter Els te neem en my op die Pil te sit, wag daar 'n groot toekoms op ons" (p.74, 75). Emma besluit om die opdringerige Karel te los en later toe sy Tom daarvan vertel, sê hy net: "Ek sal dit nooit van jou vra nie." (p.78).

Naas die humoristiese verwysings daarna, duik aspekte van tienerseksualiteit op 'n baie natuurlike wyse oral in die verhaal op. Soos wat die realiteit en menslike gedagtegang van onderwerp na onderwerp wissel, so gebeur dit in die gang van die verhaal. Die seksuele word op 'n natuurlike wyse deel van die verskillende verhaalgebeure: VIGS word slegs genoem; voorbehoeding en saamslaap kom in

gesprekke en gedagtes voor; Tom se stiefma se swangerskap is deel van die gebeure in die verhaal en die ontwakende liefde tussen Tom en Emma vorm een van die temas van die verhaal.

Verskeie alledaagse woorde en begrippe wat aspekte van die seksuele beskryf of suggereer word op 'n gemaklike wyse in die teks ingeweef en kan daartoe bydra om tieners te help om oor hul aanvanklike skaamheid om die begrippe te gebruik of om die seksuele te benoem, te kom, byvoorbeeld "Ek dink dis súlke tyd" sê Dawid van sy suster se premenstruele spanning (p.29); en Santie wat die "hots" vir Tom het (p.27).

Die toevalligheid en spottende wyse waarmee die seksuele in die verhaal behandel word, bevestig by lesers die idee dat die seksuele 'n natuurlike deel van die menslike lewe is wat ernstig bedink kan word, maar waaroor ook gespot kan word. Die grootste bydrae wat hierdie verhaal tot tienerlesers se kennis en ontwikkeling ten opsigte van die seksuele kan maak, is dat dit die seksuele in 'n positiewe lig stel as iets wat aangenaam ervaar kan word.

### 6.3.2 *'n Uil op die voëlhok.* Marlene le Roux

In hierdie verhaal word die aktuele tema van molestering binne gesinsverband as 'n newetema van die verhaal gebruik. Die hoofkarakter Erna moet, soos haar vriendin, 'n stiefpa leer aanvaar. Dit is vir hulle albei 'n baie moeilike saak. Die vriendin June se stiefpa molesteer haar egter, wat die huislike omstandighede van die twee karakters laat verskil. Hierdie molestering is slegs 'n deel van June se huislike probleme en vorm as sodanig ook net 'n onderdeel van die verhaal.

Naas die normale verhoudings wat tussen seuns en meisies ontstaan, die hofmakery, ensovoorts word twee gevalle van afwykende seksuele gedrag in die verhaal genoem. Die eerste kom voor waar June vertel hoe sy as dertienjarige meisie deur die losieshuiseienaar se seun vasgedruk is en haar rok oopgeskeur is: "Ek het soos 'n wilde ding geskree en baklei en [...] toe skop ek hom waar my ma gesê het ek moet ouens skop wat met my sukkel" (p.31). Hierdie beskrywing, al is dit baie kort en toevallig, kan vir tienerlesers baie inligting oordra: dit skets 'n realistiese situasie wat menige tieners in gevaarliker of minder gevaarliker vorm beleef en dit verduidelik 'n baie effektiewe reaksie daarop, naamlik dat 'n mens nie sulke optrede hoef te duld nie. Die wyse waarop die tiener selfstandig optree dien ook as positiewe selfbeeldvorming vir die leser.

Die tweede situasie is veel ernstiger. June se stiefpa molesteer haar, maar sy is te bang om haar ma daarvan te sê omdat sy haar ma wil beskerm. Sy is ook nie seker wie se kant haar ma sal kies nie, aangesien sy vir June in elk geval baie afskeep. June vertel uiteindelik vir haar vriendin, Erna, van die situasie (p.72-73). Die

molesteringsgebeure word sonder sensasie en met begrip beskryf. Die morele afpersing wat gewoonlik hiermee gepaard gaan (in dié geval word June gedreig dat haar stiefpa aan haar ma sal vertel dat sy sy geld wat rondlê, steel) word duidelik uitgewys, asook die tweestryd wat die dogter voer omdat sy bang is dat sy haar ma se liefde sal verloor indien sy haar vertel.

Erna roep háár ma se hulp en raad in. In hierdie gesprekke word heelwat inligting oor die hantering van hierdie tipe probleem oorgedra, soos die juridiese en maatskaplike aspekte van molestering. Die moeilike keuse waarvoor so 'n tiener gestel word, word ook duidelik uitgelig: Moet ek hom verkla en my ma ongelukkig maak, of probeer ek die molestering vermy?

In die verhaal besluit June om self iets aan die situasie te doen en sy dreig haar stiefpa dat sy hom by die polisie sal verkla (p.79), waarna hy hom gedra. Die tienerkarakter tree hier selfstandig op en bewerk haar eie oplossing.

Daar is egter 'n leemte in die verhaal: dit is onrealisties om te dink dat 'n tienerdogter (selfs al is sy so selfstandig soos June) heeltemal so maklik en sonder enige emosionele trauma die probleem kan oplos, sonder enige hulp van byvoorbeeld 'n maatskaplike werker. Die probleem word hier, heel belangrik, deur die tiener self opgelos, maar die oplossing kom té vinnig en té maklik. Die oplossing is te eenvoudig en oppervlakkig vir so 'n komplekse probleem.

Ten spyte van laasgenoemde kitsoplossing word die situasie baie goed gehanteer in die verhaal. Sonder om voorskriftelik, prekerig of stroperig te wees, word die situasie geskets en oplossings daarvoor gesoek. Naas hierdie negatiewe huislike situasie, word Erna se begrypende stiefpa se positiewe beeld voorgehou as ideaal. Sodoende verkry die leser 'n ewewigtige korrektief.

Ander elemente in die verhaal met 'n seksuele konnotasie is die "stomerige video" (p.77) wat June se ouers kyk en die feit dat Erna se pa saam met sy beminde bly (p.42). Die skrywer lewer egter nie veel kommentaar oor die goedheid of slegtheid daarvan nie.

Die skrywer dra min van haar eie standpunt aan die leser oor en laat die leser toe om self afleidings te maak oor die karakters en gebeure.

Hierdie verhaal voldoen beslis aan die vereistes wat ten opsigte van die seksuele in die tienerverhaal gestel word: sekere aspekte van die seksuele word aangeraak op 'n wyse wat nie voorskriftelik is nie en wat aansluit by die lesers se belangstelling en kennis; aan die lesers word korrekte inligting (ten spyte van die kitsoplossing) oor molestering gegee; en daar word van die tienerkarakters verwag om self oplossings vir hul probleme te vind.

## 6.4 Eenmalige voorkoms van aspekte van die seksuele

### 6.4.1 *disse flippen stukkende wêreld dié, my ou.* Hans du Plessis

'n Besondere goeie beskrywing van 'n liefkosing en emosies word in een toneel van hierdie verhaal geskets. Die hoofkarakter en sy nooi sit op die stoep en hy soen en omarm haar (p.68-69). Die skrywer beskryf die liefkosing volledig en laat die leser nie in die duister oor wat gedoen is en hoe die karakter daaroor voel nie al word dit baie kortliks gedoen. "Hy maak sy oë oop: haar hand lê wit teen die donkerte van sy jean. Hy wil sy hand om haar sit, voel die ronding van haar bors. Skrik. Wag: bly net so met sy hand sit: sy trek nie weg nie. Hy hoor haar sluk." (p.69). Op pad huis toe wonder hy "hoe ver mag 'n mens? [...] sy pa sê altyd jy mag net nie aan die verskil tussen 'n seun en 'n meisie vat nie - maklik om te praat!" (p.69).

In hierdie gedeelte gee die skrywer veel meer inligting aan die tienerleser as baie ander boeke wat heelwat méér oor hierdie onderwerp skryf. Hieruit kry die lesers inligting oor 'n omhelsing, die emosies wat daarby betrokke is, die morele vraag, 'n moontlike antwoord daarop en kommentaar op die dilemma waarin tieners verkeer.

### 6.4.2 *'n Oog vir 'n pop.* Anita C. du Plessis

Die hooftema in hierdie verhaal is satanisme en seksuele aspekte word hier as los elemente behandel en kry dus nie diepgaande aandag in die teks nie. Dit word hier en daar in die verhaalgebeure en dialoog ingeweef as deel van die beskrywing van die sataniste en hul bedrywighede.

Die satanistiese vriendin van die hoofkarakter stel voor dat sy seks moet gebruik om die jongman op wie sy 'n ogie het, te vang (p.7) en haar eie kêrel maak suggestiewe voorstelle aan die hoofkarakter (p.49). Die hoofkarakter oorweeg kortliks of sy in staat sou wees om hierdie taktiek te gebruik (p.35) en bespreek die moontlikheid ook kortliks met haar kêrel (p.75, 76).

Hierdie onderwerp word baie oppervlakkig in die verhaal gebruik merendeels om die eienskappe en optrede van die sataniste te skets en as sodanig word dit negatief voorgestel. Die skrywer suggereer in die gesprek tussen die nooi en die kêrel dat dit beter is om te wag met seksuele intimiteit aangesien hulle albei nog te oningelig is. Die skrywer se morele standpunt kom na vore, maar in die vorm van selfstandige besluite deur die karakters.

### 6.4.3 *Die brose dans.* Junita Joubert

Die hoofkarakter se verhoudings met twee mans van baie uiteenlopende aard, die eise wat elk aan haar stel en die keuse wat sy moet maak, is die hooftema van die verhaal.

As newekarakter en teenpool van die hoofkarakter is 'n meisie wat ook met die een man uitgaan en wat hom blykbaar heelwat meer op seksuele gebied toelaat as Stephanie. Die rede waarom Joanie "in die moeilikheid" (p.90) raak, word deur die karakters in die verhaal onder andere aan haar té suggestiewe kleredrag toegedig. In die suggestie oor haar losser sedes en kleredrag word kritiek teen haar liefdeslewe en standpunt gelewer. Die skrywer sê selfs dat dit slegs van die meisie afhang hoe ver dit met liefkosings mag gaan (p.92).

Om die probleemsituasie van die swangerskap op te los word 'n simplistiese, ongeloofbare en onrealistiese oplossing gebied: Joanie het "dit vanself [...] verloor" (p.92). Hierdie moralistiese en onrealistiese gegewe ten opsigte van 'n buite-egtelike swangerskap kan vir geen tienerleser van enige nut wees nie.

AFDELING D: SLOT

# 7 BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 Bevindings

Die voorafgaande hoofstukke behels 'n agtergrondstudie van die plek van die seksuele in die lewe van die tiener; die vereistes wat aan tienerboeke gestel word; die bydrae wat tienerboeke kan lewer in die volwassewordingsproses; en 'n praktiese ondersoek na die wyse waarop hierdie aspekte in Afrikaanse tienerboeke voorkom. Hieruit kan die volgende samevattende bevindings gemaak word ten opsigte van die seksuele in Afrikaanse tienerboeke.

Seksualiteit speel 'n onignoreerbare rol in die lewens van tieners. Dit is in hierdie ontwikkelingsfase wat die mens as volwaardige seksuele wese begin funksioneer en tieners moet die fisiese, emosionele, morele en ander aspekte van hul seksualiteit leer ken en beheer.

Tieners het 'n groot behoefte aan inligting oor die seksuele - nie net oor die biologiese funksies nie, maar ook oor enige ander aspek daarvan. Hulle is nuuskierig oor hul eie ontwikkeling en emosies en wil selfstandig besluit en standpunt daaroor inneem.

Hierdie inligting wat tieners benodig behoort hulle uit soveel bronne moontlik te kry om die volle inligtingsbehoefte te dek. Daar dit blyk dat tradisionele metodes van seksvoorligting nie volledig geslaagd is nie, behoort fiksie 'n bydrae te kan lewer. Omdat fiksie op 'n subtiele en toevallige wyse inligting oordra, kan dit meer oor die seksuele oordra as bloot die korrekte biologiese feite. Fiksie is byvoorbeeld by uitstek geskik vir die oordrag van gevoelsbelewing of die beredenering van morele standpunte, albei belangrike elemente van menslike seksualiteit. Fiksie kan verder ook 'n bydrae lewer tot die ontlading van seksuele spanning wat tieners moeilik op 'n ander aanvaarbare wyse kan doen.

Uit die praktiese ondersoek blyk dit dat Afrikaanse tienerfiksie nie na behore in hierdie behoeftes van tieners voorsien nie.

Die belangrikheid van tienerseksualiteit as deel van hul menswees en dus altyd deel van hul daaglikse werklikheid, word in 'n groot hoeveelheid tienerboeke geïgnoreer of afgeskaal tot iets ondergeskiks. Slegs enkele werke het die seksuele as hoof- of selfs newetema. Die seksuele maak meestal slegs 'n beperkte verskyning: oppervlakkig in ligte liefdesverhale of slegs in die vorm van bewondering op 'n afstand, bewuswording van die teenoorgestelde geslag of verliefdheid in speur-, avontuur- of

probleemverhale. Dit vorm nie deel van elke tienerkarakter se totale beeld en optrede nie.

Afrikaanse tienerverhale raak min van die seksuele onderwerpe waaroor tieners graag sou wou lees, of inligting oor benodig, aan. Dit blyk uit die navorsing dat daar in die afgelope paar jaar (veral sedert 1989) egter meer van die geïdentifiseerde aspekte van die seksuele in Afrikaanse tienerboeke na vore kom, al bestaan daar nog steeds leemtes.

'n Aantal van die seksuele aspekte wat glad nie in Afrikaanse tienerlektuur gevind word nie, is byvoorbeeld semenarge en afwykende seksuele gedrag, soos bloedskande en verkragting. Netelige kwessies soos homoseksualiteit en VIGS word liefs deur skrywers vermy, al bestaan daar 'n dringende behoefte by tieners aan begrip, insig en ondersteuning op hierdie gebiede, en kan dit juis deur fiksie goed aan hulle oorgedra word. Wanneer hierdie onderwerpe wel in 'n teks genoem word, bly dit ook meestal net daarby en word geen verdere bespreking daarvan gedoen nie. Enkele van hierdie netelige onderwerpe (soos masturbasie) kom wel eenmalig voor.

Naas die soen en die omhelsing kom daar min ander liefkosings voor. In twee verhale is daar sekstonele, maar hierdie tonele - asook die intiemer liefkosings daar en in ander boeke - word nie werklik beskryf nie, maar met vaaghede gesuggereer. Hierdie versluierde beskrywings kan die oningeligte leser verwar en sal nie die wanvoorstellings wat oor seks onder tieners bestaan, uitroei nie. Dit dien dus nie die inligtingsbehoefte of die behoefte aan ontspanning nie.

Oor die algemeen gesien kom daar wel van die oppervlakkige seksuele aspekte voor, maar min van dié wat problematies is. Dié wat dan wel voorkom, word slegs oppervlakkig genoem.

Feite-inligting oor die seksuele is baie beperk en kan daaraan toegeskryf word dat sekere onderwerpe glad nie voorkom nie; sekere onderwerpe slegs eenmalig, sonder bespreking, genoem word; en die meer kontroversiële onderwerpe so versluierd aangebied word. Hierdie beperkte en onduidelike inligting kan seksmites selfs laat ontstaan, in plaas daarvan om korrekte inligting oor te dra.

Dit is duidelik dat dit in Afrikaanse tienerfiksie waarin die seksuele voorkom, hoofsaaklik om die morele kwessies gaan en nie om feite-oordrag nie. Die seksaktiwiteite wat wel voorkom gaan dus meestal gepaard met direkte of indirekte waarskuwings en morele afkeur. Dit word in 'n negatiewe lig gestel om die jong leser op die gevare daarvan bedag te maak.Die indruk wat so geskep word, is dat seks nie 'n plesier is nie, maar 'n gevaar wat slegs probleme veroorsaak. Hierdie eensydige siening skep 'n wanindruk wat by tieners die konflik verskerp tussen wat vir hulle aangenaam is (liefkosings) en wat moreel aanvaarbaar is.

Die morele standpunt wat hier voorkom verteenwoordig slegs 'n gedeelte van die Afrikaanse gemeenskap, naamlik dié van die meer konserwatiewe Wit Christen. Die perspektiewe van die wye verskeidenheid ander kultuurgroepe, ander gelowe en groepe met verskillende morele oortuigings word nie uitgebeeld nie. Waar daar wel 'n alternatief genoem word, word dit summier afgekeur. Dit beteken dat tieners wat 'n behoefte het aan inligting oor die seksuele wat uit ander kultuur- of geloofsagtergronde kom, hulle moet wend na tienerlektuur wat nie in Afrikaans geskryf is nie.

Tienerlektuur behoort 'n verskeidenheid standpunte aan die leser voor te hou sodat hulle self morele keuses kan maak. In Afrikaanse tienerboeke word daar geen morele alternatiewe as aanvaarbaar aan die lesers voorgehou nie. Die lesers word deur dialoog, gedagtegang, gebeure, woordkeuse, ensovoorts tot die standpunt gebring wat volgens die skrywer korrek is. Hierdie eensydigheid veroorsaak dat baie tieners nie die Afrikaanse tienerboeke wil lees nie, omdat hulle dit as te konserwatief en prekerig beskou.

Die ingewikkelde seksuele probleme wat voorkom, word nie met die diepte-insig behandel wat daarvoor benodig word nie en die oplossings vir die probleme is dikwels simplisties. Die oppervlakkigheid, patroonmatige verloop en towerstafoplossings spreek nie van die werklikheidsgetrouheid wat tieners van hul lektuur verg nie.

Daar spreek ook 'n naïwiteit uit dit wat deur uitgewers en skrywers aan Afrikaanse tieners gebied word. Tieners se seksuele ervaring is in baie gevalle (selfs op die platteland) veel verder gevorder as wat in tienerfiksie voorkom of as wat volwassenes wil erken. Dit kan bevraagteken word of tieners nog by die grootste hoeveelheid van die tienerverhale aanklank vind op die ouderdom wat volwassenes die verhale aan hulle wil voorhou. Verhale wat die seksuele regstreeks aanspreek word deur die skrywers en uitgewers aanbeveel vir tieners ouer as vyftien jaar. Hierdie ondersoek bevind juis dat tieners heelwat vroeër as vyftien reeds ervaring van die seksuele het en daaroor wil lees. Hulle stel belang om te lees oor liefkosings van verskillende intimiteit wat 'n brug kan vorm tussen ogiesmaak en 'n aktiewe sekslewe.

Dit blyk verder uit die praktiese ondersoek dat die fiksie wat die seksuele aanraak, merendeels vanuit die oogpunt van die meisie geskryf is. Daar is dus 'n leemte ten opsigte van die standpunte en gevoelens van seuns, wat wedersydse begrip tussen die geslagte kan bevorder.

Ten slotte is dit bemoedigend om op te merk dat geen Afrikaanse tienerboek die seksuele op 'n sensasionele of pornografiese wyse aanbied nie. In die verhale waarin 'n sekstoneel voorkom is die korrektief so sterk dat daar geensins van die erotiese

sprake is nie, alhoewel dit vir sommige tieners tog 'n mate van seksuele opwinding mag veroorsaak. Sekssensasie word nie gebruik om die boeke te verkoop nie en so spring Afrikaanse tieners daardie seksuele wanvoorstellings vry.

Met die publikasie van *'n Pot vol winter* is 'n begin gemaak om in die behoeftes van tieners op hierdie sensitiewe gebied te voorsien. Die humoristiese en nie-moraliserende *Daar is spore op die maan* bring 'n verdere nuwe dimensie aan tienerfiksie. In die lig van hierdie studie is dit bemoedigend om waar te neem dat 'n skrywer van die formaat van Barrie Hough in sy nuutste jeugboek *Vlerkdans* (Hough, 1992) wat aan die einde van 1992 gepubliseer is en dus nie in hierdie ondersoek ingesluit is nie, tog na die sensitiewe onderwerpe van VIGS en homoseksualiteit kyk.

Die meeste leemtes wat daar bestaan in tienerfiksie is uitgewys en daar kan vervolgens aanbevelings gemaak word om te poog om oplossings vir hierdie probleem te bied.

## 7.2 Aanbevelings

Skrywers, uitgewers en bibliotekarisse kan 'n bydrae lewer om die leemtes te vul wat daar in Afrikaanse tienerboeke oor hierdie sensitiewe onderwerp bestaan en sodoende tienerlesers help voorberei op die eise van die hedendaagse tiener- en volwasse lewe. Die volgende aanbevelings kan gemaak word om hierdie doel te bereik.

Skrywers behoort die onderwerp op net so 'n natuurlike wyse as enige ander onderwerp wat deel uitmaak van die menslike belewenis in hul skrywe te verteenwoordig. Dit mag nie uit 'n vrees vir sensuur of kritiek of 'n oordrewe sin vir beskerming uit tienerlektuur geweer word nie. Skrywers skryf oor alle aspekte van die lewe, oor die eenvoudige en die netelige sake en so behoort dit ook met die seksuele te wees.

Alle aspekte behoort in tienerfiksie as 'n geheel aangeraak te word. Dit beteken nie dat een verhaal alle aspekte of dat alle tienerboeke iets daarvan moet inhê nie. 'n Gesonde balans, soos met alle onderwerpe, is noodsaaklik.

Niemand mag vir skrywers voorskryf waaroor geskryf moet word nie, maar skrywers mag ook nie wegdeins van sekere onderwerpe omdat dit kontroversieel is nie. Hedendaagse tieners het 'n behoefte om meer te weet van al die aspekte op die kontrolelys en dit is veral die probleemonderwerpe (homoseksualiteit; toelaatbaarheid van intieme liefkosings en seks; die gewaarwordings daarby betrokke; voorbehoedmiddels en swangerskappe; ensovoorts) waarin hulle grootste belangstelling lê.

Oor al hierdie onderwerpe kan skrywers feite-inligting verskaf, die gebeure eksplisiet beskryf en die emosies wat hiermee saamgaan beskryf. Beskrywings van liefkosings en voorstelle vir alternatiewe vir die seksdaad is belangrike gebreke in die bestaande Afrikaanse tienerlektuur. Meer erotiese beskrywings van liefkosings kan voldoen aan tieners se behoefte aan "sexy" boeke vir ontspanning, wat hulle andersins in volwassene lektuur gaan soek.

Die skrywers van tienerfiksie moet tieners se voorkennis en ondervinding nie onderskat nie. Tienerboeke op die vlak van die tienerlesers behoort daarom enersyds nie té naïef, maar andersyds nie té eroties of té verwikkeld wees nie.

Seksuele aktiwiteite behoort nie altyd as 'n probleem in die verhale voor te kom nie. Tieners geniet hulle eie seksualiteit en in die werklikheid is die menslike seksualiteit eerder 'n plesier as 'n probleem. Dit verg dus verskillende hanterings van die onderwerp - as probleem, as 'n grap, spottenderwys, as liefdesverhaal, as hooftema of as toevalligheid.

Aansluitend by bogenoemde moet skrywers daarteen waak om nie doelbewus didakties te wees nie. Prekerigheid word gou deur kritiese lesers herken en slaag dikwels nie in die verhaal nie.

'n Verskeidenheid standpunte oor 'n onderwerp behoort in een verhaal, maar ook in die genre as geheel, voor te kom. Tienerlesers moet die geleentheid kry om 'n eie keuse te maak uit hierdie verskillende benaderings en gesigspunte. Die volgende standpunte kan gerus aandag geniet: die sogenaamde nuwe moraliteit; stadstieners en plattelandse tieners; Bruin en Swart; Engelse en ander taalgroepe; feministe; homoseksuele; nie-Christelike gelowe.

Daar is 'n behoefte aan boeke waarin die seksuele voorkom vir jonger kinders. Tieners het die inligting en ondersteuning van fiksie reeds baie vroeër as vyftien nodig. Verhale wat byvoorbeeld ligte liefkosings bevat wat vir tieners vanaf 11-jarige ouderdom geskik is, kan gerus geskryf word.

Uitgewers kan 'n besliste bydrae maak deur hierdie onderwerpe aan skrywers voor te stel en hulle aan te moedig om daaroor te skryf. Werke wat in Afrikaans vertaal word vertoon ook bykans dieselfde eienskappe as die oorspronklik Afrikaans geskrewe werke en gevolglik ook dieselfde tekortkomings. Uitgewers behoort egter juis daar waar die leemtes in Afrikaanse tienerboeke is, werke te vertaal en beskikbaar te stel. In ander tale (veral Engels) is 'n wye verskeidenheid geskikte titels beskikbaar.

Laastens volg voorstelle aan bibliotekarisse, wie se taak dit is om hul gebruikers se behoeftes te ken en daarvoor te sorg dat daar in hul leesbehoeftes voorsien word. Tienerfiksie wat handel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe en wat 'n wye verskeidenheid onderwerpe dek, behoort aangekoop te word om in die behoeftes van

tienerlesers te voorsien. Bibliotekarisse behoort nie sekere onderwerpe (byvoorbeeld die seksuele) of standpunte daaroor wat kontroversieel is, te vermy nie.

Verder moet tieners deur leesleiding gelei word om die lektuur te ontdek en by daardie boeke uit te kom, wat in hul spesifieke behoeftes sal voorsien. Verder kan bibliotekarisse vanweë hulle kennis oor die rol en bydrae van fiksie, ouers help om begrip te hê vir hul tieners se leesbehoeftes ten opsigte van die seksuele.

Vanweë die koopkrag wat biblioteke het, kan bibliotekarisse ook aan uitgewers en skrywers voorstelle maak oor die onderwerpe waarin hul tienerlesers belangstel.

Die biblioteek kan 'n unieke rol speel in die ontwikkelingsproses van tieners deur aan tieners die geleentheid te bied om daar met openheid en onbeskroomdheid daardie inligting en ontspanning wat hulle graag wil hê en dalk nêrens anders kan kry nie, wel te kan vind.

### 7.3 Slotopmerkings

Dit is noodsaaklik dat die tiener in die ontwikkelingsproses van selfontdekking en selfverwesenliking vanaf tiener na goed aangepaste volwassene, bygestaan moet word op soveel terreine as moontlik. Op die gebied van die seksuele word steeds hoër eise aan hulle gestel en die gevare daaraan verbonde het ook toegeneem. Volwassenes kan hulself nie meer die luukse gun om daaroor te debatteer óf tieners seksopvoeding behoort te kry of nie - al wat gevra mag word is wat die effektiefste maniere is om die inligting wat hulle nodig het om gesonde keuses en besluite te kan neem, aan hulle beskikbaar te stel?

As tieners nie die ontspanning of inligting wat hulle benodig in tienerboeke vind nie, gaan soek hulle dit elders, gewoonlik in fiksie wat vir volwassenes geskryf is, waarvoor hulle dikwels nog nie opgewasse is nie. Hulle kom dan op 'n té jong ouderdom in aanraking met volwasse seksualiteit wat vir onervare tieners moeilik verstaanbaar en dikwels skokkend is. Dit is dus wenslik dat tienerbehoeftes in tienerboeke (en selfs vroeër) aangespreek word op 'n wyse wat by hulle ontwikkeling en behoeftes pas.

Tieners behoort op soveel verskillende maniere moontlik seksopvoeding te ontvang, in die hoop dat hulle ietwat wyser en beter toegerus die uitdagings van die toekoms kan aanpak. Tienerfiksie is 'n belangrike instrument wat in hierdie opvoedingstaak nie onbenut gelaat moet word nie.

## SUMMARY

**Sexuality in Afrikaans teenage fiction**

Over the years the researcher perceived a great difference in the way English and Afrikaans teenage literature dealt with sexuality. Research was instigated to investigate teenagers' need to have the issue of sexuality addressed in their literature; what aspects of sexuality needed to be addressed; and if Afrikaans literature met these needs.

The study of the literature on teenage development revealed the importance of sexuality in the adolescent years. Teenagers are faced with a severe dilemma caused by conflicting influences: their sexually developing bodies, peer group and media pressure to indulge in sexual activities, parental and societal limitations on sexual behaviour and their severely limited knowledge of sexual matters. In order to grow into well-adjusted adults, teenagers need to learn to make their own decisions, to act responsibly and to develop and accept an individual moral code.

The role that fiction can play in fulfilling teenagers' need for sexual information and recreation is established against the background of the reality that the traditional methods of sex education (parents, school, peers, etcetera) have failed to adequately fulfil teenagers' need for information on sexuality.

The following can be deduced from the background sketched above:

- teenagers need information on a wide variety of sexual matters, for instance: the biological; sexual activity and behaviour and the emotions that go with them; homosexuality; abortion; rape; incest; and the moral issues concerning sexuality.
- teenage fiction can play an important part in fulfilling these information needs because fiction is a good vehicle for discussions on human emotions and moral issues.

A study of the titles published originally in Afrikaans between 1985 and 1991 revealed the following:

- very few books have been written that contain sexuality as a central or even a minor theme;
- sexual aspects dealt with are mostly limited to the naive and innocent;
- most aspects of sexuality, especially the more problematic subjects like AIDS, homosexuality and aberrant sexual behaviour are absent;
- most books serve a conservative, White, Christian moral viewpoint;

* writers dealing with sexuality tend to write in a didactic and prescriptive style.

Writers, publishers and librarians alike can help to change the situation by writing books dealing with these subjects, by publishing and inspiring writers to write these books and by providing these books to the readers when they need them.

## AANHANGSEL 1

## KONTROLELYS VAN SEKSUELE ASPEKTE

1. Voorkoms
   Beskrywing
   Aanvaarding
   Kritiek

2. Liggaamlike verandering
   Geslagskenmerke: seuns/meisies
   Menstruasie
   Semenarge
   Geslagsdrif

3. Geslagsrolidentifikasie
   Tradisioneel
   Moderne
   Homoseksualiteit
   Stereotipering

4. Hofmaakprosedure
   Bewuswording
   Bewondering op 'n afstand
   Ogies maak
   Informele ontmoeting (in groep)
   Maak van afspraak
   Uitgaan op afspraak
   Verliefdheid
   Hofmakery
   Verhoudings

5. Liefkosings
   Aanraking
   Hande vashou
   Omhelsing
   Soen
   Ligte liefkosing
   Intieme liefkosing
   Seksdaad
   Emosies

6. Ander seksuele aktiwiteite
   Romantiese drome
   Seksuele fantasieë
   Masturbasie

7. Afwykende seksuele gedrag
   Molestering
   Bloedskande
   Ontbloting
   Verkragting
   Voyeurisme
   Prostitusie

8. Voorbehoedmiddels
   Inligting
   Gebruik
   Morele vrae

9. Swangerskap
   Buite-egtelike babas
   Tienerhuwelike
   Geboorte

10. Seksueel oordraagbare siektes
    VIGS
    Ander

11. Benamings
    Korrektheid
    Omgangstaal
    Skeltaal
    Eufemismes

12. Morele kwessies
    Maagdelikheid
    Voorhuwelikse seks
    Promiskuïteit
    Aborsie

13. Feitelike inligting
    Inligting
    Korrektheid
    Wolhaarstories

14. Emosionele aspekte
    Emosies
    Beheers van emosies
    Verwerk van emosionele spanning
    Uitleef van emosies

15. Onbevooroordeeldheid van skrywer
    Verskeie standpunte
    Verskeie oplossings
    Voorskriftelikheid
    Veroordelend
    Begrip

16. Realisme
    Versuikerde idealisme
    Sensasionele
    Kruheid
    Albei kante van die lewe

17. Erotiese

## AANHANGSEL 2

## TITELLYS VAN TIENERBOEKE GEBRUIK IN DIE ONDERSOEK

1. ACKERMANN, Petro. 1985. Kamma-kamma eindstryd. Pretoria: Daan Retief. 110p.

2. ACKERMANN, Petro. 1987. Kruipslag. Pretoria: Daan Retief. 99p.

3. ACKERMANN, Petro. 1987. Rekords is vir wenners. Pretoria: Daan Retief. 90p.

4. ALEXANDER, Johan. 1987. Een uit tien. Pretoria: Juventus. 112p.

5. BADENHORST, C.S. 1985. Eerste afspraak. Pretoria: Van der Walt. 107p.

6. BADENHORST, C.S. 1986. Lewenslange gevangene. Johannesburg: Perskor. 124p.

7. BAKER, Eleanor. 1991. Daar is spore op die maan. Pretoria: HAUM-Literêr. 87p.

8. BAKKES, Margaret. 1986. My ouma in kaneel. Kaapstad: Human & Rousseau. 94p.

9. BARNARD, Chris. 1987. Voetpad na Vergelegen. Kaapstad: Tafelberg. 170p.

10. BARRIE, Stella. 1985. Die sterre voorspel. Pretoria: Juventus. 125p. (Carina Cloete - joernalis)

11. BEKKER, Johann. 1985. Die aand van Johnnie X. Johannesburg: Perskor. 105p.

12. BEUKES, Dricky. 1988. Kamberg se kinders. Pretoria: Van der Walt. 126p.

13. BIERMAN, Ettie. 1987. Bienkie en die boeing. Pretoria: Van der Walt. 94p.

14. BIERMAN, Ettie. 1987. Bienkie en die buurseun. Pretoria: Van der Walt. 95p.

15. BIERMAN, Ettie. 1988. Bienkie en die boemelaar. Pretoria: Van der Walt. 99p.

16. BLIGNAUT, Toek. 1985. Die waterverkoper. Kaapstad: Tafelberg. 92p.

17. BRITS, Jac, J. 1987. Die ligblou kano. Kaapstad: Human & Rousseau. 70p.

18. BRITS, Jac, J. 1988. Die inbraak. Kaapstad: Human & Rousseau. 78p.

19. BROWN, Tinus. 1988. Die Valke slaan toe. Pretoria: De Jager-HAUM. 99p.

20. CALITZ-BEKKER, Jaap. 1988. Die vloek van die Koka-god. Pretoria: Daan Retief. 106p.

21. COETZEE, Baffie. 1987. Kinders van die Imperaniberg. Pretoria: Daan Retief. 108p.

22. COETZEE, Jana. 1991. Twee eilande. Pretoria. Van der Walt. 90p.

23. COETZEE, Japie. 1989. Die vlugteling André de la Fontaine. Kaapstad: Tafelberg. 116p.

24. COETZEE, John. 1986. Die ysterpad see toe. Kaapstad: Tafelberg. 105p.

25. COETZEE, John.1989. Trekspoor in die wildernis. Kaapstad: Tafelberg. 94p.

26. COMBRINCK, Jan. 1988. Meneer Ghong en Napoleon. Pretoria: Van der Walt. 139p.

27. COMBRINCK, Jan. 1989. Kierang en kroon. Pretoria: Folio. 84p.

28. COMBRINCK, Jan. 1991. As my kitaar kon praat. Pretoria: Van der Walt. 111p.

29. CONRADIE, Franz. 1990. Die weeskinders. s.l.: Afrikander Volkswag. 151p.

30. CORNELIUS, Andries. 1987. Die vloek van Lamondo. Pretoria: Van der Walt. 118p.

31. DE BEER, Charlotte. 1989. Meraai van Rolbos. Pretoria: Van der Walt. 208p.

32. DE JONGH, Marietjie. 1991. Braam en die engel. Kaapstad: Tafelberg. 177p.

33. DE VILLIERS, Frieda. 1991. Vissers, moenie in die water mors nie. Durbanville: Klipbok. 79p.

34. DE WIT, Andries. 1989. Operasie Bom. Kaapstad: Tafelberg. 97p.

35. DU PLESSIS, Anita, C. 1991. 'n Oog vir 'n pop. Johannesburg: Perskor. 89p.

36. DU PLESSIS, Corné. 1986. Meerkat 500. Kaapstad: Tafelberg. 99p.

37. DU PLESSIS, Hans. 1991. disse flippen stukkende wêreld dié, my ou. Pretoria: HAUM-Literêr. 119p.

38. DU TOIT, Bep. 1985?. 'n Lang pad huis toe. Pretoria: HAUM-Literêr. 134p.

39. ELOFF, Casper, Z. 1987. Die duiwel se oë. Pretoria: Folio. 101p.

40. ENGELBRECHT, Theunis. 1985. Kinders van die kierangsee. Pretoria: Daan Retief. 72p.

41. FOUCHÉ, Riekie. 1987. Grys lappies op 'n geel kombers. Pretoria: Van der Walt. 91p.

42. GOUWS, Etheresia. 1986. Karel se keuse. Pretoria: Van der Walt. 84p.

43. GREYLING, Franci. 1986. Helena in die tyd van die tente. Kaapstad: Tafelberg. 78p.

44. GREYLING, Franci. 1991. Om te wag op 'n duif. Kaapstad: Tafelberg. 92p.

45. GREYLING, Franci. 1991. Kransduif en edelvalk. Pretoria: Van der Walt. 86p.

46. HEINE, Mike. 1986. Kinders van Orion. Johannesburg: Perskor. 175p.

47. HOUGH, Barrie. 1986. My kat word herfs. Kaapstad: Tafelberg. 70p.

48. HOUGH, Barrie. 1990. Droomwa. Kaapstad: Tafelberg. 80p.

49. HUMAN, Erna. 1990. Janet en die gelukbringer. Pretoria: De Jager-HAUM. 100p.

50. IMMELMAN, Doc. 1985. Die soektog. Pretoria: De Jager-HAUM. 124p.

51. JACOBS, Petri. 1991. As alles anders was. Pretoria: Van der Walt. 119p.

52. JONKER, Anna & HONEYMAN, Keith. 1985. Somer van die stormvoël. Pretoria: HAUM. 123p.

53. JOOSTE, Jo. 1991. Optelgoed is hougoed. Pretoria: Van der Walt. 96p.

54. JOUBERT, Junita. 1987. Die brose dans. Pretoria: Daan Retief. 107p.

55. KARSTEN, Chris. 1985. Floris sapiens: 'n fantasie. Kaapstad: Tafelberg. 82p.

56. KOCK, Johan. 1985. Die besetting van Laerskool Maroela. Pretoria: De Jager-HAUM. 110p.

57. KOCK, Johan. 1989. Die krisis by Maroela. Pretoria: De Jager-HAUM. 84p.

58. KRUGER, Cornelia. 1987. Hy lag oor die vrees. Johannesburg: Perskor. 111p.

59. KRÜGER, Louis. 1985. Donkerboskind. Kaapstad: Tafelberg. 73p.

60. KRÜGER, Louis. 1989. Son op die water: 'n elegie. Kaapstad: Tafelberg. 129p.

61. LAMPRECHT, I.D. 1985. Ghoen keer terug. Pretoria: Juventus. 138p.

62. LAMPRECHT, I.D. 1985. Die gyselaars. Pretoria: HAUM. 119p.

63. LE ROUX, Marlene. 1989. Die koms van die fluitspeler. Pretoria: Van der Walt. 136p.

64. LE ROUX, Marlene. 1991. 'n Uil op die voëlhok. Pretoria: Van der Walt. 183p.

65. LE ROUX, Marlene. 1991. Die prys van 'n witkruis. Kaapstad: Tafelberg. 115p.

66. LE ROUX, Marzanne. 1986. Langebaan-Parys retoer. Kaapstad: Tafelberg. 80p.

67. LINDEMAN, Ben. 1986. Piet Kokkewiet, Kokkewiet. Kaapstad: Tafelberg.104p.

68. MAARTENS, Maretha. 1985. Die sakmense. Kaapstad: Tafelberg. 99p.

69. MAARTENS, Maretha. 1985. Gezina en die bruin wind. Pretoria: HAUM-Literêr. 165p.

70. MAARTENS, Maretha. 1987. Die inkvoël. Kaapstad: Tafelberg. 89p.

71. MAARTENS, Maretha. 1988. Oor die nek van die draak. Kaapstad: Tafelberg. 110p.

72. MAARTENS, Maretha. 1989. Filippa se planeet. Pretoria: Van der Walt. 88p.

73. MAARTENS, Maretha. 1989. Is Gideon dan 'n swartskaap? Pretoria: Daan Retief. 77p.

74. MAARTENS, Maretha. 1989. 'n Pot vol winter. Pretoria: HAUM-Literêr. 89p.

75. MAARTENS, Maretha. 1990. Plek van dolfyne. Kaapstad: Tafelberg. 98p.

76. MAARTENS, Maretha. 1991. Die keerpunt. Vereeniging: CUM. 93p.

77. MAARTENS, Maretha. 1991. In die hemel eet mens mieliepap. Johannesburg: Perskor. 83p.

78. MARAIS, Pets. 1989. Op die wind se rug. Pretoria: Juventus. 85p.

79. MARITZ, Empie. 1988. Gesoek: dinosourus van die Drakensberg. Pretoria: Juventus. 98p.

80. MARITZ, Empie. 1990. Eiland in die wind. Kaapstad: Tafelberg. 130p.

81. MARTIN, Wille. 1985. Noem my Zol. Pretoria: HAUM-Literêr. 126p.

82. MARX, Chris L. 1988. Seisoene in die wind. Johannesburg: Perskor. 172p.

83. McCALLAGHAN, Marilee. 1990. Die voëlhok. Pretoria: Van der Walt. 116p.

84. MULLER, Christof. 1986. Die hangende berg. Kaapstad: Tafelberg. 132p.

85. NEETHLING, Kobus. 1986. Die deelnemers. Kaapstad: Tafelberg. 73p.

86. NEL, Hesma. 1988. Kierriebeen kry koers. Pretoria: Juventus. 102p.

87. NEL, Hesma. 1990. Dwarstrek oor die drake. Kaapstad: Tafelberg. 112p.

88. NEL, Hesma. 1991. Wenroep van 'n kraanvoël. Pretoria: Van der Walt. 112p.

89. NORTJE, P.H. 1989. In klip en gruis. Kaapstad: Tafelberg. 160p.

90. PFAFF, D.N. 1991. Duine van die dood. Kaapstad: Tafelberg. 101p.

91. PIETERSE, Emily. 1985. Die spookboot by Omdraai Verby. Pretoria: De Jager-HAUM. 97p.

92. PIETERSE, Emily. 1986. Die geheim van die leë huis. Pretoria: Daan Retief. 85p.

93. PIETERSE, Emily. 1986. Geheim van die kleipot. Pretoria: Daan Retief. 88p.

94. PIETERSE, Emily. 1989. Waar die leeus brul. Pretoria: Daan Retief. 75p.

95. PIETERSE, Pieter. 198?. Dag van die reuse. Pretoria: HAUM-Literêr. 88p.

96. PIETERSE, Rian. 1985. Die koningin van Skeba se tydmasjien. Pretoria: Daan Retief. 90p.

97. POTGIETER, Lea-Lynn. 1986. Probleme op Grensplaas. Pretoria: Daan Retief. 101p.

98. POTGIETER, Lea-Lynn. 1987. Vasbyt, Elmie! Pretoria: Daan Retief. 111p.

99. PRETORIUS, André. 1990. Pik van die pofadder. Johannesburg: Perskor. 79p.

100. PRETORIUS, Louis L. 1989. Skutter Lukas Nel. Johannesburg: Perskor. 84p.

101. PRINSLOO, Petri. 1986. Die nag van die nonnetjie-uil. Pretoria: Juventus. 186p.

102. PRINSLOO, Tom. 1988. Die avonture van die Ridders. Pretoria: Daan Retief. 63p.

103. ROBBERTSE, Willie, en andere. 1988. Rondomtalie en ander jeugverhale. Pretoria: Van der Walt. 167p.

104. ROOS, Karlien. 1990. Meisie vir die hoofrol. Pretoria: Unibook. 63p.

105. ROSSOUW, Kowie. 1986. Koba. Kaapstad: Waterkant. 64p.

106. ROSSOUW, Kowie. 1986. Onheil op Eselsrus. Pretoria: HAUM. 86p.

107. ROSSOUW, Kowie. 1986. Op die spoor van blou goud. Pretoria: HAUM. 123p.

108. ROSSOUW, Kowie. 1986. Operasie Blou Disa. Pretoria: Daan Retief. 103p.

109. ROSSOUW, Kowie. 1989. Die pad oor die berg kom huis toe. Kaapstad: Tafelberg. 93p.

110. ROSSOUW, Kowie. 1989. Drie loop saam. Kaapstad: Waterkant. 95p.

111. ROSSOUW, Kowie. 1990. Wie se hart kan dit dan hou? Kaapstad: Tafelberg. 106p.

112. ROUX, Heléne. 1990. Eendag was daar 'n oorlog. Kaapstad: Tafelberg. 125p.

113. RUPERT, Rona. 1987. En wat van my? Kaapstad: Tafelberg. 64p.

114. RUPERT, Rona. 1990. Speel dit weer. Kaapstad: Tafelberg. 69p.

115. SCHNEIDER, Leida. 1988. Ja, wat van Stefano? Pretoria: Daan Retief. 75p.

116. SCHREUDER, Jo-Mari. 1988. Plek vir 'n wenner. Pretoria: Daan Retief. 74p.

117. SCHÜLER, Rena. 1985. Miskien was dit Marnelle. Kaapstad: Human & Rousseau. 84p.

118. SCHÜLER, Rena. 1986. Karoovonds. Pretoria: HAUM. 101p.

119. SMIT, Johan. 1986. Moord op Krombaai. Kaapstad:Waterkant. 95p.

120. SNYMAN, Adriaan. 1986. Die silwer wiel. Kaapstad: Tafelberg. 120p.

121. SNYMAN, Adriaan. 1987. Klipkuil: kroniek van die Diamantveld. Kaapstad: Tafelberg. 157p.

122. SNYMAN, Adriaan. 1987. Nagbrug. Kaapstad: Human & Rousseau. 112p.

123. SNYMAN, Adriaan. 1989. Ons Koba. Kaapstad: Human & Rousseau. 128p.

124. SNYMAN, Adriaan. 1991. Jaar van die sneeuskip. Kaapstad: Tafelberg. 115p.

125. SNYMAN, Annelize. 1986. Ula van die see. Kaapstad: Human & Rousseau. 117p.

126. SNYMAN, Annelize. 1987. Sandedans. Kaapstad: Human & Rousseau. 106p.

127. STEEN, Pieter. 1989. Wotan SQ7. Kaapstad: Tafelberg. 101p.

128. STEENBERG, Elsabe. 1985. Pik = swart. Pretoria: De Jager-HAUM. 64p.

129. STEENBERG, Elsabe. 1986. Slapende honde miaau nie. Kaapstad: Tafelberg. 108p.

130. STEENBERG, Elsabe. 1988. Wêreld in wêreld deur. Pretoria: HAUM-Literêr. 100p.

131. STEENBERG, Elsabe. 1990. Ken jy die weerligvoël? Kaapstad: Tafelberg. 83p.

132. STEYN, Carl. 1990. Middelvoor. Pretoria: Van der Walt. 103p.

133. STEYN, Esta. 1989. Vlindervlug. Kaapstad: Tafelberg. 131p.

134. STRIJDOM-MEIJ, Rensché. 1991. Seun uit die see. Kaapstad: Tafelberg. 102p.

135. SWART, Jonita. 1990. Sirkels wat kan haak. Pretoria: Van der Walt. 112p.

136. SWART, Nel. 1991. Elk vir mekander. Kaapstad: Tafelberg. 117p.

137. VAN BLERK, H.S. 1985. Die edelvalk van Donkerkruin. Pretoria: Juventus. 174p.

138. VAN BLERK, H.S. 1988. Bewaker van die oerbos. Pretoria: Juventus. 99p.

139. VAN DER VYVER, Marieta. 1987. Tien vir 'n vriend. Kaapstad: Tafelberg. 87p.

140. VAN DER VYVER, Marieta. 1991. Eenkantkind. Kaapstad: Tafelberg. 101p.

141. VAN NIEKERK, Betsie. 1991. Die Rooiberg is hol. Kaapstad: Tafelberg. 71p.

142. VAN NIEKERK, Calvyn. 1985. Koning Kalahari. Pretoria: Juventus. 116p.

143. VAN NIEKERK, Calvyn. 1987. Die held van Wagenspoort. Pretoria: Folio. 126p.

144. VAN NIEKERK, Dolf. 1985. Die haasvanger. Kaapstad: Tafelberg. 88p.

145. VAN RENSBURG, Roelf. 1988. Nagboek. Pretoria: Van der Walt. 85p.

146. VAN RENSBURG, Mary-Ann. 1988. Ontdekkings. Kaapstad: Tafelberg. 107p.

147. VAN ROOYEN, Engela. 1989. Joepie maak plek. Kaapstad: Human & Rousseau. 95p.

148. VAN SCHALKWYK, Nickey. 1985. Die kluisenaar van Thaba Luma. Kaapstad: Waterkant. 103p.

149. VAN VLIET, Nina. 1991. Groete van Annelize. Pretoria: Van der Walt. 95p.

150. VAN VUUREN, Annico. 1990. Jong goud. Kaapstad: Tafelberg. 99p.

151. VAN VUUREN, Annico. 1991. 'n Vlermuis vir Kersfees. Pretoria: Van der Walt. 104p.

152. VAN WYK, Nicolene. 1991. Die ander Ventertjie. Pretoria: Van der Walt. 95p.

153. VAN ZYL, Annette. 1989. Medalje vir 'n wenner. Pretoria: Van der Walt. 128p.

154. VENTER, De Waal. 1988. Vyffff. Kaapstad: Tafelberg. 127p.

155. VICTOR, E.B. 1988. Die nag van die wolf. Pretoria: Daan Retief. 123p.

156. VICTOR, E.B. 1991. Die wolfman van Driekoppen. Joahnnesburg: Perskor. 72p. (Wikus en Werner-reeks)

157. VILJOEN, Jan. 1988. Gids in die Andes: 'n verslag van 'n buitengewone ekspedisie. Pretoria: HAUM-De Jager. 95p.

158. VOLSCHENK, Johan. 1985. Rekordtyd - 1:49,2. Kaapstad: Tafelberg. 96p.

159. VOLSCHENK, Johan. 1990. Die steenkoolster. Kaapstad: Tafelberg. 88p.

160. WESSELS, Mariki. 1991. My naam is Igna. Pretoria: Van der Walt. 136p.

## BIBLIOGRAFIE


AHRENDS, I. 1985. Writing for teenagers. *Kaapse bibliotekaris*: 5-9, Mei.

ANON. 198-. Die leesgewoontes van tienderjariges. Stellenbosch: Iskemus. 42p.

BABBITT, N. 1990. The purpose of literature: who cares? *School library journal*, 36(3): 150-152, March.

BOSHOFF, B. 1976. Die adolessent: sy ontwikkeling en ontwikkelingstake. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars. 134p.

BRADBURN, F. 1990. Sex, lies and young readers at risk. *Wilson library bulletin*, 65(2): 34-38, Oct.

BRINK, A.P. 1987. Vertelkunde: 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste. Pretoria: Academia. 174p.

BRUNNER, R. 1979. Ergebnisse der Entwicklungspsychologie und ihre Bedeutung für die Kinder- und Jugendliteratur. (*In* Gorschenek, M. & Rucktäschel, A. *reds*. Kinder- und Jugendliteratur. München: Fink. p.73-97.)

CALDERONE, M.S. 1980. Young people, sexuality and librarians. (*In* Lenz, M. & Mahood, R.M. *samest*. Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. p.173-177.)

CARLSEN, G.R. 1967. Books and the teenage reader: a guide for teachers, librarians and parents. New York: Harper & Row. 218p.

CARLSEN, G.R. 1980. Books and the teenage reader: a guide for teachers, librarians and parents. 2nd revised ed. New York: Harper & Row. 290p.

COETZEE, H. & RETIEF, H.J.M., *reds*. 1990. Kinder- en jeugboeke: referate gelewer tydens die HAUM-Daan Retief simposium oor kinder- en jeugboeke. Pretoria: Universiteit van Pretoria. 139p.

COETZEE, PC. 1977. Lees en lesers. Pretoria: Staatsbiblioteek. 114p.

DASBERG, L. 1981. Het kinderboek als opvoeder: twee eeuwen pedagogische normen en waarden in het historische kinderboek in Nederland. Assen: Van Gorcum. 422p.

DE WIT, J. & VAN DER VEER, G. 1987. Psychologie van die adolescentie. Nijkerk: Intro. 360p.

DONELSON, K.L. & NILSEN, A.P. 1989. Literature for todays young adults. 3rd ed. Glenview, Ill.: Scott Foresman. 620p.

EASTMAN, R.M. 1970. Style: writing as the discovery of outlook. New York: Oxford University Press. 280p.

EDWARDS, M.E. 1973. The rise of teenage reading. (*In* Meade, R.A. & Small, R.C., *reds*. Literature for adolescents: selection and use. Columbus, Ohio: Merril. p.74-79.)

EGOFF, S.A. 1981. Thursday's child: trends and patterns in contemporary children's literature. Chicago: ALA. 323p.

ENGDAHL, S. 1980. Do teenage novels fill a need? (*In* Lenz, M. & Mahood, R.M., *samest.* Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. p.41-48.)

EVANS, R. & PATYK, G. 1973. Why do high school students read? (*In* Meade, R.A. & Small, R.C., *reds.* Literature for adolescents: selection and use. Columbus, Ohio: Merril. p.60-66.)

FAULKENBERRY, J.R., VINCENT, M., JAMES, A., JOHNSON W. 1987. Coital behaviors, attitude and knowledge of students who experience early coitus. *Adolescence*, 22(86): 321-332, Summer.

GERARD, D. 1984. Human sexuality. (*In* Corsini, R., *red.* Encyclopedia of psychology, 2:163-166. New York: John Wiley.)

GEYSER, TM. 1974. Die leesbelangstelling van adolessente in 'n aantal privaatskole in Bloemfontein en Kimberley. Bloemfontein. 260p. (Verhandeling (M.Ed.) - UOVS.)

GHESQUIERE, R. 1982. Het verschijnsel jeugdliteratuur. Acco: Leuven. 196p.

GIEHRL, H.E. 1968. Der junge Leser: Einführung in Grundfragen der Jungleserkunde und der literarischen Erziehung. Donauwörth: Auer. 152p.

GREEN, S. & KRUGER, J.A. 1991. Teenage fiction can help girls with their heterosexual relationships. *Musaion*, 9(1): 86-96, 3.

HANCKEL, F. & CUNNINGHAM, J. 1980. Can young gays find happiness in YA books? (*In* Lenz, M. & Mahood, R.M., *samest.*, Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. p.204-212.)

HARE, E. 1992. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom.

HOLLAND, I. 1975. What is adolescent literature? *Top of the news,* 31(4): 407-414, Jun.

HOUGH, B. 1992. Vierkdans. Kaapstad: Tafelberg. 96p.

HURLOCK, E.B. 1980. Developmental psychology: a life-span approach. 5th ed. New York: McGraw-Hill. 477p.

KAYE, M. 1983. The trappings of morality: didactisism and the young adult novel. (*In* Libretto, E.V., *red.* New directions for young adult services. New York: Bowker. p.73-80.)

LE ROUX, M. 1986. Die trae tienerleser. *Klasgids*, 21(2): 24-34, Apr.

LE ROUX, M. 1990. Die trae tienerleser. (*In* Coetzee, H. & Retief, H.J.M. *reds.* Kinder- en jeugboeke: referate gelewer tydens die HAUM-Daan Retief simposium oor kinder- en jeugboeke. Pretoria: Universiteit van Pretoria. p.105-108.)

LENZ, M. & MAHOOD, R.M., *samest.*, 1980 Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. 516p.

LIBRETTO, E.V., *red.* 1983. New directions for young adult services. New York: Bowker. 225p.

LOHANN, C.A. 1981a. Die tienderjarige, sy leesbehoeftes en -belangstellings. (*In* Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur. Referate gelewer tydens die simposium oor lektuur vir die tienderjarige, Bloemfontein en Kaapstad. Potchefstroom. p.1-16.)

LOHANN, C.A. 1981b. Fiksie vir tieners. *Skoolmediasentrum*, 13(1): 33, Jun.

LOHANN, C.A. 1989. Tieners en boeke. (Lesing gelewer by vergadering van Jong Dames Dinamiek.) s.l. 19p. (Ongepubliseer.)

LUKENBILL, W.B. 1980. Homosexual conflicts and their resolution in five adolescent novels: a psychosocial enquiry. (*In* Lenz, M. & Mahood, R.M., *samest.*, Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. p.212-224.)

MAARTENS, M. 1989. 'n Pot vol winter: on te slaap met 'n leuen. (Voordrag gelewer by Leeskring.) Fochville. (Ongepubliseer.)

MAARTENS, M. 1990. Skryf van boeke vir die jeug. (*In* Coetzee, H. & Retief, H.J.M., *reds.* Kinder- en jeugboeke: referate gelewer tydens die HAUM-Daan Retief simposium oor kinder- en jeugboeke. Pretoria: Universiteit van Pretoria. p.22-27.)

MARAIS, S.A. 1983. Die uitbeelding van die vader: 'n opvoedkundig-leserkundige studie van 'n aantal Afrikaanse jeugboeke. Johannesburg. 147 p. (Verhandeling (M.A). - R.A.U.)

MARSHALL, M.R. 1975. Libraries and literature for teenagers. London: Deutsch. 300p.

McCORMICK, N., FOLCIK, J. & IZZO, A. 1985. Sex-education needs and interests of high school students in a rural New York county. *Adolescence,* 20(79): 581-592, Fall.

McCREARY JUHASZ, A. & SONNENSHEIN-SCHNEIDER, M. 1987. Adolescent sexuality: values, morality and decision making. *Adolescence*, 22(87): 579-590, Fall.

MEADE, R.A. & SMALL, R.C., *reds.* 1973. Literature for adolescents: selection and use. Columbus, Ohio: Merril. 304p.

MELLON, C.A. 1987. Teenagers do read. *School library journal*, 33(6): 27-30, Feb.

MITCHELL, J.J. 1971. Adolescence: some critical issues. Toronto: Holt, Rinehart and Winston. 153p.

MONTEITH, J.L. de K. 1988a. Adolessensie: 'n opvoedingsperspektief. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.9-28.)

MONTEITH, J.L. de K. 1988b. Kognitiewe ontwikkeling.(*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.115-143.)

MONTEITH, J.L. de K. 1988c. Ontwikkeling tot identiteitsekerheid. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.169-195.)

MONTEITH, J.L. de K., POSTMA, F. & SCOTT, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. 239p.

NILSEN, A.P. & DONELSON, K.L. 1985. Literature for today's young adults. 2nd ed. Glenview, Ill.: Scott Foresman. 661p.

OSBORNE, A. 1991. "Just say no" isn't sex education. *School library journal*, 37(4): 39-42, Apr.

PETERS, M. 1990. Sweet hearts and couples: teen romances in the school library. *The school librarian*, 38(3): 92-95, Aug.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1986. Psigologie-woordeboek. 2de uitg. Johannesburg: McGraw-Hill. 484p.

POLLACK, P.D. 1980. Sex in children's fiction: freedom to frighten? (*In* Lenz, M. & Mahood, R.M., *samest.*, Young adult literature: background and criticism. Chicago: ALA. p.198-204.)

POSTMA, F. 1988a. Fisieke ontwikkeling. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.47-66.

POSTMA, F. 1988b. Sosiale ontwikkeling. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.91-114.)

RAY, S. 1977. The development of the teenage novel. (*In* Foster, J.L., *red.* Reluctant to read. London: Ward Lock. p.46-63.)

ROSS, C.S. 1985. Young adult realism: conventions, narrators and readers. *Library quarterly*, 55(2): 174-191, Apr.

SCHERF, W. 1981. Tendense in kinder- en jeuglektuur. *Skoolmediasentrum*, 13(1): 35, Jun.

SCOTT, M. 1988a. Ontwikkeling in opvoedingsperspektief. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.29-46.)

SCOTT, M. 1988b. Sedelike ontwikkeling. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.145-168.)

SMIT, A.S.C. 1986. Openbare biblioteekwerk met jeugdiges: fisiese fasiliteite, personeel, keuring, leesleiding, addisonele akwititeite. (Lesing gelewer in Januarie 1986 as deel van 'n opknappingskursus vir openbare bibliotekarisse by die Somerskool PU vir CHO.) Potchefstroom. 12p.

SNYMAN, L. 1987. Die jeugboek. Pretoria: Qualitas. 217p.

SPINK, J. 1989. Children as readers: a study. London: Bingley. 129p.

STEENBERG, E. 1981. Die uitdaging van jeugboeke vir die skrywer. (*In* Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur. Referate gelewer tydens die simposium oor lektuur vir die tienderjarige, Bloemfontein en Kaapstad. Potchefstroom. p.17-33.)

STEENBERG, E. 1988. Primêre behoeftes van tieners waarin hulle boeke voorsien. *Klasgids*, 23(2): 14-19, Mei.

STEVENS-LONG, J. & COBB, N.J. 1983. Adolescence and early adulthood. Palo Alto, Calif.: Mayfield. 506p.

SUTTON, R. 1990. A conversation with Richard Peck. *School library journal*, 36(6): 36-40, Jun.

SWANEPOEL, M. 1991. Waar ons kinders leer van seks. *Sarie*, 45(5): 80-82, 11 Des.

THOM, D.P. 1990. Adolessensie.(*In* Louw, D.A. Menslike ontwikkeling. 2de uitg. Pretoria: HAUM-tersiêr. p.390-467.)

TÖTEMEYER, A-J. 1989. Toward a common South African cultural vision: juvenile fiction as a vehicle of cultural information. (Lecture delivered on 13 September 1989 at the SAILIS Conference.) Kimberley. 11p. (Ongepubliseer.)

VAN DER MERWE, R. 1990. Ons tieners is erg onskuldig oor seks. *Rooi rose*, 48(20): 32-34, 26 Sept.

VAN DER WESTHUIZEN, B. 1989. Jeugprosa: die ontbrekende skakel. *Klasgids*, 24(2): 3-18, Mei.

VAN DER WESTHUIZEN, G.J. & SCOTT, M. 1988. Emosionele ontwikkeling. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F. & Scott, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academia. p.67-89.)

VAN VAERENBERGH, J. & DEVOS, A. 1983. Homofilie en eerste seksualiteit in de jeugdliteratuur. *Refleks*, 1983(4).

VAN ZYL, I. 1988. Kinderliteratuur of -letterkunde? - 'n grensafbakening. *Klasgids*, 23(2): 3-14, Mei.

VARLEJS, J. 1978. Young adult literature in the seventies: a selection of readings. Methuen, N.J.: Scarecrow. 452p.

WEINER, J.P. & STEIN, R.M., *reds*. 1985. Adolescents, literature and work with youth. New York: Haworth. 137p.

YATES, J. 1984. Controversial teenage fiction. *The school librarian*, 32(2): 206-213, Sept.